



**Wes-Kaapse
Regering**

Maatskaplike Ontwikkeling

Jaarverslag 2015/16

DEPARTEMENT VAN MAATSKAPLIKE ONTWIKKELING

PROVINSIE VAN DIE WES-KAAP

**JAARVERSLAG
2015/2016**

INHOUDSOPGawe

| | |
|---|----|
| INHOUDSOPGawe | 2 |
| DEEL A: ALGEMENE INLIGTING..... | 5 |
| 1. DEPARTEMENT SE ALGEMENE INLIGTING | 5 |
| 2. AKRONIEME | 6 |
| 3. VOORWOORD DEUR DIE MINISTER | 9 |
| 4. VERSLAG VAN DIE REKENPLIGTIGE BEAMPTE | 12 |
| 5. VERKLARING VAN VERANTWOORDELIKHEID EN BEVESTIGING VAN DIE AKKURAATHEID VAN DIE JAARVERSLAG..... | 24 |
| 6. STRATEGIESE OORSIG | 25 |
| 6.1 Visie | 25 |
| 6.2 Missie | 25 |
| 6.3 Waardes | 25 |
| 7. WETGEWENDE EN ANDER MANDATE | 26 |
| 7.1 Konstitutionele mandate | 26 |
| 7.2 Wetgewende mandate..... | 26 |
| 7.3 Kernfunksies van die departement..... | 28 |
| 7.4 Beleidsmandate | 28 |
| 8. ORGANISATORIESE STRUKTUUR..... | 31 |
| DEEL B: PRESTASIE-INLIGTING..... | 34 |
| 1. OUDITEUR-GENERAAL SE VERSLAG: VOORAFBEPALDE DOELWITTE | 34 |
| 2. OORSIG VAN DEPARTEMENTALE PRESTASIE..... | 35 |
| 2.1 Diensleveringsomgewing..... | 35 |
| 2.2 Dienslewingverbeteringsplan..... | 38 |
| 2.3 Organisatoriese omgewing | 42 |
| 2.4 Vername beleidsontwikkelings en veranderings aan wetgewing | 45 |
| 3. STRATEGIESE UITKOMSGEORIËNTERDE DOELSTELLINGS..... | 46 |
| 4. PRESTASIE-INLIGTING PER PROGRAMME..... | 52 |
| 4.1 PROGRAM 1: ADMINISTRASIE | 52 |
| 4.2 PROGRAM 2: MAATSKAPLIKEWELSYNSDIENSTE..... | 56 |
| 4.3 PROGRAM 3: KINDERS EN GESINNE..... | 63 |
| 4.4 PROGRAM 4: HERSTELLENDE DIENSTE | 72 |
| 4.5 PROGRAM 5: ONTWIKKELING EN NAVORSING..... | 80 |
| 5. OORDRAGBETALINGS | 90 |
| 5.1 Oordragbetalings aan openbare entiteite..... | 90 |
| 5.2 Oordragbetalings aan alle organisasies anders dan openbare entiteite | 90 |
| 6. VOORWAARDELIKE TOEKENNINGS..... | 91 |
| 6.1 Voorwaardelike toekennings en geoormerkte fondse betaal..... | 91 |

| | |
|--|------------|
| 6.2 Voorwaardelike toekennings en geoormerkte fondse ontvang | 91 |
| 7. DONATEURSFONDSE..... | 92 |
| 8. KAPITAALINVESTERING..... | 92 |
| 8.1 Kapitaalinvestering, instandhouding en batebestuurplan..... | 92 |
| DEEL C: BESTUURSTOESIG | 96 |
| 1. INLEIDING | 96 |
| 2. RISIKOBESTUUR..... | 96 |
| 3. BEDROG EN KORRUPSIE | 97 |
| 4. MINIMALISERING VAN BOTSING VAN BELANGE | 98 |
| 5. GEDRAGSKODE | 98 |
| 6. GESONDHEID, VEILIGHEID EN OMGEWINGSKWESSIONS | 99 |
| 7. PORTEFEULJEKOMITEES..... | 101 |
| 8. Staande Komitee oor Openbare Rekening (SKOOR)-RESOLUSIES | 105 |
| 9. VORIGE WYSIGINGS AAN OUDITVERSLAE | 107 |
| 10. INTERNEBEHEEREENHEID | 108 |
| 11. INTERNE OUDIT- EN OUDITKOMITEES | 108 |
| 12. VERSLAG VAN DIE OUDITKOMITEE | 110 |
| DEEL D: MENSEHULPBRONBESTUUR | 113 |
| 1. WETGEWING WAT MENSEBESTUUR REGULEER..... | 113 |
| 2. INLEIDING | 115 |
| 3. OORSIGTELIKE STATISTIEK VERWANT AAN MENSEBESTUUR..... | 117 |
| DEEL E: FINANSIELLE INLIGTING | 154 |
| BYLAE A: Oordragbetalings aan alle organisasies anders dan openbare entiteite | |
| 156 | |
| BYLAE B: Kontakbesonderhede | 157 |
| BYLAE C: Sektoraanwysers Nie Aangemeld Deur Die WK DMO | 162 |

DEEL A: ALGEMENE INLIGTING

DEEL A: ALGEMENE INLIGTING

1. DEPARTEMENT SE ALGEMENE INLIGTING

DEPARTEMENT VAN MAATSKAPLIKE ONTWIKKELING

FISIESE ADRES: Koningin Victoria-straat 14
Kaapstad
8001

POSADRES: Privaat Sak X9112
Kaapstad
8000
Suid-Afrika

VIR ADDISIONELE AFSKRIFTE:

TEL: +27-21-483 5121
FAKS: +27-21-483 6824
E-POS: Mishkaah.sallies@westerncape.gov.za

VIR ALGEMENE NAVRAE:

TOLVRYE NR.: 0800 220 250

PR: 189/2016

ISBN: 978-0-621-44643-2

Titel van publikasie: Wes-Kaapse Provinciale Regering Departement van Maatskaplike Ontwikkeling: Jaarverslag 2015/16.

WEBWERF: <http://www.westerncape.gov.za>

2. AKRONIEME

| AKRONIEM | VERKLARING |
|----------|---|
| BGV | Beroeps gesondheid en -veiligheid |
| BSD | Beroeps spesifieke dispensasie |
| DMO | Departement van Maatskaplike Ontwikkeling |
| DPME | Departement van Prestasiemonitering en -Evaluering |
| DSDA | Departement van Staatsdiens en Administrasie |
| DvA | Departement van Arbeid |
| DvdP | Departement van die Premier |
| DvG | Departement van Gesondheid |
| DVO | Diensvlakoordeenskoms |
| DVOW | Departement van Vervoer en Openbare Werke |
| IKT | Inligting- en kommunikasietegnologie |
| JMVS | Kluster vir justisie, misdaadvoorkoming en sekuriteit |
| JPP | Jaarlikse prestasieplan |
| KJSS | Kinder-en-jeugsorgsentrum |
| KJSW | Kinder-en-jeugsorgwerker |
| LUR | Lid van Uitvoerende Raad |
| M&E | Monitering en Evaluering |
| MAM | Bestuur van roerende bates (Moveable Asset Management) |
| MH | Mensehulpbronne |
| MHW | Maatskaplike hulpwerk |
| MNL | Maatskaplike noodleniging |
| MPAT | Instrument om bestuursprestasie te evalueer (Management Performance Assessment Tool) |
| MTSR | Mediumtermyn-strategiese raamwerk |
| MTUR | Mediumtermyn-uitgaweraamwerk |
| NEETS | Jongmense wat nie werk het nie en ook nie onderwys of opleiding deurloop het nie (Not in Employment, Education, and or Trainings) |
| NOP | Nasionale ontwikkelingsplan |
| NSS | Naskoolsorg |
| NT | Nasionale Tesourie |

| AKRONIEM | VERKLARING |
|----------|---|
| OBO | Oordragbetalingooreenkoms |
| OGSA | Ouditeur-Generaal Suid-Afrika |
| ORB | Ondernemingsrisikobestuur |
| OSW | Organisasie Sonder Winsbejag |
| PSD | Provinsiale strategiese doelstellings |
| RBS | Rekenpligte Beamptes se Stelsel |
| RWOPS | Vergoeding vir werk buite die staatsdiens (Remuneration of Work Outside the Public Service) |
| SAPD | Suid-Afrikaanse Polisiediens |
| SASSA | Suid-Afrikaanse Maatskaplike Sekuriteitsagentskap |
| SBD | Senior bestuursdienste |
| SBOV | Staatsbestuuroorsig en –vooruitskouing |
| SBP | Standaardbedryfsprosedure |
| SBP | Slagofferbemagtigingsprogram |
| SKD | Sentrum vir Korporatiewe Dienste |
| SKOOR | Staande Komitee oor Openbare Rekening |
| SMV | Staatsmotorvervoer |
| UOWP | Uitgebreide-openbarewerkeprogram |
| VEPOPAR | Program vir die bemagtiging van slagoffers en register van mishandelde ouer persone (Victim Empowerment Programme and Older Persons Abuse Register) |
| VKB | Voorsieningskanaalbestuur |
| VKO | Vroeëkinderontwikkeling |
| VN | Verenigde Nasies |
| VOIP | 'n Protokol waarvolgens daar per stem oor die Internet gekommunikeer word (Voice Over Internet Protocol) |
| VvW | Vergoeding van werknemers |
| WGW | Werknemergesondheid en -welstand |
| WK | Wes-Kaap |
| WKK | Wees- en kwesbare kinders |
| WKOD | Wes-Kaapse Departement van Onderwys |
| WKR | Wes-Kaapse Regering |

| AKRONIEM | VERKLARING |
|----------|---|
| MOD | Massadeelname, geleenthede en toegang (Mass participation, Opportunity and access; Development and growth centre programme) |

3. VOORWOORD DEUR DIE MINISTER



Adv. Albert Fritz
Provinciale Minister: Maatskaplike Ontwikkeling

As Wes-Kaapse Minister vir Maatskaplike Ontwikkeling is dit 'n voorreg om steeds vir die duur van hierdie ampstermyne die departement te lei. Ter ere van ons volgehoue fokus op die uitbreiding van ons dienste en op verbeterde dienslewering het ons daarna gestreef om ons konstitusionele, wetgewende en verkose mandaat sowel as die oogmerke van die nasionale ontwikkelingsplan (NOD) doeltreffend en doelmatig gestand te doen.

Die Departement van Maatskaplike Ontwikkeling (DMO) het oor die afgelope ses jaar 'n volgehoue tydperk van stabiliteit en vooruitgang geniet. Dit het geweldige newevoordele tot gevolg gehad. Die vernaamste van hierdie voordele is waarskynlik die konsekwentheid wat ons personeellede en afleveringsvennote voortaan as 'n riglyn vir dienslewering sal kan aanvaar. Hierdie stabiliteit het veral daartoe bygedra dat die departement sekere prioriteite vir dienslewering aan kinders kon bepaal, veral in soverre die gehalte van kinderbeskermingsdienste aanbetref, en om vordering met die lewering van verbeterde dienste en geleenthede aan jongmense te maak.

Hieruit kan afgelei word dat my Departement gedurende hierdie ampstermyne steeds onwrikbaar deur die nuwe Provinciale Strategiese Doelstellings (PSD's) en ons wetgewende mandaat en prioriteite begelei word. Die PSD's het die Departement op 'n heel gepaste wyse in staat gestel om sy onderskeie wetgewende en beleidsmandate te verenig en om hulle in 'n samehangende en gefokusde dienslewingsprioriteite saam te bind wat mense se lewens kan verander. Die Departement word in die besonder begelei deur PSD2: Om onderwysuitkomste en geleenthede vir jeugontwikkeling te verbeter, en PSD3: Om welstand en veiligheid te verhoog en maatskaplike eeuwels te verminder.

Hierdie jaarverslag stel die aanvanklike stappe bekend wat deur die Departement geneem is met die oog daarop om PSD's te herbelyn deur ag te slaan op die jongste navorsingsdata oor die sosio-ekonomiese behoeftes en uitdagings in hierdie provinsie. PSD2 vereis van ons om ons dienste op ondersteuning te rig en, waar nodig, jong kinders te beskerm sodat hulle skoalgereed is en in skole kan aanbly om sodoende hul reg tot veilige en toereikende sorg gestand te doen. Dit is allerbelangrik dat ons deurentyd moet weet waar ons met die realisering van ons strategiese doelstellings staan; insgelyks moet ons die publiek die versekerking kan bied dat fondse wat vir hierdie dienste bestem is, maksimale voordele oplewer. In hierdie verband, is ek tevrede met die vordering wat die Departement gemaak het met die inisiëring van norme en standarde by ons onderskeie instansies, waaronder Kinder-en-

Jeugsorgsentrums (KJSS'e) en skuilings, om maar 'n paar te noem. Hierbenewens, en ter versterking van ons interne oorsig, is ons hersiening van die standaard van diens wat op vernaam diensleweringsterreine, soos kinderbeskermingsdienste, gelewer word, nou in plek.

PSD2 noop ons voorts om selfs meer klem te plaas op die ontwikkeling van die jeug nadat hulle skool verlaat het sodat hulle die gaping tussen onderwys en finansiële onafhanklikheid makliker kan oorbrug. Ondermeer verg dit van ons:

- Om opvoedkundige aspekte rondom vroeëkinderontwikkeling (VKO) te versterk, veral ten opsigte van Engels as onderrigtaal, en dan in die besonder in gemeenskappe waar skoolgereedheid te kort skiet;
- Om toegang tot meer vaardigheidsontwikkeling- en ekonomiese geleenthede te faciliteer vir jongmense wat hul skoolopleiding voltooi het; en
- Om te verseker dat skole toegang het tot maatskaplike werkdienste sodat kinders wat risikogedrag openbaar, of deur trauma geaffekteer word, bygestaan kan word.

My vasberadenheid om geleenthede vir kinders en die jeug te verhoog, bly onwrikbaar. Die provinsiale VKO-strategie en provinsiale jeugontwikkelingstrategie het reeds begin om merkbaar tot gehalteprogramme vir die jeug by te dra. Hierdie programme het 'n betekenisvolle impak op die jeug se lewens, veral in soverre hulle help om werkloosheid onder die jeug te verlaag. Sommige vernaam prestasies in hierdie verband wat vermelding verdien, is die Toekennings vir Uitnemende Jongmense, die inisiëring van die vaardigheidsoordragprogram vir jongmense en die ontplooiing van George se Jeugkafee. Daar was kragtige inisiatiewe wat daarop afgestem was om jongmense te help om ekonomies selfonderhoudend, onafhanklik en gesond te wees; positiewe gesin-, persoonlike en sosiale verhoudinge te handhaaf; en 'n aktiewe bydrae tot die gemeenskap te lever.

Ter navolging van die tema om kontinuïteit en stabiele doelstellings te handhaaf, noodsak PSD3 ons steeds om psigososiale ondersteuningsdienste te bied ten einde die skade verwant aan maatskaplike euwels in die provinsie te verlaag. Sodanige ondersteuningsdienste sluit in:

- Behandeling en verwante intervensies vir middelmisbruik;
- Intervensies om kinders teen mishandeling en verwaarlozing te beskerm;
- Versorging en ondersteuning van slagoffers van gesinsgeweld; en
- Ondersteuning aan gesinne en ouers wat in gevaar verkeer.

Die spesifieke dienste wat deur hierdie Departement gelewer word (elk met sy eie stel standaarde en praktyke), het tot die groter prentjie bygedra waarin hierdie Departement saam met ander departemente, daarvan gewerk het om ons vernaamste provinsiale uitkomste aan te dryf, met inbegrip van:

1. Kinders wat gesond is en al hoe beter onderrig word;
2. Jongmense wat positief en betrokke is;
3. Gesinne wat veerkrachtig is;
4. Gemeenskappe wat energiek en veerkrachtig is; en
5. 'n Werksmag wat gesond en produktief is.

Ons het hierdie nuwe PSD-mandaat binne 'n toenemend beperkte ekonomiese omgewing uitgevoer, en deel van die taak wat voorlê, behels om organisatoriese ontwikkeling deurentyd te verbeter. Met hierdie doel voor oë, het ons ons bestuurstelsels en interne beheermaatreëls strategies gekonsolideer en versterk. Vir hierdie Departement was dit 'n prioriteit in die 2015/16-boekjaar, veral wat verskering van die akkuraatheid en bruikbaarheid van die Departement se prestasie-inligting aanbetrif. Om akkurate prestasiedata vanaf meer as 2 000 gekontrakteerde Organisasie Sonder Winsbejag (OSW's), 38 plaaslike diensleweringskantore en 'n reeks departementeelbestuurde residensiële fasiliteite vir kinders en volwassenes te bekom, bly steeds 'n groot uitdaging.

Ons pogings in hierdie verband het die armes en kwesbare gemeenskappe van die Wes-Kaap tot voordeel gestrek. Sodoende maak ons seker dat hierdie mense dienste van gehalte ontvang en dat diegene wat vir die lewering van daardie dienste verantwoordelik is, aanspreeklik gehou word vir die verklaarde resultate van hul werk.

Die Departement sal aanhou om vir die duur van hierdie regeringstermyne die mense van die Wes-Kaap van diens te wees. Ons visie om 'n selfonderhoudende gemeenskap te skep en maatskaplike uitdagings doeltreffend die hoof te bied, bly 'n oorweldigende taak, veral binne die konteks van 'n snelgroeiente provinsiale bevolking en 'n krimpende nasionale fiskus. Ek glo dat hierdie jaarverslag ons respons tot hierdie uitdaging op 'n duidelike en gefokusde manier illustreer, en wanneer dit saam met vorige jaarverslae gelees word, sal demonstreer dat ons progressief beter resultate ten opsigte van bestuurtoesig en dienslewering behaal.



PROVINSIALE MINISTER VAN MAATSKAPLIKE ONTWIKKELING
Adv. A Fritz
31 Augustus 2016

4. VERSLAG VAN DIE REKENPLIGTIGE BEAMPTE

Dr. Robert Macdonald
Rekenpligtige Beampte: Maatskaplike Ontwikkeling



Oorsig van die Departement se bedrywe

Gedurende die oorsigjaar is die Departement se werk deur ons statutêre mandate begelei en in ooreenstemming met die Provinciale Strategiese Plan gebring. Ondanks voortslepende uitdagings te danke aan 'n beperkte finansiële basis, snelgroeiente provinsiale populasie en toenemende vraag na maatskaplike dienste, het die Departement daarop bly fokus om die gehalte van dienslewering te verbeter. 'n Belangrike element in hierdie verband was die herprioritisering van oordragfondse wat die Departement in staat gestel het om die subsidie vir die salarisste van maatskaplike werkers, maatskaplikewerktoesighouers en maatskaplikewerkbestuurders in die OSW-sektor te verhoog ten einde verhoogde volhoubaarheid sowel as verbeterde pariteit vir en retensie van maatskaplike werkers in die OSW-sektor en, op die lange duur, opgeskerpte dienslewering te bevorder. Intern het die Departement 'n proses geïnisieer om sy streek- en diensleweringskantore te herorganiseer sowel as om oplossings te vind vir die administratiewe las waaronder maatskaplikewerktoesighouers gebuk gaan sodat hulle hul mentor- en toesighouerfunksies optimaal kan implementeer. Hierdie proses sal in die nuwe boekjaar afgehandel word.

Van besondere belang vir Maatskaplike Ontwikkeling was PSD 2: om onderwysuitkomste en geleenthede vir jeugontwikkeling te verbeter, en PSD 3: om welstand en veiligheid te verhoog en maatskaplike eeuwels te verminder. Kindersorg-en-beskermingsdienste het die grootste deel van die Departement se werk uitgemaak, wat ooreenstem met sy spesifieke rol om die regering se verpligting ingevolge artikel 28 van die Grondwet na te kom in soverre dit die beskerming van kinders se regte aanbetrif. Die Departement het 'n aansienlike porsie van sy begroting aan dienste vir kinders bestee, met inbegrip van VKO, en aan die nakoming van sy statutêre verpligte ooreenkomstig die Kinderwet – in besonder die plasing en monitering van kinders in pleegsorg, tydelike beveiligde sorg en KJSS sowel as die akkommodasie van verhoorafwagende jeugdiges ooreenkomstig die Wet op Kindergeregtigheid. Vir die duur van die strategiese plan wat in 2015/16 'n aanvang neem, sal die departement se enkel grootste doelwit wees om hierdie dienste, soos vereis deur die Kinderwet, op standaard te bring en om hulle tesame met ander provinsiale departemente, munisipaliteite, OSW's en privaatsektorvennote te koördineer. Behaling van hierdie doelstelling sal tot die verwesenliking van PSD2 en PSD3 bydra.

Ter ondersteuning van PSD2 het die voorsiening van VKO gedurende 2015/16 gefokus op die behoefté om die gehalte van onderwys te verbeter deur veilige omgewings en voeding sowel as stimulasie en blootstelling aan taalontwikkeling te voorsien voordat kinders by laerskole, ooreenkomstig die nasionale kurrikulum vir kinders in die ouderdomsgroep 0 – 4 jaar, inskryf. Die Departement het die insluiting van 'n VKO-opleidingsprogram op die nuwe raamwerk vir die nasionale kurrikulum geïnisieer wat in vennootskap met die Wes-Kaapse Onderwysdepartement (WKOD) aangebied word. Die provinsie se strategie vir VKO is hersien

en prioriteitsprojekte is geïdentifiseer met die oog daarop om op die gehalte van dienste, voeding en spesifieke programme vir kinders tussen 0 en 3 jaar oud te fokus. Hierdie projekte toon almal 'n konstante verbetering in die gehalte van dienste en sal in die komende boekjaar voortgesit word.

Gesprekke met die WKOD en verskeie OSW's het aanleiding gegee tot die inisiëring van weë waarslangs kinders en jeugdiges met gestremdhede verwys kan word wat die doeltreffendheid van dienste aan hierdie kwesbare kinders sal verbeter en sodoende met die voltooiing van hul skoolonderrig sal help deurdat vroeëskoolverlating verhoed word. Dit sal aangevul word deur gepaste psigososiale ondersteuningsprogramme met inbegrip van gesinsversterking, ouerskapopvoeding en kognitiewe gedrag sowel as behandeling teen middelmisbruik waar nodig. Die Departement handhaaf en verleen steeds ondersteuning aan bestaande maatskaplikewelstandinfrastruktuur met die oog daarop om geïntegreerde programme en dienste te lewer wat daarop afgestem is om die regte, welstand en sosio-ekonomiese bemagtiging van mense met gestremdhede en hul gesinne te bevorder.

Die versorging van ouer persone en, in die besonder, die uitbreiding van onafhanklike en ondersteunde inwoningsfasiliteite en verswakte sorg ten einde in die behoeftes van die ouer populasie te voorsien, bly steeds 'n prioriteit vir hierdie Departement. Navorsing met die oog op verbeterde evaluering van dienssentrums is afgehandel en het waardevolle insig gebied vir die ontwikkeling van 'n geïntegreerde gemeenskapsgebaseerde versorgingsmodel vir ouer mense. 'n Uitdaging waarvoor beide residensiële fasiliteite vir ouer persone en persone met gestremde gedurende die oorsigjaar te staan gekom het, het aan die lig gekom toe dit blyk dat een van die redes waarom hul individuele OSW-teikens nie behaal is nie, toe te skryf was aan hul onvermoë om beddens te vul omdat departementele subsidietoewysings nie in die huidige ekonomiese klimaat met inflasie tred gehou het nie en omdat hierdie residensiële fasiliteite om daardie rede nie hul bedryfsuitgawes kon bekostig nie.

'n Gesamentlike poging is deur die DMO en Suid-Afrikaanse Maatskaplike Sekuriteitsagentskap (SASSA) Wes-Kaap aangewend om verhoudinge met landelike distrikte en munisipaliteite te verbeter in soverre maatskaplike noodleniging (MNL) aanbref en het positiewe resultate opgelewer. Nadat Nasionale Rampbestuur die munisipaliteite Oudtshoorn, Prins Albert en Witzenberg tot gebiede verklaar het waar watertekorte rampafnemings aanneem, het die DMO via sy befondsde OSW's 29 400 verseë尔de bottels water voorsien ten einde die nood te verlig van daardie huishoudings wat deur die droogte geraak word. Die DMO verskaf steeds voedsame kos aan behoeftige huishoudings oral in die provinsie, met insluiting van kinders wat aan naskoolse programme by MOD-sentrums deelneem.

Te danke aan die DMO se prestasie ten opsigte van die skep van korttermyn- UOWP-verwante werkgeleenthede, het die Departement 'n verdere aansporingstoekenning vanaf die Nasionale Departement van Openbare Werke ontvang. In hierdie verband is meer werkgeleenthede geskep deur die nasionale aansporingstoekenning en die DMO se eie bydrae te kombineer. Intervensies in die jeugontwikkelingsprogram het die befondsing van 25 OSW's wat vaardigheidsopleidingsdienste bied, ingesluit sowel as om aansporings via die Ministeriële Toekenning vir Jeugprogramme aan verskeie organisasies as erkenning vir hul bydrae tot jeugontwikkelingswerk te bied. Vyf jeugkafees ('n verdere twee is in 2015/16 in Nyanga en Oudtshoorn daargestel bykomend tot daardie wat reeds in Rocklands, Vangate Mall en George bestaan) is operasioneel en bied opleiding in lewensvaardighede, mentorskappe, afrigting, leierskap, ondernemerskap, arbeidsgereedheid en ondersteuning aan NEETS – dit wil sê daardie jongmense wat nie werk het nie een ook nie deel van die onderrig- en/of opleidingstelsel is nie.

Vier (4) provinsiale afwentelingsprogramme is geakkrediteer – 'n eerste op beide nasionale en provinsiale vlak. 'n Hersiening van die beleidsraamwerk vir afwentelingsakkreditasie het 'n aanvang geneem, onderwyl 'n stelsel geïmplementeer is om alle kinders wat met die gereg

gebots het en in aanhouding is, na te speur en te moniteer wat dit vir die Departement moontlik gemaak het om sistemiese en prosessuele openthoudte te identifiseer en uit die weg te ruim. Strafhowe is van meer opsies voorsien waarvolgens strafsoke verwant aan minderjarige oortreders bespoedig kan word en bied nou aan minderjarige oortreders die geleentheid om hul skuld aan die gemeenskap te betaal. Insgeelyks help dit om die hofrol op koers te kry sodat howe op ernstiger oortredings kan fokus.

Navorsing oor middelmisbruikintervensies vir jeugdiges is uitgebrei met die bekendstelling van dwelmbehandelingsprogramme by die Departement se Beveiligde KJSS. Gemeenskapsgebaseerde behandelingsdienste is ook uitgebrei deurdat meer kapasiteit geskep is via die Departement se opioëdvervangingsprogram in Mitchells Plain en die uitbreiding van gemeenskapsgebaseerde behandelingsprogramme na Atlantis, Beaufort-Wes en Ceres. Skoolgebaseerde dwelmbehandelingsprogramme is uitgebrei na skole in Kuilsrivier, Eersterivier, Steenberg, Lavender Hill, Houtbaai en Elsiesrivier.

Ten opsigte van die Slagofferbemagtigings Program is die model wat by die Khuseleka-Eenstop-sentrum gevvolg word, ook op 26 Augustus 2015 by die Saartjie Baartman-sentrum ontplooï. Dit het gekulmineer in die ontwikkeling van 'n verwysingsprotokol vir die kluster Justisie, Misdaadvoorkoming en Sekuriteit (JMVS), die Maatskaplikekluster en tersaaklike OSW's met die oog daarop om te verseker dat dienste vir slagoffers gekoördineer word. Terapeutiese en psigososiale slagofferondersteuningsdienste is na slagoffers van bendegeweld uitgebrei. Skuilingruimte vir manlike slagoffers van geweld en misdaad is van stapel gestuur om as 'n basislyn te dien vir die behoefte aan manlike skuilings in Kaapstad. Die Departement het die eerste skuiling wat spesifiek vir volwasse slagoffers van mensehandel en hul kinders bedoel is in Suid-Afrika van stapel gestuur. Hierbenewens is 'n nuwe skuiling vir slagoffers van geweld in die laaste kwartaal geopen.

Die Departement het demografiese profiele afgehandel waarin 'n ruimtelike ontleiding van maatskapliedienstvoorsiening ten opsigte van volhoubare bestaansmiddele, gesinsprogramme en VKO-fasiliteite vervat is. Hierdie profiele skets ook ses distrikmunisipaliteite waar intervensieprogramme op regeringsvlak verlang word. Dit is vermag deur bestaande data en verslae te ontleed waarby, onder andere, Sensus 2011, Sensus 2011 se sosio-ekonomiese indeks en Sensus 2011 se jeugindeks ingesluit is. 'n Evaluering van die DMO se "Spatial Viewer"-kapasiteitsbouprogram is afgehandel. Hierdie program is 'n webgebaseerde instrument wat dit moontlik maak om ruimtelikgebonden data te bekyk met die oog daarop om die Departement se strategiese besluitneming te verbeter.

Die Departement het institutionele kapasiteitsbou-opleiding ten opsigte van die volhoubaarheid van OSW's vir interne personeel aangebied. Die opleidingsprogramme wat aangebied is, het onderwerpe gedek soos Goeie Bestuursbeheer vir OSW's, die Wet op OSW's, die Basiese Beginsels van Fondswerwing vir OSW's en Belastingvrystelling. In 'n poging om 'n stabiele netwerk van gekontrakteerde maatskaplike werkdienste te verskaf en om akkuraat hieroor aan die publiek verslag te doen, het die departement 1 179 OSW's gehelp om te registreer, wat daarop neerkom dat hy sy jaarlikse teiken met 579 oorskry het.

'n Provinciale raamwerk vir gehalteversekering is ontwikkel en as 'n beleidsdokument deur die Departement goedgekeur. Hierdie raamwerk sal voortaan deur die Departement gebruik word om omvattende prestasiemonitering uit te voer. Laasgenoemde instrument is in die laaste kwartaal van die 2015/16-boekjaar van stapel gestuur en elke program sal in die 2016/17-boekjaar hierteen getoets word. Tesame sal hierdie intervensies na verwagting 'n positiewe impak op departementeelbefondsde OSW's hê.

Oorsig van die departement se finansiële resultate

Departementele ontvangstes

Tabel A: Departementele ontvangstes

| Departementele Ontvangstes | 2015/16 | | | 2014/15 | | |
|---|------------|--|----------------------|-------------|--|---------------------------|
| | Ramings | Werk- like Bedrag Ge- vorder | (Oor)/Onderbesteding | Ra- ming | Werk- like Bedrag Ge- vorder | (Oor)/Onder- besteding |
| | R'000 | R'000 | R'000 | R'000 | R'000 | R'000 |
| Belastingontvangstes | - | - | - | - | - | - |
| Casino's | - | - | - | - | - | - |
| Belasting op perderenne | - | - | - | - | - | - |
| Dranklisensies | - | - | - | - | - | - |
| Motorvoertuiglisensies | - | - | - | - | - | - |
| Verkoop van goedere en dienste anders as kapitaalbates | 668 | 911 | (243) | 635 | 977 | (342) |
| Oordragte ontvang | - | - | - | - | - | - |
| Boetes, strafboetes en verbeurings | - | - | - | - | - | - |
| Rente, dividende en verhuring van grond | 30 | 91 | (61) | 27 | 42 | (15) |
| Verkoop van kapitaalbates | - | - | - | - | - | - |
| Finansiële transaksies in bates en laste | 217 | 1 182 | (965) | 200 | 787 | (587) |
| Totaal | 915 | 2 184 | (1 269) | 862 | 1 806 | (944) |

Departementele ontvangstes

Eie-inkomste deur die departement voortgebring, beloop 0.1% van die totale begroting. Die Departement se hoofbronne van inkomste is:

- Vordering van skuld wat aan die Departement verskuldig is;
- Slegte skuld wat 'n impak op eie-inkomste gehad het, het R128 duisend beloop en kan toegeskryf word aan oneconomiese verhaling, verjaarde skuld en onvervalle ontberings;
- Kommissie op versekering en die aftrekking van loonbeslagbevele;
- Parkeer- en amptelike akkommodesiegelde soos per die Departement van Vervoer en Openbare Werke (DVOW); en
- Verhaling van onbestede oordragbetalingsfondse soos per vorige boekjare.

Die oorverhaling van inkomste vir die 2015/16-boekjaar beloop R1,269 miljoen en kan hoofsaaklik aan die volgende toegeskryf word:

- Stygging in skuldverhaling;
- Stygging in huurgeld vir wonings en parkering;
- Fondse wat deur staatsmotorvervoer (SMV) ten opsigte van vorige boekjaar se rekeninge terugbetaal is.

Programbesteding

Tabel B: Programbesteding

| Naam van program | 2015/16 | | | 2014/15 | | |
|------------------------------------|------------------------|--------------------------|-----------------------------|------------------------|--------------------------|-----------------------------|
| | Finale Begroting R'000 | Werklike besteding R'000 | (Oor)/Onder-besteding R'000 | Finale Begroting R'000 | Werklike besteding R'000 | (Oor)/Onder-besteding R'000 |
| Administrasie | 174 273 | 174 273 | - | 206 968 | 189 043 | 17 925 |
| Maatskaplike welsynsdienste | 725 708 | 719 877 | 5 831 | 640 190 | 634 864 | 5 326 |
| Kinders en Gesinne | 601 873 | 601 064 | 809 | 551 239 | 550 888 | 351 |
| Herstellende Dienste | 319 202 | 318 985 | 217 | 290 917 | 290 705 | 212 |
| Ontwikkeling en Navorsing | 77 873 | 77 873 | - | 68 354 | 68 342 | 12 |
| Totaal | 1 898 929 | 1 892 072 | 6 857 | 1 757 668 | 1 733 842 | 23 826 |

Program 1:

Die program het 100% van sy begroting van R174,273 miljoen vir die 2015/16-boekjaar bestee.

Program 2:

Die program het 99.2% van sy begroting van R725,708 miljoen vir die 2015/16-boekjaar bestee. Die onderbestede fondse van R5,831 miljoen hou verband met onderbesteding aan Vergoeding van Werknemers (VvW) omdat gesikte kandidate nie via die werwingsproses gevind kon word nie sowel as interne bevorderings en personeel wat die Departement se diens verlaat het.

Program 3:

Die program het 99.9% van sy begroting van R601,873 miljoen vir die 2015/16-boekjaar bestee. Die onderbestede fondse van R809 duisend hou verband met onderbesteding aan VvW omdat gesikte kandidate nie via die werwingsproses gevind kon word nie sowel as interne bevorderings en personeel wat die Departement se diens verlaat het.

Program 4:

Die program het 99.9% van sy begroting van R319,202 miljoen vir die 2015/16-boekjaar bestee. Die onderbestede fondse van R217 duisend hou verband met onderbesteding aan VvW omdat gesikte kandidate nie via die werwingsproses gevind kon word nie sowel as interne bevorderings en personeel wat die Departement se diens verlaat het.

Program 5:

Die program het 100% van sy begroting van R77,873 miljoen vir die 2015/16-boekjaar bestee.

Viremente/oorgedraagde fondse

Viremente is toegepas deur fondse te verskuif vanaf:

- Die onderbesteding aan VvW in subprogram 1.2 en 1.3 is weens besparings aan prestasievergoeding. Die fondse sal benut word om die tekort binne subprogramme 1.1, 4.2 en 4.4 aan te vul sodat poste gevul kan word.
- Die onderbesteding aan Goedere en Dienste in subprogram 1.2 is weens projekte (navorsingsprojekte) wat nie gefinaliseer is nie en sal aangewend word om besteding wat onder subprogram 2.1 per streek aan bedryfsbruikhuurooreenkomste toegewys is sowel as

besteding wat onder subprogram 4.2 toegewys is vir klerasie en uniforms vir personeel by die Departement se plekke van veiligheid goed te maak;

- Die onderbesteding aan VvW in subprogram 2.1 is te danke daarvan dat vakatures weens 'n gebrek aan gesikte kandidate nie gevul kon word nie sowel as aan interne bevorderings. Die fondse sal benut word om die tekort binne subprogramme 2.2, 2.4, 4.3, 4.4, 5.1, 5.4, 5.6 en 5.8 aan te vul sodat poste gevul kan word;
- Die onderbesteding aan VvW in subprogram 3.3 is te danke daarvan dat vakatures nie gevul kon word nie. Die fondse sal gebruik word om die tekort binne die program 3.1 and 3.4 vir VvW aan te vul;
- Die onderbesteding aan VvW in subprogram 5.2 is te danke daarvan dat vakatures nie gevul kon word nie. Die fondse sal gebruik word om die tekort binne die program 5.4 vir VvW aan te vul;
- Die onderbesteding van OSW's in subprogram 5.4 is te danke daarvan dat befondsing van OSW's wat nie hul verpligte nakom nie, opgeskort is. Die fondse sal benut word om die tekort binne subprogramme 2.1, 3.2 en 3.3 aan te vul;
- Die tekort in die volgende subprogramme is aan die volgende redes toe te skryf:
 - ✓ Subprogram 2.1: Bedryfsbruikhuurooreenkomste wat aan streke toegewys is om op 'n maandelikse basis e-mobiliteit- en Private automatiese tak stelsels (POTS) te benut;
 - ✓ Subprogram 3.2: Styging in oordragte na versorging van en dienslewering aan gesinne ten einde stygings in skuilings se eenheidskoste en die uitbreiding van programme te dek;
 - ✓ Subprogram 3.3: Toename in die getal gevalle waar geldte aan "veilige ouers" betaal moes word.

Oorgedraagde fondse

Die Departement het om die hertoewysing van fondse en die behoud van inkomste ten bedrae van R8,126 miljoen aansoek gedoen. Dit sal as volg benut word:

- Om sy verpligte kragtens die Kinderwet na te kom en kindersorg-en-beskermingsdienste te verbeter. Bykomende SMV word benodig vir pleegsorgbestuur, ouerskapintervensies en om kinders weens verwaarloosing of ouermishandeling te beskerm;
- Instandhouding, herstel en upgradering van eie fasilitete wat nie deur DVOW gedek is nie ten einde aan beide die Kinderwet en die Wet op Kindergeregtigheid te voldoen;
- Bykomende dienste vir straatkinders ter nakoming van die nuwe toevoegings tot die Kinderwet wat bepaal dat straatkinders as kinders met 'n behoefte aan sorg en beskerming beskou moet word.
- Jeugontwikkelingintervensies via 'n "innoverende jeug"-program, vaardigheidsoordragprogram en uitreikprogram soos per PSD2-prioriteitsprojekte.
- **Redes vir omgemagtigde, vrugtelose en verkwiestende uitgawes en die bedrae wat betrokke is sowel as stappe wat geneem is om hiervan werk te maak en herhaling te voorkom:**
 - ✓ Vermiste POTS-skakelbord insluitend huur vir Junie tot Oktober 2015 (R73 duisend);
 - ✓ Afvalverwyderingsdiens vir nege maande (R11 duisend). Hierdie aangeleenthede is na Werknemerverhoudinge vir moontlike dissiplinêre stappe verwys en is nog nie afgehandel nie.
- **Departement se toekomstige planne**

Die Departement het nuwe fokusareas onder die volgende drie provinsiale prioriteitsprojekte wat onder PSD 2 en PSD 3 ressorteer, bekendgestel:

- ✓ Die daarstelling van 'n spesiale VKO-program vir taal- en kognitiewe ontwikkeling by 100 persele waar skoolgereedheid swak is;

- ✓ Om geleenthede vir en ondersteuning van persone met gestremdhede deel van die hoofstroom te maak, waarby die konsolidering van dienste vir kinders met erge en volslae intellektuele gestremdhede onder die DMO;
- ✓ Gesinne wat in gevaar verkeer, met spesifieke klem op nakoming van die Kinderwet en sy regulasies;
- ✓ Koördinering van die implementering van die Provinciale Jeugontwikkelingstrategie.

Die fokus van die spesiale VKO-program is om die skoolgereedheid te verbeter van 'n klomp kinders in die ouderdomsgroep 4 tot 5 jaar by 100 persele in die Wes-Kaap waar skoolgereedheid, spesifiek op die terreine van geletterdheid en gesyferdheid, tans power is en om die aanleer van tale te verbeter sodat kinders beter op skool kan vaar. Hierby ingesluit is ondersteuningstelsels vir kinder se ouers sodat hulle dieselfde leer huis kan stimuleer ten einde dit wat by die sentrums/speelgroepe geleer word, te versterk en 'n stelsel om die impak hiervan op skoolgereedheid te moniteer.

Die Departement sal oor die volgende drie jaar aanhou om die regte, welstand en sosio-ekonomiese ontwikkeling van mense met gestremdhede en hul gesinne of versorgers te bevorder ten einde gapings in die gestremdhedesektor uit te wis en reg te stel. 'n Bykomende toewysing van R30 miljoen, wat die eerste keer in 2015/16 beskikbaar gestel is, sal oorgedra en in die buite jare van hierdie vyfjaar-termyn verhoog word. Oor die MTUR is voorsiening gemaak vir verhogings aan beskermende werkswinkels en residensiële versorgingsfasilitete vir mense met gestremdhede, die uitbreiding van dagsorg vir kinders en volwassenes met gestremdhede, spesiale sorgsentrums vir kinders met intellektuele gestremdhede en gespesialiseerde ondersteuningsdienste vir mense met gestremdhede. Om die ondersteuning van die gestremdhedesektor verder te versterk, is 'n provinsiale hulpkantoor vir persone met gestremdhede daargestel en operasioneel; verwysingsweë vir kinders en jeugdiges met gestremdhede om die doeltreffendheid van dienste te verbeter sowel as die residensiële fasilitet wat in Maitland daargestel is en wat 30 persone met 'n tweeledige diagnose en intellektuele gestremdhed kan akkommodeer, sal die implementering van PSD 3 verder tot uitvoer bring. 'n Eerste vir die provinsie was die bekendstelling van 'n elektroniese betaalstrokiestelsel vir gesiggestremde en/of gedeeltelik gesiggestremde werknemers van die provinsiale regering.

Die Departement se vernaamste prioriteit vir die volgende drie jaar ten opsigte van jeugontwikkeling gaan wees om te verseker dat programme binne die Departement wat op die jeug geteiken en gefokus is, met die langtermyn-uitkomste van die PJOS ooreenstem met 'n strategiese fokus op NEETS en om te verseker dat alle OSW's met programme wat op die jeug geteiken is, aan die uitkomste van die PJOS voldoen. Voorts gaan die Departement in samewerking met die Departement van die Premier (DvdP) op 'n dwarsliggende vlak toesig oor die implementering van die PJOS hou ten einde te verseker dat alle Provinciale Departemente met programme wat op die jeug geteiken is, in ooreenstemming met die PJOS gebring word.

MOD-sentrums se voedingsbegroting en -funksie gaan aan die begin van die 2016/17-boekjaar na die Departement van onderwys oorgedra en onder die skoolvoedingskemas, wat deur die Departement van Onderwys bestuur word, gekonsolideer word. Die Gedeeltelike Naskoolsorgfasilitete en -programme wat deur die Departement befonds word, is een van die pilare van die "After-school Game Changer" en het ten doel om meer programme van gehalte aan te bied ter aanvulling van aktiwiteite soos, maar nie beperk nie tot, die voorsiening van maaltye, hulp met huiswerk, ondersteuning van sportaktiwiteite, onderrig in lewensvaardighede en die ondersteuning van voorlichting en berading.

Verdere prioriteit in ooreenstemming met PSD 3 is die verbetering van dienste vir gesinne wat in gevaar verkeer, met 'n besonderse klem op die nakoming van die Kinderwet sowel as die Wet op Kindergeregtigheid, middelmisbruikintervensies, proefdienste en

afwentelingsprogramme, slagofferondersteuning en skuilings vir haweloze volwassenes – veral vroue en kinders – en waarby spesiale akkommodasie vir slagoffers van mensehandel ingesluit is.

Voorts stel die Departement ondersoek in na maniere om doeltreffendheid te verbeter met insluiting van, onder ander, die gebruik van VOIP, 'n verlaging van vliegkoste en 'n ondersoek na alternatiewe diensverskaffers vir vlootbestuur. In 'n poging om die verlaging in die basislyn te absorbeer, het die Departement besluit om slegs noodsaaklike poste te vul. Gedagtg aan die huidige begrotingsbeperkings gaan 'n reeks intervensies ingespan word om meer en beter geleenthede vir jongmense te skep wat op vaardigheidsontwikkeling en koppelings aan werksgeleenthede gaan fokus. Met die verhoogde nasionale aansporingstoekenning vir die UOWP gaan meer korttermyn-werksgeleenthede geskep word wat aangevul sal word deur Departemente programme se bydraes uit eie fondse, en groter samewerking en 'n beter verhouding met die Provinciale Departement van plaaslike regering sal gehandhaaf word ten einde te verseker dat meer mense blootgestel word aan laevaardigheidsposte wat deur die Program vir Gemeenskapswerk (GWP) voorsien word.

- **Openbare-private-vennootskappe**

Geen om te rapporteer nie

- **Gestaakte aktiwiteite**

Oordrag van voedingskemas by MOD-sentrum na Wes-Kaapse Departement van Onderwys (WKOD).

- **Nuwe of voorgestelde aktiwiteite**

Uitbreiding van die ROAR-sentrum ('n sentrum wat kinders in gevaar ontvang, observeer, assesseer en verwys) weens die dringende behoefté aan dienste binne toegewysde hulpbronne.

- **Voorsieningskanaalbestuur (VKB)**

Ongevraagde tenderaanbiedings aangegaan gedurende die oorsigjaar

Die departement het nie enige ongevraagde aanbodooreenkoms gedurende die oorsigjaar aangegaan nie.

VKB-prosesse en -stelsels is in plek om onreëlmataige uitgawes te verhoed.

- Die Rekenpligte Beamptes se Stelsel (RBS) wat voorsieningskanaalbestuur (VKB) reguleer en funksies vir die bestuur van roerende bates (MAM) is in plek. Hierdie beleid het te make met en sit die beleidsaspekte van VKB/MAM uiteen en dit reguleer institusionele en administratiewe handelinge verwant aan VKB op 'n dag-tot-dag-basis;
- Die VKB-delegasies sit die besluitnemingsmagte uiteen wat die prosesse in die RBS tot uitvoer bring;
- Die VKB en MAM se internebeheerraamwerk is hersien en deur die rekenpligtige beampte goedgekeur ten einde interne beheermaatreëls te versterk.

Uitdagings wat in VKB ervaar is en hoe hulle opgelos is

- Lynmonitering was uitdagend weens strukturele beperkings, en VKB was geheel en al afhanglik van eksterne instansies, naamlik Provinciale Tesourie se VKB/MAM-deugsaamheidsiklus-evaluering, interne audit se beoordeling en monitering en evaluering binne die Staatsdienskommissie om hierdie funksie te verrig;

- Met die kom van Voorsieningskanaal Bestuurs Beheer en Aanvraag Bestuur binne VKB is die funksie van lynmonitering geïnstitutionaliseer en lynmoniteringevalueerings is in twee (2) streke uitgevoer. Verdere ontplooiing sal deel uitmaak van 2016/17 se bedryfsplan. Die oogmerk met hierdie evaluerings is om te bepaal tot watter mate die Departement voldoen het aan Nasionale Tesourie (NT) se voorgeskrewe VKB-praktyke vir voorsieningskanaal prestasie en of die Departement h moniteringstelsel vir VKB/MAM in plek het en die verlangde doelwitte behaal het;
- Nienakoming van die RBS ten opsigte van kontrakbestuur en -administrasie soos per die NT Kontrakbestuur Raamwerk en Riglyne: Hierdie uitdaging is opgelos deur die hersiening van die relevante hoofstukke en die ontwikkeling van die SBP's. Nienakoming van die RBS ten opsigte van kontrakbestuur en -administrasie soos per die NT se raamwerk en riglyne vir kontrakbestuur is deur interne audit uitgewys. Hierdie uitdaging is opgelos deur die hersiening van die relevante RBS-hoofstukke en die ontwikkeling van die SBP's.
- Die MAM-beleid en SBP's is hersien in antwoord op die uitdagings verwant aan die terreine van baterekeningkunde en -verslagdoening. Die departement het terreine geïdentifiseer waar die ontwikkeling van batebeleid en SBP's wat die lewensiklus van 'n bate dek, nodig was. In antwoord hierop is hoofstukke van die RBS vir MAM hersien en sluit nou 'n stel omvattende SBP's in wat in die 2016/17-boekjaar geïmplementeer sal word. Voorts is skandering as 'n oplossing vir die verifiëring van bates geïmplementeer.

Tabel C: Geskenke en donasies in natura wat van onverwante partye ontvang is:

| Area in Departement | Aard van die Geskenk (goedere en dienste) | Geskenk deur (maatskappy / persoon) | Verwantskap met Departement | Waarde |
|--|---|---|-----------------------------|----------|
| Gemeenskap- en vennootskapontwikkeling | Toekenningssaad 2 x penne | President se toekenning vir jeugbemagtiging | Geen | R80.00 |
| Sakebeplanning en -strategie | Einde van kontrak Ontbyt en flitsaandrywer | EOH Gary Muller | Verskaffer | R925.00 |
| Sakebeplanning en -strategie | Einde van kontrak Middagete | BCX Ashley Floris | Verskaffer | R920.00 |
| Fasiliteitsbestuur en gehalteemonitering | Geskenkbewys | Durbanville-kinderhuis A van Vuuren | Geen | R300.00 |
| Fasiliteitsbestuur en gehalteemonitering | Sjokolade / toiletware | Bets Maritz | Werker-kliënt-verhoudinge | R180.00 |
| Fasiliteitsbestuur en gehalteemonitering | "Dankie"-kaartjie; notaboek | Cheryl Cunningham | Werker-kliënt-verhoudinge | R40.00 |
| Fasiliteitsbestuur en gehalteemonitering | Dosie sjokolade | Christine Little Scholars Academy | Werker-kliënt-verhoudinge | R30.00 |
| Fasiliteitsbestuur en gehalteemonitering | Middagete | Charmaine Klopper | Werker-kliënt-verhoudinge | R320.00 |
| Fasiliteitsbestuur en gehalteemonitering | Gebreide blokkies | Knit a Square SA Ronda Lowrie | Donateur | R2000.00 |

| Area in Departement | Aard van die Geskenk (goedere en dienste) | Geskenk deur (maatskappy / persoon) | Verwantskap met Departement | Waarde |
|--|--|---|--|---------------|
| Fasilitetsbestuur en gehaltemonitering | "You can live with a can"-projek; blikkies kos | ABSA langtermyn-donateur Belinda Scheepers | Donateur | R4500.00 |
| Ministerie | Johnnie Walker Black | Indiese Konsul | Werksverwant | R325.00 |
| Fasilitetsbestuur en gehaltemonitering | Sjokolademelk; Vaseline | Pastoor Eugene Youth Buddies | Vriende van die jeuggroep | R150.00 |
| Fasilitetsbestuur en gehaltemonitering | Gebreide truie; gebreide musse | O Wilson | Werksverwant | R250.00 |
| Fasilitetsbestuur en gehaltemonitering | Broodrolletjies, oliebolle, koek | Quality Bake Express Donavan | Geen verwantskap | R334.20 |
| Fasilitetsbestuur en gehaltemonitering | Doeke vir volwassenes; gebreide komberse | Jenny Gunston | Lid van Children's Church | R200.00 |
| Fasilitetsbestuur en gehaltemonitering | Gekleurde papier; boeke | Shine Tutoring Carrie Mashek | Vrywillige tutors | R150.00 |
| Fasilitetsbestuur en gehaltemonitering | Skryfbehoefte, toiletware | Fair Cape Volunteers Roxanne | Donasie vir Mandela-dag | R200.00 |
| Fasilitetsbestuur en gehaltemonitering | Klere; skryfbehoefte | Kayla McQueen | "Nearby School"-fasiliteit | R400.00 |
| Fasilitetsbestuur en gehaltemonitering | Lekkers | Mnr. Kadar | Vrywilliger | R100.00 |
| Fasilitetsbestuur en gehaltemonitering | Gebreide truie; gebreide musse | O Wilson | Kerkvrywilligers | R200.00 |
| Fasilitetsbestuur en gehaltemonitering | Lekkers | E Beukes | Vrywilliger vir Youth Buddies | R100.00 |
| Maatskaplike welsyn | Geskenkbewys | Pronto Cleaning Services | Gasspreker by koorfees Dienverskaffer by fasiliteite | R200.00 |
| Maatskaplike welsyn | Losstaande selfoonlaaier | Feedem | Gasspreker by koorfees Dienverskaffer by fasiliteite | R350.00 |
| Voorsieningskanaalbestuur | Skryfbehoefte; kerse | Morar Geïnk. Geoktrooieerde rekenmeesters | Ouditfirma – geen verwantskap | R216.95 |
| Fasilitetsbestuur en gehaltemonitering | Kragbanke; sportsakke met snuisterye | Feedem Pitseng Marnel Coetzee | Diensverskaffer aan fasiliteite | R600.00 |
| Fasilitetsbestuur en gehaltemonitering | Spyseniering vir koorfees | Bosasa-groep Jackie Leyds | Een van die befondsde sentrums | R10 000.00 |
| Fasilitetsbestuur en gehaltemonitering | Geskenkbewyse | Distinctive Choice Security Wallied Brenner | Diensverskaffer aan fasiliteite | R800.00 |

| Area in Departement | Aard van die Geskenk (goedere en dienste) | Geskenk deur (maatskappy / persoon) | Verwantskap met Departement | Waarde |
|---|---|---|-----------------------------|-------------------|
| Finansiële bestuur | Pen, kalender en dagboek | Morar Incorporated (geoktrooieerde rekenmeesters) | Geen | R200.00 |
| Voorsieningskanaalbestuur | Druiwesap; pen | Sihaam Sallie Abrahams Grant Thornton Cape | Konsultant | R150.00 |
| Fasilitetsbestuur en gehalteemonitering | Meubels | Aletta Barlow ABSA | Geen | R25 003.82 |
| Fasilitetsbestuur en gehalteemonitering | Kruideniersware | Pastoor Eugene Price Waterhouse Cooper | Kerkgroepvrywilliger | R350.00 |
| Streekskantoor Metro-Oos | Sjokolade; Kerskaartjie | Damian Michael Inovo-netwerk | Diensverskaffer | R360.00 |
| Fasilitetsbestuur en gehalteemonitering | Bybels | Alba Steenkamp Stellenbosch Outreach Action | Geen | R280.00 |
| Maatskaplike welsyn | Geheuestokkie | Grassroots Educare Trust | Professioneel | R60.00 |
| Fasilitetsbestuur en gehalteemonitering | DVD-speler | Novallis-sentrum | Internasionale vrywilliger | R800.00 |
| Fasilitetsbestuur en gehalteemonitering | Sjokolade | Theresa en Rochelle Mulder | Maatskaplike werker | R315.00 |
| Streekskantoor Metro-Noord | Klerasie; lekkers | Sharon van der Water | Kliënt | R299.96 |
| Streekskantoor Metro-Noord | Ferrero Rocher-sjokolade | Brian Rowden | Kliënt | R60.00 |
| Fasilitetsbestuur en gehalteemonitering | Speelgoed vir inwoners | Pat Eddy | Geen | R200.00 |
| Ministerie | Kaartjies vir Lionel Ritchie se konsert | Rowan Dunne | Sake-onderneming | R2999.00 |
| Gemeenskap- en vennootskapontwikkeling | Kaartjies vir Jazz Festival | A Ntshinga | Geen | R2000.00 |
| Gemeenskap- en vennootskapontwikkeling | Kaartjies vir Jazz Festival | Rae Rohm | Geen | R2000.00 |
| Gemeenskap- en vennootskapontwikkeling | Kaartjies vir Jazz Festival | Khanyi Nrukuna | Geen | R2000.00 |
| Fasilitetsbestuur en gehalteemonitering | Balletjies | Pamela Meselani | Buurvrou | R120.00 |
| TOTAAL | | | | R61 068.93 |

Vrystellings en afwykings deur Nasionale Tesourie (NT) vergun:

- Die versoek aan departemente om opgehoopte bedrae vir 2014/15 in betaalbare rekeninge en opgehoopte bedrae te verdeel, is nie formeel deur NT deurgegee nie.

Gebeure na verslagdatum

- Geen gebeure na die verslagdatum is geïdentifiseer waaroor verdere kommentaar verlang word nie.

Ander

Geen verdere inligting na die verslagdatum is geïdentifiseer waaroor verdere kommentaar verlang word nie.

- **Waardering en gevolgtrekking**

Namens die Departement se senior bestuur wil ek graag my dank betuig teenoor alle personeel, veral diegene wat met die brandpunt van dienslewering gekonfronteer word, vir hul onwrikbare toewyding tot dienslewering aan die publiek. Vergun my ook die geleentheid om my dank te betuig teenoor al ons vennote in die OWS-sektor wat gehalte dienste namens die Departement aan die publiek gelewer het, ondanks 'n belemmerende ekonomiese tydvak waarin ons tegelyk 'n verhoogde vraag na maatskaplike dienste en armoede verligting én 'n afname in staatsbefondsing en die privaatsektor se investering in maatskaplike ontwikkeling beleef het.



Dr. Robert Macdonald
Rekenpligtige Beamppte
Departement van Maatskaplike Ontwikkeling
31 Augustus 2016

5. VERKLARING VAN VERANTWOORDELIKHEID EN BEVESTIGING VAN DIE AKKURAATHEID VAN DIE JAARVERSLAG

Na die beste van my wete en oortuiging bevestig ek die volgende:

Dat alle inligting en bedrae wat in hierdie jaarverslag openbaargemaak word, konsekwent is.

Dat die jaarverslag volledig, akkuraat en vry van enige weglatings is.

Dat die jaarverslag in ooreenstemming met die riglyne vir só 'n verslag, soos deur die NT uitgereik, voorberei is.

Dat die finansiële jaarstate (Deel E) ooreenkomsdig die aangepaste kontantstandaarde en die tersaaklike raamwerke en riglyne, soos deur die NT uitgereik, voorberei is.

Dat die rekenpligtige beamppte verantwoordelik is vir die voorbereiding van die finansiële jaarstate en vir die oordeel wat in hierdie inligting uitgespreek word.

Dat die rekenpligtige beamppte daarvoor verantwoordelik is om 'n stelsel van interne beheer daar te stel en te implementeer, welke stelsel ontwerp moet wees om redelike sekerheid ten opsigte van die integriteit en betroubaarheid van die prestasie-inligting, die mensehulpbroninligting en die finansiële jaarstate te verleen.

Dat die eksterne ouditeure betrek sal word om 'n onafhanklike mening oor die finansiële jaarstate uit te spreek.

Dat hierdie jaarsverslag, na my mening, 'n redelike weerspieëeling van die bedrywighede, die prestasie-inligting, die mensehulpbroninligting en die finansiële aangeleenthede van die departement vir die boekjaar geëindig 31 Maart 2016 is.

Die uwe



Dr. Robert Macdonald

Rekenpligtige Beamppte

31 Augustus 2016

6. STRATEGIESE OORSIG

6.1 Visie

'n Selfstandige samelewing

6.2 Missie

Om die voorsiening van 'n omvattende netwerk van maatskaplike-ontwikkelingsdienste te verseker wat die armes, kwesbare mense en diegene met spesiale behoeftes van geleenthede voorsien en bemagtig.

6.3 Waardes

Die kernwaardes van die Wes-Kaapse Regering (WKR), wat deur die departement onderskryf word, is as volg:



Sorgsaamheid

Om om te gee vir diegene in wie se diens ons is en met wie ons werk



Bevoegdheid

Die vermoë en kapasiteit om die werk te doen waarvoor ons aangestel is



Aanspreeklikheid

Ons aanvaar verantwoordelikheid



Integriteit

Om eerlik te wees en die regte ding te doen



Innovasie

Om oop te wees vir nuwe idees en kreatiewe oplossings te ontwikkel vir probleme op 'n vindingryke wyse



Sensitiwiteit

Om die behoeftes van ons burgers en werknemers te dien

Die DMO is tot die volgende vername diensleweringsbeginsels verbind:

- **Om anders te werk te gaan**

Die departement sal daarna streef om alternatiewe en innoverende werkswyses te verken en te toets ten einde binne die kortste moontlike tyd maksimum resultate te behaal sonder om aan gehalte in te boet.

- **Oorlegpleging en insluiting**

Ons sal deurlopend aandag daaraan skenk om sinvol met ons vennote en belanghebbers in gesprek te tree, soos in die Wet op die Raamwerk vir Interregeringsverhoudinge (Wet 13 van 2005) omskryf.

- **Toeganklikheid**

Toeganklikheid van dienste vir diegene wat dit nodig het, is essensieel. Die departement sal voortgaan om oor die tydperk van die mediumtermyn-uitgaweraamwerk (MTUR), waar nodig, sy struktuur en prosesse te moderniseer.

- **Aanspreeklikheid en deursigtigheid**

Goeie institusionele bestuursbeheer sal verseker word deur die implementering van resultaatgeoriënteerde monitering, evaluering en verslagdoening, gesonde sakeprosesse, beleide en die opskeping van nakoming ten einde aanspreeklikheid en prestasie te verbeter.

7. WETGEWENDE EN ANDER MANDATE

7.1 Konstitusionele mandate

| Wetgewing | Impak op DMO se funksionaliteit |
|---|---|
| Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1996 | Artikel 28(1) van die Grondwet sit kinders se regte ten opsigte van gepaste sorg (basiese voeding, skuiling, gesondheidsorgdienste en maatskaplike dienste) uiteen en bepaal dat die aanhouding van kinders 'n laaste uitweg moet wees. |
| Grondwet van die Wes-Kaap, 1997 (Wet 1 van 1998) | Artikel 78 van die grondwet sit die pligte van die Kinderkommissaris uiteen wie die WKR van hulp moet wees in die bevordering en beskemming van die kinders van die Wes-Kaap en verwys in die besonder na welsynsdienste. |

7.2 Wetgewende mandate

| Wetgewing | Impak op DMO se funksionaliteit |
|---|---|
| Wysigingswet op Proefdienste, 2002 (Wet 35 van 2002) | <ul style="list-style-type: none">● Sy doel is om die Wet op Proefdienste van 1991 te wysig ten einde die volgende omskrywings in te voeg:<ul style="list-style-type: none">○ Om verdere bepalings neer te lê vir programme wat op die voorkoming en bekamping van misdaad gerig is;○ Die magte en pligte van proefbeamptes uit te brei;○ Die pligte van assistentproefbeamptes te bepaal;○ Die verpligte evaluering van gearresteerde kinders te bepaal;○ Die daarstelling van 'n proefdiensadvieskomitee te bepaal;○ Die aanwysing van familie-opspoorders te bepaal en om bepalings neer te lê vir aangeleenthede wat daar mee verband hou. |

| Wetgewing | Impak op DMO se funksionaliteit |
|--|--|
| Wet op Organisasies sonder Winsoogmerk, 1997 (Wet 71 van 1997) | <ul style="list-style-type: none"> ● Die doel van hierdie wet is om OSW's te ondersteun deur 'n administratiewe en regulatoriese raamwerk daar te stel waarbinne OSW's hul sake kan doen. |
| Wet op Gesinsgeweld, 1998 (Wet 116 van 1998) | <ul style="list-style-type: none"> ● Die doel van hierdie wet is om aan slagoffers van gesinsgeweld die maksimum beskerming teen mishandeling te bied. |
| Wet op Maatskaplike diensberoep, 1978 (Wet 110 van 1978) – gewysig 1995, 1996 en 1998 | <ul style="list-style-type: none"> ● Dié wet het die Suid-Afrikaanse Raad vir Maatskaplike diensberoep (SARMD) daargestel wat die magte en funksies van die maatskaplike diensraad en -beroep omskryf. |
| Kinderwet, 2005 (Wet 38 van 2005) | <ul style="list-style-type: none"> ● Dié wet is op 1 April 2010 by wyse van 'n presidensiële proklamasie in werking gestel en omskryf: <ul style="list-style-type: none"> ○ Die regte en verantwoordelikhede van kinders; ○ Ouerlike verantwoordelikhede en regte; ○ Beginsels van en riglyne vir die beskerming van kinders; ○ Die bevordering van die welstand van kinders; en ○ Die konsolidasie van die wette wat met die welsyn en beskerming van kinders verband hou, en lê ook bepalings neer vir aangeleenthede wat hiermee verband hou. ● Die primêre fokus van die tweede hersiening van die Kinderwet was die bevinding van die Suid-Gautengse Hooggeregtshof gedateer April 2011 rakende die korrekte vertolking van artikel 150(1)(a) van die wet. Die hof het gevind dat: <ul style="list-style-type: none"> ○ 'n Versorger wat 'n wettige sorgsaamheidsplig besit (in hierdie geval 'n ouma), kan as 'n pleegouer aangestel word; en ○ Nog die Kinderwet nog die Wet op Maatskaplike Hulp of sy regulasies vereis dat die pleegouer se inkomste ondersoek moet word. Derhalwe moet die finansiële situasie van die kinders wat 'n behoefte aan sorg en beskerming het, in ag geneem word en nie dié van die pleegouer nie. Waar pleegouers wat 'n wettige ondersteuningsplig het nie die finansiële middele het om dit te doen nie, moet hulle om 'n pleegsorgtoekenning aansoek doen. |
| Wet op Ouer Persone, 2006 (Wet 13 van 2006) | <ul style="list-style-type: none"> ● Die wet wat deur 'n presidensiële proklamasie op 1 April 2010 in werking gestel is, is afgestem op die bemagtiging en beskerming van ouer persone met insluiting van hul status, regte, welstand, veiligheid en sekuriteit sowel as die bekamping van die misbruik van ouer persone. ● Die wet bevorder 'n ontwikkelingsgerigte benadering wat erkenning verleen aan die volgende: <ul style="list-style-type: none"> ○ Wysheid en vaardighede van ouer persone; ○ Ouer persone se deelname aan gemeenskapsake; ○ Regulering van die registrasie van ouer persone se dienste; en ○ Daarstelling en bestuur van dienste en fasiliteite vir ouer persone. ● Anders as die Wet op Bejaarde Persone, 1967 (Wet 81 van 1967) het die klem vanaf institusionele sorg na gemeenskapgebaseerde sorg verskuif ten einde te verseker dat ouer persone vir so lank as moontlik in die gemeenskap bly. |
| Wet op die Voorkoming en Behandeling van Middelmisbruik, 2008 (Wet 70 van 2008) | <ul style="list-style-type: none"> ● Die wet lê bepalings neer vir die implementering van omvattende en geïntegreerde dienslewering op die terrein van middelmisbruik onder alle staatsdepartemente. Die hoofklem van hierdie wet is die bevordering van gemeenskapgebaseerde en vroeë-intervensieprogramme sowel as die registrasie van alle terapeutiese intervensies ten opsigte van middelmisbruik. |

| Wetgewing | Impak op DMO se funksionaliteit |
|--|---|
| Wet op Kindergeregtigheid, 2008 (Wet 75 van 2008) | ● Dié wet stel 'n proses vir strafregspiegeling daar vir kinders wat daarvan beskuldig word dat hulle oortredings begaan het en het ten doel om die regte van kinders te beskerm. |
| Wysigingswet op Seksuele Misdrywe en Verwante Aangeleenthede, 2012 (Wet 6 van 2012) | ● Hierdie wet wysig die Wysigingswet op die Strafreg (Seksuele Misdrywe en Verwante Aangeleenthede), 2007, om uitdruklik te bepaal dat die oplê van strawe ten opsigte van sekere misdrywe wat in die wet vervat is aan die diskresie van die howe oorgelaat word, en lê ook bepalings neer vir aangeleenthede wat daarmee verband hou. |
| Wet op die Voorkoming en Bekamping van Mensehandel, 2013 (Wet 7 van 2013) | ● Die wet bring die Verenigde Nasies (VN) se protokol om mensehandel (veral vroue en kinders) te voorkom, te onderdruk en te straf, tot uitvoer en vul sodende die VN se konvensie teen transnasionale georganiseerde misdaad aan. |
| Wet op die Raamwerk vir Interregeringsverhoudinge, 2012 (Wet 13 van 2012) | ● Die wet het ten doel om groter betrokkenheid tussen die drie regeringsfere te bevorder met die oog daarop om 'n stabiele en responsiewe regeringstelsel te bevorder wat die waardes en beginsels van staatsadministrasie versterk. |

7.3 Kernfunksies van die departement

Die departement is tot die volgende twee kernfunksies verbind:

- 'n **Maatskaplike welsynsdiens** aan arm en kwesbare mense in vennootskap met belanghebbers en organisasies vanuit die burgerlike samelewing; en
- 'n **Gemeenskapsontwikkelingsdiens** wat volhoubare ontwikkelingsprogramme ter fasilitering van die bemagtiging van gemeenskappe voorsien.

7.4 Beleidsmandate

- **Mediumtermyn- strategiese raamwerk (MTSR) (2014-2019):** Hierdie is die regering se strategiese plan vir die 2014-2019-verkiesingstermyn. Dit weerspieël die beloftes wat in die regerende party se verkiegingsmanifes gemaak is, insluitend die voorneme om die NOP te implementeer. Die MTSR stippel die regering se handelinge uit sowel as die teikens wat behaal moet word. Die MTSR het ten doel om beleidsamehang, -ooreenstemming en -koördinering oor alle regeringsplanne heen sowel as ooreenstemming met begrotingsprosesse te verseker.
- **Nasionale Ontwikkelingsplan (NOP) (2012):** Die Nasionale Beplanningskommissie het die "Nasionale Ontwikkelingsplan: Visie vir 2030" op 11 November 2011 gepubliseer as 'n stap om 'n nuwe weg vir Suid-Afrika uit te stip wat daarna streef om teen 2030 armoede uit te wis en ongelykheid te vergelaag. Die bygewerkte "Nasionale Ontwikkelingsplan 2030: Ons toekoms – maak dit werk" is in die loop van 2012 gepubliseer.
- **EenKaap2040: Van Visie tot Aksie (2012):** Die WKR het hierdie visie in Oktober 2012 aanvaar. Dit het ten doel om 'n transisie na 'n meer inklusiewe en veerkrachtige ekonomiese toekoms vir die Wes-Kaap te stimuleer. Dit verwoord 'n visie oor hoe die mense van die Wes-Kaap saam daaraan kan werk om hul streekseconomie en die samelewing oor die algemeen te ontwikkel deur beplanning en optrede ter bevordering van 'n gemeenskaplike verbintenis tot en aanspreeklikheid vir volgehoue langtermyn-voortgang te begelei.
- **Provinciale Strategiese Plan (PSP) 2014-2019:** Die PSP is 'n vyfjaarplan wat die WKR se strategieë en planne vir die volgende vyf jaar uiteensit. Die WKR het vyf strategiese

doelstellings geïdentifiseer in sy streee om oor die volgende vyf jaar tot die verwesenliking van die NOP se doelwitte en doelstellings by te dra.


- **Die Witskrif vir Maatskaplike Welsyn (1997):** Die witskrif dien sedert 1994 as die grondslag vir maatskaplike welsyn deur begeleidende beginsels, beleide en programme vir ontwikkelingsgerigte maatskaplikewelsynstelsels te bepaal.
- **Die Witskrif oor Bevolkingsbeleid vir Suid-Afrika (1998):** Die witskrif bevorder die ontwikkeling en handhawing van alle Suid-Afrikaners se lewensgehalte deur bevolkingsvraagstukke by die ontwikkelingsbeplanning van die onderskeie regeringsfere en alle sektore van die samelewing te integreer. Die departement is gemandateer om die implementering van die beleid te moniteer sowel as die impak daarvan op bevolkingstendense en -dinamika binne die konteks van volhoubare mense-ontwikkeling.
- **Departement van Maatskaplike Ontwikkeling se Beleid insake die Befondsing van Nieregeringsorganisasies vir die Lewering van Maatskaplikewelsyn- en Gemeenskapsontwikkelingsdienste (2013 – gewysig Oktober 2015):** Hierdie beleid verseker dat oordragbetalings op 'n deursigtige wyse bestuur word wat aanspreeklikheid, doeltreffende administrasie, duidelike prestasievereistes en die beginsels van administratiewe geregtigheid bevorder. Hierdie beleid stem ooreen met die nasionale beleid oor finansiële toekennings.
- **Die Witskrif op die Gesin (2013):** Die hoofdoel van hierdie witskrif is om gesinswelstand te kweek, gesinne en die gesinslewe te bevorder en te versterk en gesinskwessies deel van die hoofstroom van regeringswyse beleidmakingsinitiatiewe te maak. Die departement ontwikkel tans 'n provinsiale plan vir die implementering van die Witskrif op Gesinne.
- **Die Raamwerk vir Maatskaplikewelsynsdienste (2011):** Hierdie goedgekeurde nasionale raamwerk stem ooreen met die geïntegreerde diensleveringsmodel (GDLM) en lê bepalings neer vir 'n gestandaardiseerde proses waardeur maatskaplike werkers generiese maatskaplikewelsynsdienste sal voorsien wat van die verlangde gehalte, omvattend, geïntegreer en regtegebaseerd is en wat oor voldoende hulpbronne besik.
- **Die Generiese Norme en Standaarde vir Maatskaplikewelsynsdienste (2011):** Verskaf die maatstawwe vir die lewering van maatskaplikewelsynsdienste van gehalte en maak deel uit van die Raamwerk vir Maatskaplikewelsynsdienste.
- **Die Regulasies vir Proefdienste (2013):** Hierdie regulasies wat in Regulasiekoerantnr. 36159, gedateer 15 Februarie 2013, vol. 572, nr. 9911 gepubliseer is, is afgestem op die regulering en verbetering van proefdienste.
- **Nasionale Dwelmmeeesterplan (2008):** Die plan maak dit moontlik om departemente en plaaslike owerhede ooreenkomsdig die Wet op die Voorkoming en Behandeling van Middelmisbruik (Wet 70 van 2008) te koördineer. Sy doel is om te verseker dat die land 'n eenvormige respons op middelmisbruik het.
- **Die Supervisieraamwerk vir die Maatskaplikewerkberoep in Suid-Afrika (2011):** Bepaal die raamwerk vir die doeltreffende supervisie van maatskaplike werkers, studentmaatskaplikewerkers, hulpmaatskaplikewerkers, leerling- hulpmaatskaplikewerkers, maatskaplikewerkspesialiste en privaatpraktisyens ten einde bedreve, professionele maatskaplikewerkpraktekte te verseker wat in die beste belang van diensgebruikers binne die Suid-Afrikaanse maatskaplike sektor is.
- **Gehalteversekeringsraamwerk vir Maatskaplike Welsyn (2013):** Hierdie raamwerk lê bepalings neer vir 'n konsekwente stelsel en duidelike standaarde vir die evaluering van die

doeltreffendheid van maatskaplike welsynsdienste en die deurlopende verbetering daarvan.

- **Departement van Maatskaplike Ontwikkeling se Jeugstrategie (2013):** Om die departement se jeugontwikkelingsprogramme en -prioriteite te begelei, te informeer en te rig en om 'n groot mate van institusionele en programmatiese voorspelbaarheid te bewerkstellig. Dit dien as 'n kritieke beplanningsinstrument wat daarop afgestem is om werk te maak van jongmense in die Provincie van die Wes-Kaap se behoeftes.
- **Wes-Kaapse Jeugontwikkelingstrategie (2013):** "Die doel van die (provinciale) jeugontwikkelingstrategie (is) om meer ondersteuning, geleenthede en dienste vir alle jongmense te skep sodat hulle beter met hul omgewing omgaan en suksesvol oorgaan tot verantwoordelike, onafhanklike en stabiele volwassenes. Dit fokus op jongmense in die voor-jeugfase tussen 10 en 14 jaar en die 'jeug'-fase tussen 15 en 24."¹
- **Geïntegreerde Provinciale Strategie vir Vroeëkinderontwikkeling (2012):** Die strategie maak toegang tot die lewering van gehalte-VKO (met inbegrip van graad R) moontlik wat soveel kinders as moontlik in staat sal stel om die veerkrigtheid, vertroue, vaardighede en bevoegdhede te bekom sodat hulle vanaf graad 1 – 12 goedtoegeruste leerders kan wees.
- **Nasionale Beleid oor die Voorsiening van Maatskaplikeontwikkelingsdienste aan Mense met Gestremdhede (2013):** Die hoofdoel is om die lewering van hoofstroommaatskaplikeontwikkelingsdienste aan mense met gestremdhede te begelei en te koördineer. Dit het ten doel om te verseker dat die waardigheid en regte van alle mense met gestremdhede behoue bly en aan voldoen word deur die lewering van tersaaklike sosio-ekonomiese programme en dienste waardeur hul insluiting verseker sal word.
- **Wes-Kaapse Provinciale Ruimtelikeontwikkelingsraamwerk, 2014 (PROR):** Die raamwerk dien as basis om "op-die-grond"-lewering van nasionale en provinsiale programme te koördineer, te integreer en in ooreenstemming te bring; ondersteun munisipaliteite om hul munisipale beplanningsmandaat na te kom in ooreenstemming met die nasionale en provinsiale agendas; en ondersteun en kommunikeer die regering se voornameens met ruimtelike ontwikkeling aan die private sektor en burgerlike samelewing.

¹Uittreksel uit die Premier, Helen Zille, se voorwoord tot die Wes-Kaapse Jeugontwikkelingstrategie, 2013. [vertaal]

8. ORGANISATORIESE STRUKTUUR



ENTITEITE WAT AAN DIE MINISTER/LUR VERSLAG DOEN

Nie van toepassing nie.

DEEL B: PRESTASIE-INLIGTING

DEEL B: PRESTASIE-INLIGTING

1. OUDITEUR-GENERAAL SE VERSLAG: VOORAFBEPAAALDE DOELWITTE

Tans voer die Ouditeur-generaal van Suid-Afrika sekere auditprosedures ten opsigte van prestasie-inligting uit ten einde redelike sekerheid in die vorm van 'n auditgevolgtrekking te bied. Die slotsom van die audit rakende prestasie teenoor voorafbepaalde doelwitte word by die verslag aan bestuur ingesluit, met wesentlike bevindinge wat onder die opskrif "Voorafbepaalde doelwitte" (VBD's) in die afdeling "Ander regs- en regulatoriese vereistes" in die auditverslag gerapporteer word.

Verwys na bladsy 150 van die Ouditeur-generaal se verslag, wat as Deel E: Finansiële Inligting in the Engelse weergawe van hierdie verslag gepubliseer is.

2. OORSIG VAN DEPARTEMENTELE PRESTASIE

2.1 Dienstleweringsomgewing

Kindersorg-en-beskermingsdienste tel onder die Departement se vernaamste statutêre/wetgewende mandate. Volgens Sensus 2011 het die Wes-Kaap ongeveer 570 000 kinders tussen die ouderdomme 0 en 4 jaar, en alhoewel hierdie getal na verwagting nie veel oor die volgende vyf jaar gaan groei nie, sal VKO-intervensies toenemend fokus op kwessies rondom veiligheid, kognitiewe ontwikkeling en voeding. Onlangse navorsing² wys dat VKO-dienste van gehalte 'n groot impak op skoolresultate het. Die fokus van die VKO-program moet dus verskuif vanaf die inneem van kinders na die verbetering van die gehalte van VKO-programme in die provinsie. Probleme wat in hierdie sektor ervaar word, het dikwels te make met munisipale hersonering sowel as gesondheid- en veiligheidsmaatreëls wat oponthoude in vordering met die registrasie van gedeeltelikesorgfasiliteite tot gevolg het, en die Departement werk ten nouste met munisipaliteit te saam om doeltreffender registrasie moontlik te maak. Voorts sal 'n strategie ingespan word om werk te maak van nienakoming wat verband hou met VKO-registrasies wat verstryk het deur 'n veldtog vir herregistrasie van stapel te stuur en bewustheid te skep van die nodigheid om aan minimum norme en standaarde te voldoen.

Die Departement neem tans die leiding in die dwarsliggende provinsiale strategiese prioriteit om 'n spesiale VKO-program daar te stel wat die aanleer van Engels as taal en die ontwikkeling van kognitiewe vaardighede sal verbeter by 100 persele waar skolgereedheid in geletterdheid en gesyferdheid swak is. Die intervensie het ten doel om die kinders in staat te stel om skool beter te bemeester. Die Departement het bygedra tot die Provinciale Naskoolse "Game Changer" pilare deur sy befondsde naskoolse gedeeltelikesorgfasiliteite en het by wyse van samewerking daarna gestreef om die gehalte van programme te verbeter, 'n veilige en bemagtigende omgewing te skep en hulpbronne te ontsluit.

Volgens Sensus 2011 is daar 'n totaal van 1 739 425 kinders tussen die ouderdomme 0 en 17 jaar in die Wes-Kaap. Navorsing dui op 'n hoë voorkoms van kindermishandeling, en dit is duidelik dat strategieë om kinders te beskerm, opgeskerp moet word. Sorg- en beskermingsdienste vir kinders is die Departement se vernaamste fokus, en oor die volgende vyf jaar gaan die Departement se enkel grootste doelwit wees om hierdie dienste, soos vereis deur die Kinderwet, op standaard te bring en om hulle, as 'n bydrae tot die verwesenliking van PSD 2 en PSD 3, met ander provinsiale departemente, munisipaliteit, OSW's en privaatsektorvennote te koördineer. OSW's wat kinderbeskerming bied, is dikwels nie in staat om vakatures te vul of maatskaplike werk personeel te behou nie, en waar sulke vakatures ervaar word, verleen die Departement se geaffekteerde streke hulp met diensverskaffing ten einde volle dekking in die provinsie te verseker. Voorts het OSW's se nienakoming wat deregistrasie, soos vereis deur die Wet op OSW's en die Kinderwet, tot gevolg het 'n impak op die veiligheid en welstand van kinders. Die Departement het 'n uiteenlopende benadering geïmplementeer om hierdie situasie te bestuur. Hierby ingesluit is 'n verhoging in die subsidietoewysing vir die salaris van maatskaplike werkers, maatskaplike werktoesighouers en maatskaplike werkbestuurders by befondsde OSW's. Daar is ook focus op pogings om die bou van die kapasiteit van diensverskaffers om verslagdoening nakoming van 'n besondere fokus op finansiële bestuur en goeie regering te verbeter en sal voortgaan met die kontrak bestuur van diensverskaffers soos omskryf in hul betaling ooreenkoms oordrag.

² Wes-Kaapse DMO (2014). Early Childhood Development Retrospective Tracker, Exploring the impact of Grade R attendance on later primary school performance in the Western Cape, March 2014. Interne navorsingsverslag opgestel deur Johnnie Tolken. The Impact of the Introduction of Grade R on Learning Outcomes, Servaas van der Berg, University of Stellenbosch (USB) 2014.

Die Departement het tesame met die WKOD verwysingsweë ontwikkel wat doeltreffende toegang tot dienste verseker het vir kinders met gestremdhede en uitdagende gedrag sowel as 'n protokol wat dit moontlik gemaak het om kinders met 'n behoefté aan sorg en beskerming van die straat te verwyder en in 'n plek van veiligheid te plaas onderwyl die Kinderhof sy ondersoek afhandel en 'n gepaste hofbevel uitgereik word. Laastens is die Departement se strategie om 'n verbetering in kindersorg-en-beskermingsdienste in die Wes-Kaap te verseker wat daarop gemik is om 'n bemagtigende omgewing daar te stel waarbinne maatskaplike werkers in staat is om hul statutêre funksies te verrig, gefinaliseer en sal in die komende boekjaar geïmplementeer word.

In Sensus 2011 is daar gerapporteer dat nagenoeg 1 041 553 persone in die Wes-Kaap met verskeie vorms van gestremdhed saamleef, uitgesonder diegene wat selfversorgend is³. Daar was 190 929 mense wat gerapporteer het dat hulle nie in staat is om vir hulself te sorg nie. Die Departement sal oor die volgende drie jaar aanhou om die regte, welstand en sosio-ekonomiese ontwikkeling van mense met gestremdhede en hul gesinne of versorgers te bevorder sowel as om agterstande in hierdie verband reg te stel. 'n Addisionele toewysing van R30 miljoen wat vir die eerste keer in 2015/16 beskikbaar gestel is, sal vir die duur van die MTUR volgehou en verhoog word om steun vir die gestremheidsektor verder te versterk. Hierby ingesluit is die implementering van die hofbevel (gedateer November 2011) ten opsigte van kinders met erge en volslae verstandelike gestremdhede. Voorts is 'n hulpkantoor vir gestremdes daargestel en operasioneel. Dit fokus daarop om maatreëls ten opsigte van werknemers van die WKR se redelike akkommodasie en toegang te verbeter en hierdie fokus sal behou word; 'n residensiëlesorgfasilititeit wat 30 mense met verstandelike gestremdhede en uitdagende gedrag kan akkommodeer, is in Maitland gevestig; en 'n residensiëlesorgfasilititeit vir kinders en volwassenes met veelvoudige gestremdhede sal met ingang 1 April 2016 vanaf die Departement van Gesondheid (DvG) na hierdie Departement oorgedra word.

Die ouderwordende Wes-Kaapse bevolking word weerspieël in die 48% toename in die kategorie persone 60 jaar of ouer tussen die 2001 en die 2011 sensus – die Wes-Kaapse bevolking het oor dieselfde tydperk met 29% toegeneem. Onlangse bevolkingsprojeksies duï daarop dat die populasie van mense ouer as 60 jaar tussen 2011 en 2020 met 'n verdere 35% gaan toeneem. Voorts plaas die swak ekonomiese vooruitskouing die subprogram ouer persone en persone met gestremdhede toenemend onder druk weens stygende infrastruktuur- en bedryfskoste by residensiële fasiliteite. In reaksie hierop het die Departement gepaste gemeenskapsgebaseerde intervensies vir ouer mense geïmplementeer, met inbegrip van onafhanklike en ondersteunde inwoningsfasiliteite, uitreike via dienssentrums en residensiëlesorgfasiliteite.

Die Wes-Kaap is die tuiste van 2,2 miljoen jongmense tussen die ouderdom 15 en 34 jaar.⁴ Aan die hand van data komende van Sensus 2011 word bereken dat 13% van hierdie jongmense (ongeveer 277 160) as NEETS geklassifiseer kan word. NEETS is jongmense wat nie werk het nie en ook nie onderwys of opleiding deurloop nie. Meer as 60% van die werkloses het minder as 'n matriekstandaard van onderwys. Sleutelbevindings uit die navorsing rakende NEETS⁵ in die provinsie het die negatiewe impak van geweldsmisdaad, middelmisbruik en straatboewery op die sosialisering van jongmense uitgewys. Die swak Suid-Afrikaanse ekonomie en die gebrek aan werkgeleenthede het aanleiding gegee tot 'n hoë vraag na dienste vir jongmense, veral Jeugkafees, en het 'n negatiewe impak gehad op die uittreestategieë vir jeugdiges wat na

³ Hierdie getal is minder as die somtotaal van alle tipes gestremdhede wat vermeld is omdat sommige mense veelvoudige gestremdhede het en by meer as een kategorie ingesluit is.

⁴ Sensus 2011

⁵ Sauls, Heidi (2014). A Situational Analysis of Youth in the Western Cape. Interne navorsingsverslag vir die Wes-Kaapse DMO. Finale konsep.

vaardighedsprogramme verwys is. Die Departement se vernaamste prioriteit vir die volgende drie jaar is om te verseker dat alle departementele jeuggefokusde programme met die langtermyn-uitkomste van die Provinciale Jeugontwikkelingstrategie (PJOS) ooreenstem en dat daar 'n strategiese fokus op NEETS is. Voorts sal die departement, tesame met die jeugsektor, daarna streef om OSW's se jeuggeteikende programme in ooreenstemming met PJOS-uitkomste te bring. Insgelyks sal die Departement, in samewerking met die DvdP, dwarsliggende ooreenstemming tussen en implementering van jeuggeteikende programme oor alle provinsiale departemente heen verseker.

Die PJOS is geïmplementeer en vyf Jeugkafees word bedryf wat ontwerp is om energieke, positiewe ruimtes te skep waar jongmense die geleentheid gebied word om toegang te verkry tot vaardigheidontwikkelingsprogramme, opleidingswerksessies, seminare en entrepreneuriese geleenthede. Verdere geleenthede sal ook deur die UOWP verskaf word.

Die voorkoms van maatskaplike misdaad in die Wes-Kaap is steeds 'n bron tot kommer weens die skadelike effek wat dit op die provinsie se maatskaplike en ekonomiese welstand het. Die beduidendste toename in gerapporteerde misdaad in die provinsie het voorgekom in die kategorie dwelmverwante misdaad, met 'n toename van 156,3% in die tydperk vanaf 2005 tot 2015. Departementele navorsing oor gerapporteerde gevalle van huishoudelike geweld duis op 'n toename van 18% tussen 2007 en 2010. Die Departement het steeds daarop gefokus om ondersteuning aan slagoffers te bied; skuilings vir hawelose volwassenes en veral vroue en kinders te skep, met spesiale akkommodasie vir diiegene wat die slagoffers van mensehandel is; en om proefdienste en afwentelingsdienste op te skerp. In reaksie op die toenemende uitdaging van dwelmmisbruik onder die jeug, is dwelmbehandelingsdienste by alle departementebeveiligde KJSS ingevoer en hierdie programme sal oor die volgende vyf jaar voortgesit word, tesame met die skoolgebaseerde dwelmbehandelingsprogramme wat tans by tien hoërisikoskole ontplooい word. Voorts word die Departement op die "Alcohol Harms Reduction Game Changer" verteenwoordig en is, sodoende, in staat om sy intervensies gepas aan te pas.

Volgens Sensus 2011 is daar 1 634 000 huishoudings in die Wes-Kaap met 'n gemiddelde huishoudelike tal van 3,56 lede. Baie van hierdie gesinne en huishoudings word voor aansienlike sosio-ekonomiese uitdagings gestel om in die behoeftes van hul lede te voorsien. Risikofaktore soos werkloosheid, misdaad en middelmisbruik bedreig die welstand van gesinne in die provinsie. Gevolglik het die program Sorg en Ondersteuning van Gesinne daarop gefokus om veerkragtige gesinne te ontwikkel deur dienste te verskaf wat op die behoud en versterking van gesinsbande afgestem is.

Voorts, om te verseker dat hy sy dienste gepas teiken, het die Departement van geografiese inligtingstelseltegnologie gebruik gemaak om sy kliëntpopulasie (en, aan die hand van geprojekteerde data, toekomstige kliëntpopulasie) te karteer, gemeet teen huidige dienslewering en die sosio-ekonomiese indeks. Laasgenoemde is aanduidend van die teikenpopulasie met die grootste behoefte, onderwyl inligting oor huidige dienslewering aandui of departementele hulpbronne gepas binne die teiken se opvangsgebied ontplooい word. Ruimtelike doelwitstellings word toenemend belangrik in 'n ekonomiese klimaat wat gekenmerk word deur begrottingsdruk in soverre die lewering van statutêre dienste aanbetrif. Hierdie inligting maak deel uit van die beplanningsproses wat saam met plaaslike owerhede onderneem word.

2.2 Diensleweringverbeteringsplan

Die departement het 'n diensleweringverbeteringsplan (DLVP) voltooi. Die tabelle hieronder lig die diensleweringssplan en die prestasies tot op datum toe.

Hoofdienste en standaarde

| Hoofdienste | Begunstigdes | Huidige/werklike standaard van diens | Verlangde standaard van diens | Werklike prestasie (2015/16) |
|---|---|---|---|------------------------------|
| Registrasie van gedeeltelikesorgfasilitete | VKO- en naskoolsorgfasilitete in gemeeskapsbesit | 1 909 gedeeltelikesorgfasilitete geregistreer | 2 100 gedeeltelikesorgfasilitete geregistreer Lewer dienste in ooreenstemming met wetgewende norme en standaarde | 1 708 |
| Plasing van kinders in pleegsorg | Kinders wat as gevolg van mishandeling, verwaarlozing en verlating 'n behoefte aan sorg en beskerming het | 3 507 kinders in pleegsorg geplaas | 2 500 kinders in pleegsorg geplaas Lewer dienste in ooreenstemming met wetgewende norme en standaarde | 3 702 |

Batho Pele-reëling met begunstigdes (oorlegpleging, toegang, ens.)

| Huidige/werklike reëlings | Verlangde reëlings | Werklike prestasies |
|--|--|--|
| REGISTRASIE VAN GEDEELTELIKESORGFASILITEITE | | |
| Oorlegpleging: <ul style="list-style-type: none"> Kwartaallikse VKO-belanghebbersforum VKO-streeksforum Plaaslike VKO-forum Inligtingsessies | Oorlegpleging: <ul style="list-style-type: none"> Kwartaallikse VKO-belanghebbersforum VKO-streeksforum Plaaslike VKO-forum Inligtingsessies | Oorlegpleging: <ul style="list-style-type: none"> Kwartaallikse VKO-belanghebbersforum VKO-streeksforum Plaaslike VKO-forum Inligtingsessies |
| Toegang: <ul style="list-style-type: none"> Hoofkantoor (Koningin Victoriastraat 14, Kaapstad) 6 streekskantore Metro-Suid: Wynberg, Metro-Noord: Goodwood, Metro-Oos: Eersterivier, Weskus: Vredenburg, Kaapse Wynlande: Worcester, Eden Karoo: George 35 plaaslike kantore | Toegang: <ul style="list-style-type: none"> Hoofkantoor (Koningin Victoriastraat 14, Kaapstad) 6 streekskantore Metro-Suid: Wynberg, Metro-Noord: Goodwood, Metro-Oos: Eersterivier, Weskus: Vredenburg, Kaapse Wynlande: Worcester, Eden Karoo: George 45 plaaslike kantore | Toegang: <ul style="list-style-type: none"> Hoofkantoor (Koningin Victoriastraat 14, Kaapstad) 6 streekskantore Metro-Suid: Wynberg, Metro-Noord: Goodwood, Metro-Oos: Eersterivier, Weskus: Vredenburg, Kaapse Wynlande: Worcester, Eden Karoo: George 38 plaaslike kantore |
| Hoflikheid: <ul style="list-style-type: none"> Tolvrye telefoonlyn | Hoflikheid: <ul style="list-style-type: none"> Tolvrye telefoonlyn | Hoflikheid: <ul style="list-style-type: none"> Tolvrye telefoonlyn |

| | | |
|---|---|---|
| <ul style="list-style-type: none"> Korrespondensie aan minister / departementshoof / streeksdirekteur Hoofkantoor (VKO) Streekskoördineerders Klantesorgbeampte | <ul style="list-style-type: none"> Korrespondensie aan minister / departementshoof / streeksdirekteur Hoofkantoor (VKO) Streekskoördineerders Klantesorgbeampte | <ul style="list-style-type: none"> Korrespondensie aan minister / departementshoof / streeksdirekteur Hoofkantoor (VKO) Streekskoördineerders Klantesorgbeampte |
| Openheid en deursigtigheid: | Openheid en deursigtigheid: | Openheid en deursigtigheid: |
| <ul style="list-style-type: none"> Kwartaallikse VKO-belonghebbersforum VKO-streeksforum Plaaslike VKO-forum Inligtingsessies Opleidingsessies Ontwikkel die provinsiale geïntegreerde VKO-strategie Standaardbedryfsprosedure vir die registrasie en befondsing van gedeeltelikesorgfasiliteite | <ul style="list-style-type: none"> Kwartaallikse VKO-belonghebbersforum VKO-streeksforum Plaaslike VKO-forum Inligtingsessies Opleidingsessies Ontwikkel die provinsiale geïntegreerde VKO-strategie Standaardbedryfsprosedure vir die registrasie en befondsing van gedeeltelikesorgfasiliteite | <ul style="list-style-type: none"> Kwartaallikse VKO-belonghebbersforum VKO-streeksforum Plaaslike VKO-forum Inligtingsessies Opleidingsessies Ontwikkel die provinsiale geïntegreerde VKO-strategie Standaardbedryfsprosedure vir die registrasie en befondsing van gedeeltelikesorgfasiliteite |
| Waarde vir geld: | Waarde vir geld: | Waarde vir geld: |
| <ul style="list-style-type: none"> Ja, stem ooreen met wetgewende vereiste | <ul style="list-style-type: none"> Ja, stem ooreen met wetgewende vereiste | <ul style="list-style-type: none"> Ja, stem ooreen met wetgewende vereiste |
| PLASING VAN KINDERS IN PLEEGSORG | | |
| Oorlegpleging: | Oorlegpleging: | Oorlegpleging: |
| <ul style="list-style-type: none"> Onderhoude Berading Opdragssessies Terugvoersessies Paneelbesprekings Tuisbesoeke | <ul style="list-style-type: none"> Onderhoude Berading Opdragssessies Terugvoersessies Paneelbesprekings Tuisbesoeke | <ul style="list-style-type: none"> Onderhoude Berading Opdragssessies Terugvoersessies Paneelbesprekings Tuisbesoeke |
| Toegang: | Toegang: | Toegang: |
| <ul style="list-style-type: none"> Hoofkantoor (Koningin Victoriastraat 14, Kaapstad) 6 streekskantore: Wynberg, Goodwood, Vredenburg, Worcester, George en Eersterivier 35 plaaslike kantore | <ul style="list-style-type: none"> Hoofkantoor (Koningin Victoriastraat 14, Kaapstad) 6 streekskantore: Wynberg, Goodwood, Vredenburg, Worcester, George en Eersterivier 45 plaaslike kantore | <ul style="list-style-type: none"> Hoofkantoor (Koningin Victoriastraat 14, Kaapstad) 6 streekskantore: Wynberg, Goodwood, Vredenburg, Worcester, George en Eersterivier 38 plaaslike kantore |
| Hoflikheid: | Hoflikheid: | Hoflikheid: |
| <ul style="list-style-type: none"> Tolvrye telefoonlyn Korrespondensie aan minister/departementshoof/streeksdirekteur Hoofkantoor (kindersorg en -beskerming) Streekskoördineerders Klantesorgbeampte SARMD (Suid-Afrikaanse Raad vir Maatskapliedienstberoep e) | <ul style="list-style-type: none"> Tolvrye telefoonlyn Korrespondensie aan minister/departementshoof/streeksdirekteur Hoofkantoor (kindersorg en -beskerming) Streekskoördineerders Klantesorgbeampte SARMD (Suid-Afrikaanse Raad vir Maatskapliedienstberoep e) | <ul style="list-style-type: none"> Tolvrye telefoonlyn Korrespondensie aan minister/departementshoof/streeksdirekteur Hoofkantoor (kindersorg en -beskerming) Streekskoördineerders Klantesorgbeampte SARMD (Suid-Afrikaanse Raad vir Maatskapliedienstberoep e) |

| Openheid en deursigtigheid: | Openheid en deursigtigheid: | Openheid en deursigtigheid: |
|---|--|--|
| <ul style="list-style-type: none"> • Bewusmakingsprogramme • Inligtingssessies • Onderhoude • Berading • Opdragsessies • Terugvoersessies • Paneelbesprekings • Tuisbesoeke • Mondelinge en skriftelike kommunikasie | <ul style="list-style-type: none"> • Bewusmakingsprogramme • Inligtingssessies • Onderhoude • Berading • Opdragsessies • Terugvoersessies • Paneelbesprekings • Tuisbesoeke • Mondelinge en skriftelike kommunikasie • Pamflette • Plakkate | <ul style="list-style-type: none"> • Bewusmakingsprogramme • Inligtingssessies • Onderhoude • Berading • Opdragsessies • Terugvoersessies • Paneelbesprekings • Tuisbesoeke • Mondelinge en skriftelike kommunikasie • Pamflette • Plakkate |
| Addisionele prestasie: j) Monitering van kontrakuele reëlings is in plek | | |

Inligtingswerktuig vir dienslewering

| Huidige/werklike inligtingswerktuie | Verlangde inligtingswerktuie | Werklike prestasies |
|--|--|--|
| REGISTRASIE VAN GEDEELTELIKESORGFASILITEITE | | |
| <ul style="list-style-type: none"> • Kwartaallikse VKO-belanghebbersforum • VKO-streeksforum • Plaaslike VKO-forum • Inligtingssessies • Opleidingssessies • Ontwikkel die provinsiale geïntegreerde VKO-strategie • Standaardbedryfsprosedure vir die registrasie en befondsing van gedeeltelikesorgfasiliteite • Departementele webwerf • Gedeeltelikesorg-database • Pamflette, brosjures, strooibiljette | <ul style="list-style-type: none"> • Kwartaallikse VKO-belanghebbersforum • VKO-streeksforum • Plaaslike VKO-forum • Inligtingssessies • Opleidingssessies • Ontwikkel die provinsiale geïntegreerde VKO-strategie • Standaardbedryfsprosedure vir die registrasie en befondsing van gedeeltelikesorgfasiliteite • Departementele webwerf • Gedeeltelikesorg-database • Pamflette, brosjures, strooibiljette | <ul style="list-style-type: none"> • Kwartaallikse VKO-belanghebbersforum • VKO-streeksforum • Plaaslike VKO-forum • Inligtingssessies • Opleidingssessies • Ontwikkel die provinsiale geïntegreerde VKO-strategie • Standaardbedryfsprosedure vir die registrasie en befondsing van gedeeltelikesorgfasiliteite • Departementele webwerf • Gedeeltelikesorg-database • Pamflette, brosjures, strooibiljette |
| PLASING VAN KINDERS IN PLEEGSORG | | |
| <ul style="list-style-type: none"> • Bewusmakingsprogramme • Inligtingssessies • Onderhoude • Berading • Opdragsessies • Terugvoersessies • Paneelbesprekings • Tuisbesoeke • Mondelinge en skriftelike kommunikasie • Pamflette • Plakkate | <ul style="list-style-type: none"> • Bewusmakingsprogramme • Inligtingssessies • Onderhoude • Berading • Opdragsessies • Terugvoersessies • Paneelbesprekings • Tuisbesoeke • Mondelinge en skriftelike kommunikasie • Pamflette • Plakkate | <ul style="list-style-type: none"> • Bewusmakingsprogramme • Inligtingssessies • Onderhoude • Berading • Opdragsessies • Terugvoersessies • Paneelbesprekings • Tuisbesoeke • Mondelinge en skriftelike kommunikasie • Pamflette • Plakkate |

| Huidige/werklike inligtingswerktuie | Verlangde inligtingswerktuie | Werklike prestasies |
|--|-------------------------------|---------------------|
| Addisionele prestasie: | Addisionele prestasie: | |
| <ul style="list-style-type: none"> Opleidingsessies | | |

Klagtemeganisme

| Huidige/werklike klagtemeganisme | Verlangde klagtemeganisme | Werklike prestasies |
|---|---|---|
| REGISTRASIE VAN GEDEELTELIKESORGFASILITEITE | | |
| a) Tolvrye telefoonlyn b) Korrespondensie aan minister/departementshoof/streeksdirekteur c) Hoofkantoor (VKO) d) Streekskoördineerders e) Klantesorgbeamptes | a) Tolvrye telefoonlyn b) Korrespondensie aan minister/departementshoof/streeksdirekteur c) Hoofkantoor (VKO) d) Streekskoördineerders e) Klantesorgbeamptes | a) Tolvrye telefoonlyn b) Korrespondensie aan minister/departementshoof/streeksdirekteur c) Hoofkantoor (VKO) d) Streekskoördineerders e) Klantesorgbeamptes |
| PLASING VAN KINDERS IN PLEEGSORG | | |
| a) Tolvrye telefoonlyn b) Korrespondensie aan minister/departementshoof/streeksdirekteur c) Hoofkantoor (kindersorg en -beskerming) d) Streekskoördineerders e) Klantesorgbeamptes f) SARMD (Suid-Afrikaanse Raad vir Maatskaplikediensberoep e) | a) Tolvrye telefoonlyn b) Korrespondensie aan minister/departementshoof/streeksdirekteur c) Hoofkantoor (kindersorg en -beskerming) d) Streekskoördineerders e) Klantesorgbeamptes f) SARMD (Suid-Afrikaanse Raad vir Maatskaplikediensberoep e) | a) Tolvrye telefoonlyn b) Korrespondensie aan minister/departementshoof/streeksdirekteur c) Hoofkantoor (kindersorg en -beskerming) d) Streekskoördineerders e) Klantesorgbeamptes f) SARMD (Suid-Afrikaanse Raad vir Maatskaplikediensberoep e) |

2.3 Organisatoriese omgewing

Die Departement se vermoë om sy statutêre mandaat tot uitvoer te bring, word steeds belemmer deur uitdagings verwant aan 'n toenemend nypende finansiële omgewing, 'n toename in die provinsie se populasie, die uitdagings wat uit maatskaplike eeuwels voortspruit en 'n steeds stygende vraag na dienste. Juis om hierdie rede is dit allernoodsaaklik om 'n doeltreffende departement op te bou. Sleutelelemente in die nastrewing van hierdie oogmerk is verbeterings aan die departement se organisatoriese struktuur, die invoer van streng kostebesparingsmaatreëls, die invoer van doeltreffende departementeel bestuursbeheerstelsels en sakeprosesse en die daarstelling van strategieë wat die Departement se dienslewering sal verbeter.

Organisatoriese struktuur

Gedurende die oorsigjaar het die passing en plasing van bestaande personeel ooreenkomsdig die nuwe mikrostruktuur plaasgevind. In die Hoofdirektorate: Maatskaplike Welsyn sowel as Gemeenskap en Vennootskapontwikkeling is 'n werwingsproses van stapel gestuur om die oorblywende vaktures te vul. Die Direktoraat Fasilitatebestuur en Gehalteemonitering is versterk deurdat dit nou ook oor 'n gehalteversekeringsstak beskik wat verseker dat alle departementeelbestuurde en -befondsde KJSS'e voldoen aan die norme en standarde wat in beide die Kinderwet en die Wet op Kindergeregtigheid voorgeskryf word, om sodoende die veiligheid en welstand van hierdie kinders, dikwels die mees kwesbare kinders, in die provinsie te verseker.

Sedert 01 April 2015 maak alle befondsde KJSS'e deel uit van die Direktoraat Fasilitateitsbestuur en Gehalteemonitering ten einde volle beheer oor die kontinuum van sorg vir kinders in alternatiewe residensiële sorg te verseker.

Herstrukturering en modernisering van die eenheid wat korporatiewe dienste op streekvlek lewer, het 'n aanvang geneem aangesien dit nie in 2009 by die eerste herstruktureringsproses ingesluit was nie. Hierdie herstrukturering en modernisering sal in die loop van MTUR geïmplementeer word.

Sakeprosesse

Die DEPARTEMENT het voortgegaan om sy prosesse vir die bestuur van prestasie-inligting te verfy deur 'n nakomingstoetsprojek van stapel te stuur wat die vlak van gehaltebeheer ten opsigte van prestasie-inligting sal opskep. Opleiding in die implementering van die SBP en die Handleiding vir Aanwyserbeskrywings (HAB) is voortgesit, en dit is duidelik dat dit 'n impak het soos uit die skoon audit – die tweede in 'n ry – blyk wat vir die 2014/15-boekjaar behaal is.

'n Departementeel strategie vir die verbetering van kindersorg-en-beskermingsdienste in die Wes-Kaap is ontwikkel vir implementering in die komende boekjaar. Intervensies vervat in hierdie strategie sluit SBP's vir prosesse en procedures verwant aan die implementering van statutêre dienste in en om doeltreffender maatskaplikewerkintervensies te ontwikkel.

In reaksie op die OSW's se behoefté aan 'n gedifferensieerde benadering tot verkryging, het die Departement strategiese verkryging bekendgestel wat 'n samewerkende en gestructureerde proses is om die departement se besteding krities te analyseer en om daardie inligting te gebruik om sakebesluite te neem oor hoe om kommoditeite en dienste meer doeltreffend te bekom. Dit, tesame met die hersiening van die departement se VKB-struktuur en bondige riglyne vir die implementering daarvan, sal 'n doeltreffende, goedtoegeruste VKB-stelsel verseker.

Die Departement sal voortgaan met die implementering van diensskedules as die meganisme om die diensvlakooreenkoms (DVO) te operasionaliseer wat dit met die DvdP se Sentrum vir Korporatiewe Dienste (SKD) aangegaan het. Dit sal ook voortgaan met die implementering en

verfyning van SBP's vir sy eie diensskedules wat te make het met die hantering van dissiplinêre procedures, verlofbestuur en personeelwerwing en -keuring.

MENSEHULPBRONBESTUUR

Indiensneming en vakatures

Die passing en plasing van personeel ooreenkomsdig die Hoof- finansiële beampte -struktuur en die nuwe mikrostruktur vir die Hoofdirektorate: Maatskaplike Welsyn sowel as Gemeenskap- en Venootskapontwikkeling is afgehandel, en werwing vir die oorblywende vakante poste sal in die komende boekjaar gefinaliseer word.

Maatskaplike Werk gegradsueerde wat hulle beursverpligtinge terugwerk, maak die meerderhei

d uit van die poste wat bykomend tot die diensstaat gevul is. Die restant is grootliks te danke aan vorige herstrukturieringsprosesse wat daartoe gelei het dat nienoodsaaklike dienste soos skoonmaak- en sekuriteitsdienste uitbestee is.

Personeelopleiding

Die Departement het op groot skaal in die opleiding van sy personeel belê en het die wetgewende vereiste (1%) oorskry. Die Departement het opleiding vir 194 kinder-en-jeugsorgwerkers (KJSW) van stapel gestuur, wat dit moontlik sal maak om hul kwalifikasies via geakkrediteerde leerderskappe teen die einde van die 2016/17-boekjaar te finaliseer met behulp van befondsing wat bekom is vanaf HWSETA (gesondheid en welsyn SETA) belas is. In die loop van hierdie boekjaar is 79 maatskaplikehulpwerkers (MHW's) aan die hand van vakleerderskapprogramme opgelei. Bevoegdheidstertifisering sal in die nuwe boekjaar plaasvind.

Beurse is toegeken aan daardie gespesialiseerde velde waar 'n tekort aan vaardighede bestaan, soos proef- en substansafhanklikheidsdienste sowel as studies aangaande gesinne. Dit is addisioneel tot die opleiding van maatskaplike werkers in maatskaplike werk supervisie, insluitend wetgewing wat van toepassing is op hul spesialiteitsvelde; sowel as mentoskap en afrigting. Die verskaffing van opleidingsgeleenenthede kan nie oorbeklemtoon word nie omdat dit deur kapasiteitsbou intervensies is wat vaardighede verbeter en die kwaliteit van dienslewering verhoog word.

Tegnologiese omgewing

Die strategiese Inligting- en kommunikasietegnologie (IKT)-plan 2015-20 word op 'n jaarlike grondslag hersien en die prioriteite oor die MTUR is steeds die ontwikkeling van 'n gevallebestuurstelsel (vir eiedienste) en 'n departementele OSW-bestuurstelsel vir uitbestede dienste. In die geval van laasgenoemde, het die departement befondsing ter waarde van R1,1 miljoen komende van die Departement van Staatsdiens en Administrasie (DSDA) vasgemaak wat in die 2015/16 en 2016/17-boekjaar toegewys sal word. Die voorneme hier is om 'n gesentraliseerde stelsel daar te stel wat dit vir die Departement moontlik sal maak om befondsde en onbefondsde OSW's binne die provinsie te bestuur. Die OSW-bestuurstelsel se sake-ontleding is in hierdie verslagdoeningsjaar afgehandel en so ook die spesifisering van funksionele vereistes vir fase 1 en fase 2. Die ontwikkeling van hierdie stelsel sal in die nuwe boekjaar afgehandel word. Fase 1 behels die daarstelling van die eintlike OSW-databasis, terwyl fase 2 te make het met die ontwikkeling van die stelsel om prestasie en finansiële inligting rakende betalings wat aan OSW's gemaak is, te bestuur. Die Departement lewer ook steeds stelseladministrasie-ondersteuning ten opsigte van nasionale IKT-stelsels soos VEPOPAP (slagofferbemagtigingsprogram en register van mishandelde ouer persone), PCM (bestuurstelsel vir voorwaardelikevrylatingsgevalle) en CYCA (kinder-en-jeugsorgtoepassings).

In Maart 2016 het die Departement sy beleid rakende bestuurstoesig oor IT en die toewysing van toerusting gewysig. Die Departement is ook besig om sy IKT-ramphewinningsplan weer in

oënskou te neem en sal voortgaan om stelsels te toets ten einde sakekontinuïteit te verseker indien dit nodig sou wees. Stelseltoetsing kom in hoofsaak daarop neer dat praktiese scenario's wat dalk kan opduik, gedokumenteer word. Hierna word die verskillende oplossings wat gebruik kan word om hierdie scenario's die hoof te bied, geëvalueer.

Met die oog daarop om die voorsiene impak van provinsiale begrotingbesnoeiings oor die MTUR te versag, het die Departement sy plan vir die vervanging van IKT hersien deur die toegelate tydperk vir die vervanging van rekenaars vanaf vier na vyf jaar te verleng. Die verlenging van die bruikbare lewe van bates is 'n belangrike meganisme om in doeltreffendheid oor die mediumtermyn te wen. 'n Verdere toename in doeltreffendheid wat in die loop van die MTUR in die vooruitsig gestel word, behels die departement se migrasie na VOIP aangesien hy aan die provinsiale ontplooiing van breëbandtegnologie gaan deelneem.

Voorts het die Departement generiese e-posadresse vir elk van sy subprogramme ontwikkel. Die vernaamste oogmerk met generiese e-posadresse is om 'n stelsel vir die bestuur van elektroniese kommunikasie daar te stel en om te verseker dat alle rekords na behore gelasseer word. Bestuur van elektroniese rekords word reeds aan toetsing onderwerp, en hierdie proses sal in die nuwe boekjaar voortgesit word onderwyl die verbandhoudende SBP ook in die nuwe boekjaar afgehandel sal word.

2.4 Vername beleidsontwikkelings en veranderings aan wetgewing

- **Wes-Kaapse Departement van Maatskaplike Ontwikkeling se standaardbedryfsprosedure vir die verwydering van straatkinders na 'n plek van veiligheid en daaropvolgende prosesse (2015):** Die SBP is ontwikkel as 'n stap-vir-stap-gids oor hoe om te werk te gaan wanneer 'n kind met 'n behoefte aan sorg en beskerming na 'n plek van veiligheid verwyder word. Dit sit die rolle en verantwoordelikhede uiteen van die departement se personeellede en ander belanghebbendes in die OSW- en polisiëringsektore. Die SBP verskaf besonderhede oor die tydsraamwerke waarby gehou moet word, verskaf omskrywings van straatkinders, bepaal op wie die prosedure van toepassing is, lig toepaslike wetgewing toe, en bevat kontaknommers van die tersaaklike rolspelers.
- **Wes-Kaapse Departement van Maatskaplike Ontwikkeling se strategie vir die verbetering van kindersorg-en-beskermingsdienste (2015):** Hierdie strategie is ontwikkel om die risiko's verwant aan die implementering van die statutêre vereistes, norme en standarde van die Kinderwet te versag. Die strategie identifiseer die kernoorsake van die probleem en die intervensies om hierdie kwessies te hanteer.
- **Gehalteversekeringsraamwerk vir prestasiemonitering van maatskaplikewelsyn- en gemeenskapsontwikkelingdienslewering (2015):** Hierdie raamwerk stem ooreen met die Gehalteversekeringsraamwerk vir Maatskaplike Welsyn (2013) en stel omvattende prestasiemonitering voor via 'n gehalteversekeringsbenadering tot gemeenskapsontwikkeling- en maatskaplikewelsynsdienste in die departement sowel as die OSW-sektor in hierdie provinsie. Dit fokus ook op gehalteverbetering in dienslewering en omskryf die standarde vir diensuitnemendheid en hoe dit gemoniteer en bestuur behoort te word.
- **Die Gehalteversekeringsstrategie vir Kinder-en-jeugsorgsentrums (2015):** Die ontwikkeling en bestuur van 'n strategie om te verseker dat gehalteversekering by kinder-en-jeugsorgsentrums uitgevoer word, soos deur artikel 211 en regulasie 89 van die Kinderwet gemandateer.
- **Verbeterde strategie vir die voorsiening van multiprogramsentrums (2015):** Die ontwikkeling en bestuur van 'n strategie om 'n gepaste verspreiding van behoorlik befondsde, gekoördineerde en bestuurde KJSS'e in die provinsie te verseker wat die verlangde reeks residensiëlesorgprogramme voorsien, soos beoog in artikel 192 van die Kinderwet.

3. STRATEGIESE UITKOMSGEORIËNTEERDE DOELSTELLINGS

Die departementele strategiese beplanningsproses het die vyf strategiese doelstellings, soos vervat in die strategiese plan vir die 2015-2020-boekjaar, bekragtig. Hierdie is:

| | |
|--|---|
| Strategiese uitkomsgeoriënteerde doelstelling 1 | Verbeterde korporatiewe bestuursbeheer Doelstellingverklaring: Die departement implementeer doeltreffende en doelmatige sakeprosesse, met inbegrip van navorsing, beplanning, kennis en prestasiebestuur, en verbeter sodoende sy prestasie in die maatskaplike sektor. Regverdiging: Om die integriteit van sakeprosesse aan die hand van deursigtige, inklusiewe besluitneming en gefokusde implementering gegrond op navorsing te verhoog, sowel as om monitering en verslagdoening in die hand te werk. Sakeprosesse, stelsels en die organisatoriese struktuur sal meer doeltreffend en doelmatig gemaak word ten einde die verbetering van dienslewering ter wille van almal in die provinsie op te skerp. Koppelings: Hierdie doelstelling sluit aan by PSD5: "Om goeie staatsbestuur en geïntegreerde dienslewering deur vennootskappe en die bewerkstelliging van ruimtelike ooreenstemming vas te lê." Dit hou verder ook ten nouste verband met die NOP 2030-uitkomste – "Bou 'n bekwame en ontwikkelingsgerigte staat" en "Beveg korupsie" en die MTSR 2019-uitkomste: "n Doeltreffende, doelmatige en ontwikkelingsgeoriënteerde staatsdiens." |
| Strategiese uitkomsgeoriënteerde doelstelling 2 | Versterk arm en kwesbare mense se maatskaplike funksionering deur maatskaplikewelsynsdienste. Doelstellingverklaring: Versterk maatskaplike funksionering van arm en kwesbare mense deur gepaste ontwikkelingsgerigte maatskaplikewelsynintervensies wat individue en gesinne versterk, in vennootskap met belanghebbers. Regverdiging: Hierdie program het ten doel om 'n kontinuum van ontwikkelingsgerigte maatskaplike dienste aan alle kwesbare individue en groepe te lewer met |

| | |
|---|---|
| | <p>spesifieke verwysing na persone met gestremdhede, ouer persone en diegene wat buitengewone ontberings beleef.</p> <p>Koppelings: Hierdie doelstelling sluit aan by PSD3: "Verhoog welstand en veiligheid en maak werk van maatskaplike euwels." Dit sluit ook aan by nasionale uitkomste 2: "n Lang en gesonde lewe vir alle Suid-Afrikaners"; nasionale uitkomste 11: "Skep 'n beter Suid-Afrika en dra by tot 'n beter en veiliger Afrika in 'n beter wêreld"; en nasionale uitkomste 13: "n Inkusiewe en responsiewe maatskaplikebeskermingstsel".</p> <p>Vording ten opsigte van die strategiese plan en vyf-jaar-teikens: (Let asseblief daarop dat alle prestasies onder hierdie program ten nouste verband hou met die gewenste uitkomste van hoofstuk 11 van die NOP.)</p> <ul style="list-style-type: none"> Die Departement het voorkeur verleen aan residensiële sorgfasiliteite vir verswakte ouer persone sowel as modelle vir alternatiewe sorg en ondersteuning soos dagsorgsentrums, dienssentrums, verposingsorg en selfversorgende en huisgebaseerde sorg. Insgelyks het dit sy befondsingsvlakte weer in oënskou geneem met die oog daarop om te verseker dat die versorging en ondersteuning van ouer persone in residensiële fasiliteite en gemeenskapsgebaseerde versorgingsentrum gehandhaaf word en in samehang met die provinsie se bestaande maatskaplikewelsynsdienste vir ouer persone aangebied word; 8 419 ouer persone maak tans gebruik van befondsde residensiële fasiliteite en 13 805 het toegang tot gemeenskapsgebaseerde sorg- en ondersteuningsdienste verky; Aansienlike vording is gemaak met die verpligte registrasie van befondsde en private residensiële fasiliteite en, derhalwe, ook met die nakoming van norme en standaarde ingevolge die Wet op Ouer Persone (Wet 13 van 2016). Hierdie proses het verhoogde aanspreeklikheid tot gevolg gehad, en het ook daartoe aanleiding gegee dat gesin- en gemeenskapslede meer bewus is van die standaard waaraan dienste moet voldoen; Die Program vir Persone met Gestremdhede verleen steeds ondersteuning aan bestaande maatskaplikewelstandinfrastrukture met die oog daarop om geïntegreerde programme en dienste te lever wat daarop afgestem is om die regte, welstand en sosio-ekonomiese bemagtiging van mense met gestremdhede en hul gesinne te bevorder; Weens 'n toename in die vraag na dienste, het hierdie subprogram sy teikens aansienlik oortref. Daar is oorleg gepleeg oor die strategie om gestremdhedelike deel van die hoofstroom te maak en goedkeuring van hierdie strategie word afgewag; In medewerking met die OSW-sektor, staatsdepartemente en die ouers van kinders met gestremdhede, het die departement die eerste ouerondersteuningstruktur in Atlantis geïnisieer – 'n struktuur wat ondersteuning aan die ouers van kinders met gestremdhede bied; Die departement het sy teiken om noodleniging aan huishoudings wat buitengewone ontberings ervaar, te verskaf met 29% oorskry, en 3 687 van die verwagte 3 940 begunstigdes het maaltye ontvang wat deur departemente voedingspersele voorsien is. |
| Strategiese uitkomsgoriënteerde doelstelling 3 | <p>Omvattende kinder-, gesinsorg- en ondersteuningsdienste om die regte van kinders te beskerm en maatskaplike welsyn te bevorder</p> <p>Doelstellingverklaring: Gepaste kinder- en gesinsorg en ondersteuningsdienste en intervensies wat kinders en gesinne beskerm, ondersteun en hul ontwikkeling faciliteer, in vennootskap met belanghebbers.</p> <p>Regverdiging: Hierdie program het ten doel om 'n kontinuum van ontwikkelingsgerigte maatskaplikewelsynsdienste aan alle kinders en gesinne te lever ten einde die gesinstruktuur te behou.</p> |

| | |
|---|---|
| | <p>Koppelings: Hierdie doelstelling sluit aan by PSD2: "Verbeter onderwysuitkomste en geleenthede vir jeugontwikkeling" en PSD3: "Verhoog welstand en veiligheid en maak werk van maatskaplike euwels." Voorts vind dit aansluiting by nasionale uitkomste 2: "n Lang en gesonde lewe vir alle Suid-Afrikaans"; nasionale uitkomste 11: "Skep h beter Suid-Afrika en dra by tot 'n beter en veiliger Afrika in 'n beter wêreld"; en nasionale uitkomste 13: "Inklusiewe en responsiewe maatskaplikebeskermingsdiens".</p> |
| | <p>Vordering ten opsigte van die strategiese plan en vyf-jaar-teikens:</p> <ul style="list-style-type: none"> • 3 702 kinders in pleegsorg geplaas teenoor h teiken van 3 116. • Met die oog daarop om eenvormigheid in die implementering van nasorgdienste binne streke te bevorder, is bedryfsriglyne vir die aanbieding van na-uuurse kinderbeveiligingsdienste gefinaliseer en deur die Provinciale Minister goedgekeur. • Maatskaplike werkers verbonde aan beide die Departement en OSW's is in verskeie gespesialiseerde bepalings van die Kinderwet opgelei, met insluiting van die volgende: <ul style="list-style-type: none"> ✓ 30 maatskaplike werkers is opgelei in die instrument om veiligheid en risiko's te assesseer, 'n werktuig wat deur maatskaplike werkers ingespan kan word om hul assessoringsvaardighede op te skerp en gepaste aanbevelings te maak vir kinders wat in gevaar verkeer; ✓ 80 maatskaplike werkers het opleiding in aannemings ontvang sodat hulle aanneming as 'n permanente opsie kan oorweeg vir daardie kinders wat h behoeft aan sorg en beskerming het; ✓ 56 maatskaplike werkers is deur FAMAC (die Wes-Kaapse Vereniging van Gesinsbemiddelaars) in bemiddeling opgelei. Hierdie opleiding stel maatskaplike werkers in staat om as bemiddelaars vir kinders in te tree en howe oor die beste belang van kinders te adviseer wanneer ouers nie h ooreenkoms kan bereik nie. • 21 besoeke om prestasie te moniteer, is onderneem. Hierdie besoeke het gehelp om te verseker dat befondsde OSW's aan Oordragbetalingooreenkoms (OBO)-vereistes voldoen en het ook daar toe bygedra dat OSW's se verrigting verbeter het deurdat korrekturelle planne opgestel en gemoniteer is vir daardie organisasies wat nie al te goed vaar nie; • 'n Pleegsorgbestuurder is aangestel om 'n bestuursplan vir pleegsorg te ontwikkel en te bestuur. Dit sal eenvormige bestuur van pleegsorg in die provinsie in die hand werk en ook help om werk te maak van die agterstand wat ten opsigte van pleegsorg ervaar word; • Met die oog op hawelose volwassenes se herintegrasie met hul gesinne en gemeenskappe, het die Departement vennootskappe aangegaan met 23 skuilings wat terapeutiese programme vir haweloses aanbied. Voorts het die Departement vennootskappe aangegaan met 40 OSW's wat terapeutiese programme aanbied, met die insluiting van gesin- en huweliksberading, ouerskapprogramme en bemiddeling ten tye van egskeidings en waar h familie as h groep besluite oor hereniging moet neem; • Die veldtog bekend as "Die eerste duisend dae" is op 17 Februarie 2016 deur die Minister in samewerking met die DvG van stapel gestuur en het ten doel om ouers bewus te maak van watter impak die eerste duisend dae op hul kind se ontwikkeling het en dat daar, vóór daardie kindjie se tweede verjaardag, aan sekere aspekte aandag geskenk moet word; • Die proses om die VKO-program getitel "100 skole" te beplan en te ontwerp, is afgehandel en hierdie program sal in die komende boekjaar bekendgestel word. Dié program sal aanvanklik by sekere persele in Khayelitsha, Philippi en Mitchells Plain sowel as in die Kaapse Wynlande getoets word. |
| Strategiese uitkomsgoriënteerde doelstelling 4 | Maak werk van maatskaplike euwels deur omvattende programme vir die voorkoming van misdaad en die voorkoming en behandeling van middelmisbruik aan te bied. |

| | |
|--|---|
| | <p>Doelstellingverklaring: Verminder maatskaplike euwels deur die voorsiening van maatskaplikemisdaadvoorkoming-, proef- en middelmisbruikdienste wat risikofaktore verlaag en verantwoordelike, veerkrachtige en produktiewe lede van die samelewing ontwikkel.</p> |
| | <p>Regverdiging: Hierdie program het ten doel om 'n kontinuum van gespesialiseerde proefdienste te bied aan persone wat met die gereg bots, sowel as aan hul slagoffers, ten einde weerstand teen risikofaktore verwant aan maatskaplike misdaad te verhoog.</p> |
| | <p>Koppelings: Hierdie doelstelling sluit aan by PSD2: "Verbeter onderwysuitkomste en geleenthede vir jeugontwikkeling" en PSD3: "Verhoog welstand en veiligheid en maak werk van maatskaplike euwels." Voorts vind dit aansluiting by nasionale uitkomste 2: "n Lang en gesonde lewe vir alle Suid-Afrikaners"; nasionale uitkomste 11: "Skep 'n beter Suid-Afrika en dra by tot 'n beter en veiliger Afrika in 'n beter wêreld"; en nasionale uitkomste 13: "n Inklusiewe en responsiewe maatskaplikebeskermingsdiens".</p> |
| | <p>Vordering ten opsigte van die strategiese plan en vyf-jaar-teikens: (Let asseblief daarop dat alle prestasies onder hierdie program ten nouste verband hou met die gewenste uitkomste van hoofstuk 11 van die NOP.)</p> <ul style="list-style-type: none"> • Trefwydte van middelmisbruikintervensies vir die jeug is uitgebrei: 'n Matriksprogram vir die behandeling van buitepasiënte by jeugsorgsentrus is geïmplementeer en 'n behandelingsprogram vir jeugdige binnekasiënte is by die Lindelani-jeugsorgsentrum geïmplementeer; • Gemeenskapsgebaseerde behandelingsdienste het toegeneem te danke aan die opioöedvervangingsprogram en weens die uitbreiding van gemeenskapbehandelingsprogramme na Atlantis, Beaufort-Wes en Ceres; • Skoolgebaseerde dwelmbehandelingsprogramme is na skole in Kuilsrivier, Eersterivier, Steenberg, Lavender Hill, Houtbaai en Elsiesrivier uitgebrei; • 'n Strategie vir die plasing van kinders in KJSS'e is ontwikkel nadat 'n ontleiding van benutte bedspasie teenoor befondsde bedspasie by OSW's aan die lig gebring het dat daar 'n toename in die vraag na bedspasie is; • Middelmisbruik-behandelingsprogramme is by alle staatsbestuurde KJSS'e ontplooい om te verseker dat hierdie diens na behore oral in die provinsie toeganklik is. Gespesialiseerde behandelingsentrus is by Lindelani en De Novo ingerig, met dié gevolg dat meer kinders nader aan hul huise gekommodeer kan word; • Die Departement het aansienlike vordering getoon in die beskikbaarstelling van bykomende spasie vir Wes-Kaapse slagoffers. Skuilingruimte vir manlike slagoffers van geweld en misdaad is van stapel gestuur om as 'n basislyn te dien vir die behoefté aan manlike skuilings in Kaapstad. Vennote wat met slagofferbemagtiging te make het, maak reeds van beschikbare ruimtes in hierdie skuilings gebruik en meld dat daar 'n toename in die opname van verwysde gevalle was – hierdie toetsprojek sal in die komende boekjaar voortgesit word; • Die Departement het die eerste skuiling wat spesifiek vir volwasse slagoffers van mensehandel en hul kinders bedoel is in Suid-Afrika van stapel gestuur. Hierbenewens is 'n nuwe skuiling ook in die laaste kwartaal geaktiveer; • Die model wat by die Khusleka-eenstop-sentrum gevolg word, is ook op 26 Augustus 2015 by die Saartjie Baartman-sentrum ontplooい. Dit het gekulmineer in die ontwikkeling van 'n verwysingsprotokol vir die JMVS-sowel as die Maatskaplikediens-kluster en sal voortaan verseker dat hierdie klusters sowel as die OSW's dienste wat aan slagoffers gelewer word, koördineer. Terapeutiese en psigososiale ondersteuningsdienste vir slagoffers van bendegeweld is na Kraaifontein, Manenberg en die |

| | |
|---|---|
| | <p>Weskus uitgebrei en word ook nou by die Thuthuzela-versorgingsentrum in Worcester aangebied;</p> <ul style="list-style-type: none"> • Opleiding in die gebruik van die VEPOPAR-stelsel is by persele in Khayelitsha en Bredasdorp ontplooい, en hierdie persele het reeds begin om slagoffers wat om hulp aanklop se detail op dié stelsel vas te lê. Die ontplooiing van VEPOPAR is 'n belangrike stap om te verseker dat die stelsel tred hou met slagoffers van geweld en misdaad sodat hoogstaande dienste aan daardie slagoffers gelewer kan word. • Aandag is geskenk aan die behoefté aan terapeutiese dienste vir kinders wie se moeders/versorgers toegang tot skuilingsdienste verkry; • Die Departement, tesame met sy intersektorale vennote, het 'n SBP ontwikkel om slagoffers van misdaad en geweld in die provinsie te bestuur waarin die rolle en verantwoordelikhede van diegene met 'n belang by hierdie sektor uiteengesit word. Belanghebbers sal in die loop van die komende boekjaar opleiding in hierdie SBP ontvang. |
| Strategiese uitkomsgoriënteerde doelstelling 5 | <p>Skep geleenthede deur gemeenskapontwikkelingsdienste</p> <p>Doelstellingverklaring: Skep geleenthede vir individue en gemeenskappe om verhoogde maatskaplike en ekonomiese bemagtiging en veerkrachtigheid te ontwikkel gegrond op empiriese navorsing.</p> <p>Regverdiging: Hierdie program het ten doel om maatskaplike inklusie te bevorder en armoede te verlaag deur toegang tot volhoubare gemeenskapsontwikkelingsprogramme te bied wat geleenthede vir almal skep sodat hulle selfonderhoudend kan word.</p> <p>Koppelings: Hierdie doelstelling sluit aan by PSD2: "Verbeter onderwysuitkomste en geleenthede vir jeugontwikkeling"; PSD3: "Verhoog welstand en veiligheid en maak werk van maatskaplike eeuwels" en PSD5: "Om goeie staatsbestuur en geïntegreerde dienslewering deur vennootskappe en die bewerkstelliging van ruimtelike ooreenstemming vas te lê." Voorts vind hierdie doelstelling aansluiting by nasionale uitkomste 11: "Skep 'n beter Suid-Afrika en dra by tot 'n beter en veiliger Afrika in 'n beter wêreld."</p> <p>Vordering ten opsigte van die strategiese plan en vyf-jaar-teikens:</p> <ul style="list-style-type: none"> • 16 785 jeugdiges het toegang tot Departementele programme verkry, en die teiken om hierdie jeugdiges aan werkgeleenthede en geleenthede vir vaardighedsontwikkeling te koppel, is oortref; • Die Jeugkafee-intervensie is tot vyf persele uitgebrei. Drie van hierdie (Rocklands, Vangate Mall en George) word reeds vanuit hul eie gehuurde persele bedryf. Die oorblywende twee is tans besig om oor gesikte akkommodasie te onderhandel en sal in die komende boekjaar ontplooい word; • Die Ministeriële toekennings vir innoverende jeugdiges is suksesvol ontplooい en dien as verdere aansporing vir OSW's en jeugdiges wat aan vaardighedsprogramme deelneem; • Die meerderheid mense wat by die UOWP se korttermynwerkgeleenthede gebaat het, was vroue; • Te danke aan die DMO se beduidende verbetering in verslagdoening oor UOWP-verwante steun en die mate waartoe OSW's hieraan deelgeneem het, is sy verbandhoudende aansporingstoekenning aansienlik verhoog; • In vennootskap met SASSA is MNL voorsien aan daardie huishoudings wat die grootste nood ervaar, met inbegrip van diegene wat deur rampe getref is; • Maaltye is aan 142 van die 155 MOD's verskaf. Hierdie intervensie het steeds verhoogde skoolbywoning en deelname aan sportaktiwiteite tot gevolg; • Die Departement dra steeds daar toe by om honger in die Wes-Kaap se behoeftige gemeenskappe uit te wis met behulp van geteikende voedingspersele; |

| | |
|--|---|
| | <ul style="list-style-type: none"> • Vennootskappe met ander departemente, OSW's en die privaatsektor is op provinsiale en streekvlak daargestel en bestaande vennootskappe is versterk; • 13 befondsde OSW's (teenoor 'n beplande teiken van 12) het intensiewe begeleiding en opleiding in bestuursbeheer ontvang met spesifieke verwysing na hul rade se vertrouensverantwoordelikheid; • OSW's se kapasiteit op die terreine van finansiële bestuur en goeie bestuurstoesig is ontwikkel, met spesifieke verwysing na daardie OSW's wie se befondsing dalk weens nienakoming opgeskort kan word; • 'n Spesiale program is aangebied vir diegene wat opleiding aan OSW's moet bied sodat die departement se amptenare belas met opleiding in staat sal wees om geselekteerde opleiding vir OSW's binne hul streke aan te bied; • Memoranda van verstandhouding rakende die geïntegreerde ontwikkelingsbeplanningsprogram (GOP) word steeds in samehang met munisipaliteite ontwikkel en dienstvlakoorseenkomste-DVO's word met die privaatsektor aangegaan om hulpbronne vir 'n verbeterde impak in gemeenskappe te bekom. |
|--|---|

4. PRESTASIE-INLIGTING PER PROGRAMME

4.1 PROGRAM 1: ADMINISTRASIE

Doeleind

Hierdie program omvang die strategiese bestuur- en ondersteuningsdienste op alle vlakke van die departement, d.w.s. provinsiale, streek-, distrik- en fasilitet/institusionelevlak. Die SKD is in die DvdP gevestig⁶.

Subprogramme

- 1.1. Kantoor van die LUR
- 1.2. Korporatiewe bestuursdienste
- 1.3 Distriksbestuur

Strategiese doelwitte

- Om strategiese ondersteuningsdienste te voorsien ten einde goeie bestuursbeheer en dienslewering van gehalte te bevorder.

AANWYSERS VIR STRATEGIESE DOELWITTE

| SUBPROGRAM 1.2: KORPORATIEWE DIENSTE Om die gemoderniseerde organisatoriese struktuur vir dienslewering te implementeer | | | | | |
|---|----------------------------|---|---|---|-------------------------|
| Prestasie-aanwyser vir strategiese doelwit | Werklike prestasie 2014/15 | Beplande teiken 2015/16 | Werklike prestasie 2015/16 | Afwyking van beplande teiken teenoor werklike prestasie vir 2015/16 | Opmerking oor afwykings |
| OG se mening oor die geouditeerde finansiële state en verslag rakende die bruikbaarheid en betroubaarheid van gerapporteerde prestasie-inligting. | Skoon oudit ⁷ | Ongekwalifiseerde auditmening sonder beklemtoningsaangeleenthede en geen wesentlike bevindinge oor die bruikbaarheid en betroubaarheid van gerapporteerde prestasie-inligting nie | Inligting slegs beskikbaar teen 15 Julie 2016 | | |

⁶ Die SKD Dienste lewer die volgende ondersteuningsdienste aan die departement: Mensehulpbronbestuur, e-Innovasie, organisatoriese ontwikkeling, provinsiale opleiding, korporatiewe versekering, regsdienste en korporatiewe kommunikasie.

⁷ 'n Skoon oudit verwys na 'n ongekwalifiseerde auditmening sonder beklemtoningsaangeleenthede en geen wesentlike bevindinge oor die bruikbaarheid en betroubaarheid van gerapporteerde prestasie-inligting nie.

PRESTASIE-AANWYSERS

| SUBPROGRAM 1.2: KORPORATIEWE DIENSTE | | | | | |
|---|-------------------------------|-----------------------------|----------------------------------|--|---|
| Prestasie-aanwysers | Werklike prestasie 2014/15 | Beplaande teiken 2015/16 | Werklike prestasie 2015/16 | Afwyking van beplaande teiken teenoor werklike prestasie vir 2015/16 | Opmerking oor afwykings |
| PROVINSIALE PRESTASIE-AANWYSERS | | | | | |
| Getal opleidingsintervensies vir maatskaplikewerk- en maatskaplikewerkverwante beroepe | 34 | 25 | 25 | - | - |
| Getal gegradeerde/voorgaadse interns | 185 | 115 | 115 | - | - |
| Getal interns verbонde aan die Premier se "bevordering van die jeug"- internskaproogram | 20 | 20 | 20 | - | - |
| MPAT-vlak vir die bestuurstandaard: Monitering en evaluering | Nuwe aanwyser | 4 | 3 | -1 | Bykomende standaarde bygevoeg na goedkeuring van die 15/16 JPP: Monitering is van evaluering geskei en implementering van verbeteringsplanne is as 'n standaard bygevoeg. Die bewystoets was dus strenger en bewyse wat ingedien is ten opsigte van implementering van verbeteringsplanne is nie deur Departement van Prestasiemonitoring en - Evaluering (DPME) aanvaar nie. |
| MPAT-vlak vir die bestuurstandaard: Strategiese planne | Nuwe aanwyser | 4 | 4 | - | - |
| MPAT-vlak vir die bestuurstandaard: Jaarlikse prestasieplanne | Nuwe aanwyser | 4 | 3.5 | -0.5 | Bykomende bewyse wat gedurende die uitdagingstydperk ingedien is, is nie deur DPME aanvaar nie. |

| SUBPROGRAM 1.2: KORPORATIEWE DIENSTE | | | | | |
|---|-------------------------------|----------------------------|----------------------------------|---|---|
| Prestasie-aanwysers | Werklike prestasie 2014/15 | Beplande teiken 2015/16 | Werklike prestasie 2015/16 | Afwyking van beplande teiken teenoor werklike prestasie vir 2015/16 | Opmerking oor afwykings |
| MPAT-vlak vir die bestuurstandaard: Korporatiewe bestuursbeheer van IKT | Nuwe aanwyser | 4 | 4 | - | - |
| MPAT-vlak vir die prestasie-area: Voorsieningskanaalbestuur | MPAT: Vlak 4 SBOV: 3 | 3 | 4 | +1 | Die VKB-eenheid het die korporatiewe bestuursbeheeroorsig en -vooruitskouing en 'n nuwe organisatoriese struktuur aanvaar en geïmplementeer ten einde hoër vlakke van bestuursbeheer sistematies te bereik. |
| MPAT-vlak vir die prestasie-area: Finansiële bestuur | MPAT: 3.8 SBOV: 3+ | 3 | 4 | +1 | Herorganisering van prosesse en stelsels het 'n verbetering in die bedrywighede van die eenheid finansies tot gevolg gehad. |

Programprestasies

- 88,6% van die Departement se gemodereerde MPAT-punte is op vlak 3 en 4, d.w.s. 8,6% bō die verlangde standaard vir gemodereerde punte op hierdie vlakke;
- Departement het sy vakaturekoers tot die aanvaarbare norm van 5,4% verlaag;
- Die volgende opleidingsgeleenthede is aangebied:
 - ✓ Opleiding van 25 personeellede by streek- en hoofkantore in gebare taal sodat ons personeel in die behoeftes van persone met gestremdhede kan voorsien;
 - ✓ Opleiding van 80 maatskaplikehulpwerkers;
 - ✓ Daar is met die opleiding van 200 KJSW begin sodat hulle formele kwalifikasies kan verwerf.
- Die volgende navorsing- en evalueringsverslae is afgehandel:
 - ✓ 'n Evaluering van dienste om gesinne in die Wes-Kaap te herenig;
 - ✓ 'n Evaluering van psigososiale dienste vir wees- en kwesbare kinders;
 - ✓ 'n Evaluering van dienssentrum vir ouer persone;
 - ✓ 'n Verslag oor die ontleding van sosiodemografiese tendense;
 - ✓ 'n Evaluering van skuilings vir slagoffers van gesinsgeweld;
 - ✓ 'n Evaluering van Jeugkafees.

Strategie om areas van onderprestasie die hoof te bied:

- Ontwikkeling en implementering van korrektiewe aksieplanne ten opsigte van MPAT-standaarde waar JPP-teikens nie behaal is nie en, oorhoofs, om die gemodereerde MPAT-punte wat laer as vlak 3 was, te verbeter.

Veranderings aan beplande teikens

Geen

Prestasie gekoppel aan begrotings

Die program het 100% van sy begroting van R174,273 miljoen vir die 2015/16-boekjaar bestee vergeleke met 91,3% wat in die 2014/15-boekjaar bestee is. Die onderbesteding van R17.9 miljoen wat voorgekom het, was as gevolg van oponthoude met die implementering van infrastruktuurprojekte.

Tabel D: Subprogrambesteding

| Subprogram se naam | 2015/16 | | | 2014/15 | | |
|------------------------------|------------------|-------------------|------------------------|------------------|-------------------|------------------------|
| | Finale Begroting | Werklike Uitgawes | (Oor-)/ Onderbesteding | Finale Begroting | Werklike Uitgawes | (Oor-)/ Onderbesteding |
| Administrasie | R'000 | R'000 | R'000 | R'000 | R'000 | R'000 |
| Kantoor van die LUR | 5 864 | 5 864 | - | 6 777 | 6 777 | - |
| Korporatiewe bestuursdienste | 114 989 | 114 989 | - | 147 968 | 132 189 | 15 779 |
| Distrikbestuur | 53 420 | 53 420 | - | 52 223 | 50 077 | 2 146 |
| Totaal | 174 273 | 174 273 | - | 206 968 | 189 043 | 17 925 |

4.2 PROGRAM 2: MAATSKAPLIKEWELSYNSDIENSTE

Doeleind

Verskaf geïntegreerde ontwikkelingsgerigte maatskaplikewelsynsdienste aan arm en kwesbare mense in vennootskap met belanghebbers en organisasies vanuit die burgerlike samelewing.

Subprogramme

- | | |
|-----------------|--------------------------------------|
| Subprogram 2.1: | Bestuur en ondersteuning |
| Subprogram 2.2: | Dienste vir ouer persone |
| Subprogram 2.3: | Dienste aan persone met gestremdhede |
| Subprogram 2.4: | MIV en VIGS |
| Subprogram 2.5: | Maatskaplike noodleniging |

Strategiese doelwitte

- 2.2 Verseker toegang tot maatskaplike ontwikkelingsdienste van gehalte vir arm en kwesbare ouer persone.
- 2.3 Voorsiening van geïntegreerde programme en dienste aan persone met gestremdhede en hul gesinne/versorgers.
- 2.4 'n Beleidsbesluit is geneem dat MIV/VIGS-intervensies en die begroting daarvoor by die program vir kindersorg-en-beskerming geïntegreer sal word.
- 2.5 Om toegang tot onmiddellike of tydelike maatskaplike noodlenigingsdienste te faciliteer vir diegene wat deur rampe en buitensporige ontberings geraak word.

AANWYSERS VIR STRATEGIESE DOELWITTE

| SUBPROGRAM 2.2: DIENSTE VIR OUER PERSONE Verseker toegang tot maatskaplike ontwikkelingsdienste van gehalte vir arm en kwesbare ouer persone | | | | | |
|---|----------------------------|-------------------------|----------------------------|---|--|
| Prestasie-aanwyser vir strategiese doelwit | Werklike prestasie 2014/15 | Beplande teiken 2015/16 | Werklike prestasie 2015/16 | Afwyking van beplande teiken teenoor werklike prestasie vir 2015/16 | Opmerking oor afwykings |
| Getal kwesbare ouer persone wat toegang tot maatskaplike-ontwikkelingsdienste van gehalte in die provinsie verkry | 22 625 | 25 884 | 22 845 | -3 039 | Begunstigdes jonger as 60 jaar kon nie getel word nie (1159 in gemeenskapgebaseerde dienste en 519 in befondsde residensiële fasiliteite), en fasiliteite kon dit nie bekostig om vakatures te vul nie aangesien staatspensioene en -subsides laer is as die werklike koste. |

PRESTASIE-AANWYSERS

| SUBPROGRAM 2.2: DIENSTE VIR OUER PERSONE | | | | | |
|--|----------------------------|-------------------------|----------------------------|---|--|
| Prestasie-aanwyser | Werklike prestasie 2014/15 | Beplande teiken 2015/16 | Werklike prestasie 2015/16 | Afwyking van beplande teiken teenoor werklike prestasie vir 2015/16 | Opmerking oor afwykings |
| SEKTORPRESTASIE-AANWYSERS | | | | | |
| Getal ouer persone wat toegang tot befondsde residensiële fasiliteite verkry | 8 988 | 9 688 | 8 419 | -1269 | Onderprestasie toe te skryf aan sterftes, fasiliteite wat nie kon bekostig om vakatures te vul nie omdat staatspensioene en -subsides laer is as die werklike koste en mense wat jonger as 60 was en dus nie ingesluit kon word nie. |
| Getal ouer persone wat toegang tot gemeenskapsgebaseerde versorging- en ondersteuningsdienste verkry | 13 302 | 15 265 | 13 805 | -1460 | OSW's se nienakoming van vereistes vir verslagdoening sowel as 'n toename in die getal persone jonger as 60 jaar. Die vakansieseisoen en gure weer het ook bywoning beïnvloed. |
| PROVINSIALE PRESTASIE-AANWYSERS | | | | | |

| SUBPROGRAM 2.2: DIENSTE VIR OUER PERSONE | | | | | |
|---|----------------------------|-------------------------|----------------------------|---|--|
| Prestasie-aanwyser | Werklike prestasie 2014/15 | Beplande teiken 2015/16 | Werklike prestasie 2015/16 | Afwyking van beplande teiken teenoor werklike prestasie vir 2015/16 | Opmerking oor afwykings |
| Getal ouer persone wat toegang verkry tot ondersteunende en onafhanklike inwoningsfasiliteite wat deur DMO befonds word | 335 | 931 | 621 | -310 | Fasiliteite kon nie bekostig om vakatures te vul nie omdat staatspensioene en -subsides laer is as die werklike koste. |

Programprestasies:

- Aansienlike vordering is gemaak met die verpligte registrasie van befondsde en private residensiële fasiliteite vir ouer persone en, derhalwe, ook met die nakoming van norme en standaarde ingevolge die Wet op Ouer Persone. Hierdie proses het verhoogde aanspreklikheid tot gevolg gehad, en het ook daar toe aanleiding gegee dat gesin- en gemeenskapslede meer bewus is van die standaard waaraan dienste moet voldoen.

Strategie om areas van onderprestasie die hoof te bied:

- Kapasiteitsbou met die diensverskaffers om nakoming ten opsigte van verslagdoening te verbeter;
- Hersien beskrywing van aanwyser vir 2017/18 ten opsigte van ouer persone wat toegang verkry tot befondsde residensiële fasiliteite, dienssentrus en onafhanklike en ondersteunde inwoningsfasiliteite.

AANWYSERS VIR STRATEGIESE DOELWITTE

| SUBPROGRAM 2.3: DIENSTE AAN PERSONE MET GESTREMDHEDE | | | | | |
|--|----------------------------|-------------------------|----------------------------|---|--|
| Voorsiening van geïntegreerde programme en dienste aan persone met gestremdhede en hul gesinne/versorgers | | | | | |
| Prestasie-aanwyser vir strategiese doelwit | Werklike prestasie 2014/15 | Beplande teiken 2015/16 | Werklike prestasie 2015/16 | Afwyking van beplande teiken teenoor werklike prestasie vir 2015/16 | Opmerking oor afwykings |
| Getal persone met gestremdhede, hul gesinne/versorgers wat toegang tot ontwikkelingsgerigte maatskaplike welsynsdienste verkry | 59 870 | 78 852 | 85 475 | +6 623 | Daar is 'n baie hoë vraag vir hierdie dienste. |

PRESTASIE-AANWYSERS

| SUBPROGRAM 2.3: DIENSTE AAN PERSONE MET GESTREMDHEDE | | | | | |
|---|-------------------------------|----------------------------|-------------------------------|---|--|
| Prestasie-aanwyser | Werklike prestasie 2014/15 | Beplande teiken 2015/16 | Werklike prestasie 2015/16 | Afwyking van beplande teiken teenoor werklike prestasie vir 2015/16 | Opmerking oor afwykings |
| SEKTORPRESTASIE-AANWYSERS | | | | | |
| Getal befondsde residensiële fasiliteite vir persone met gestremdhede | - | 33 | 33 | - | - |
| Getal persone met gestremdhede wat toegang tot befondsde residensiële fasiliteite verkry | 1 414 | 1 436 | 1 421 | -15 | Vakatures weens sterftes en inwoners wat die fasiliteite verlaat. |
| Getal persone met gestremdhede wat toegang tot dienste in befondsde beskermende werkswinkels verkry | 2 530 | 2 767 | 2 815 | +48 | Verhoogde vraag na dienste |
| PROVINSIALE PRESTASIE-AANWYSERS | | | | | |
| Getal persone met gestremdhede in DMO-befondsde gemeenskapsgebaseerde dagsorgprogramme | 603 | 777 | 874 | +97 | Verhoogde vraag na dienstepersoneel en oorhoofse koste bly onveranderd |
| Getal persone wat toegang verkry tot DMO-befondsde OSW gespesialiseerde ondersteuningsdienste | 55 323 | 73 872 | 80 365 | +6 493 | Verhoogde aantal begunstigdes as gevolg van program om bewustheid van gestremdes se regte te skep en verbeterde verslagdoening vanaf derde kwartaal. |

Programprestasies

- Uitbreiding van dienste – toename in bedspasie in residensiële fasiliteite, werkspasies by die beskutte werkswinkels, dagsorgfasiliteite en bykomende betaling vir opleiding en programimplementeerders vir spesiale dagsorgfasiliteite;
- Groter bewustheid wat geskep is van gestremdes se regte het daar toe bygedra dat gestelde teikens oorskry is;

- Program met die eerste ouerondersteuningstruktuur in Atlantis geïnisieer; hierdie struktuur verleen ondersteuning aan ouers van kinders met gestremdhede.

Strategie om areas van onderprestasie die hoof te bied

Geen

Veranderings aan beplande teikens

Geen

SUBPROGRAM 2.4: MIV EN VIGS

Hierdie funksie word deur die program vir kindersorg-en-beskerming behartig.

AANWYSERS VIR STRATEGIESE DOELWITTE

SUBPROGRAM 2.5: MAATSKAPLIKE NOODLENIGING

Om toegang tot onmiddellike of tydelike maatskaplike noodlenigingsdienste te faciliteer vir diogene wat deur rampe en buitensporige ontberings geraak word

| Prestasie-aanwyser vir strategiese doelwit | Werklike prestasie 2014/15 | Beplande teiken 2015/16 | Werklike prestasie 2015/16 | Afwyking van beplande teiken teenoor werklike prestasie vir 2015/16 | Opmerking oor afwykings |
|---|----------------------------|-------------------------|----------------------------|---|--|
| Getal ramp- en ontberingsgevalle (huishoudings) wat geëvalueer en na SASSA vir maatskaplike noodleniging of rampvoordele verwys is. | Nie verifieerbaar nie | 10 522 | 3 556 | -6 966 | Verwysings hang van behoefte en versoek vir noodleniging af. Daar was meer ontberingsgevalle as verwag as gevolg van die swak ekonomiese klimaat en werkloosheid, maar die Wes-Kaap het minder rampe beleef. |

PRESTASIE-AANWYSERS

| SUBPROGRAM 2.5: MAATSKAPLIKE NOODLENIGING | | | | | |
|---|-------------------------------|----------------------------|-------------------------------|---|--|
| Prestasie-aanwyser | Werklike prestasie 2014/15 | Beplande teiken 2015/16 | Werklike prestasie 2015/16 | Afwyking van beplande teiken teenoor werklike prestasie vir 2015/16 | Opmerking oor afwykings |
| PROVINSIALE PRESTASIE-AANWYSERS | | | | | |
| Getal ontberingsgevalle (huishoudings) wat geëvalueer en na SASSA vir maatskaplike noodleniging of rampvoordele verwys is | Nie verifieerbaar nie | 1 740 | 2 256 | +516 | Vraag na dienste weens swak ekonomiese klimaat en werkloosheid |
| Getal rampgevalle (huishoudings) wat geëvalueer en na SASSA vir maatskaplike noodleniging of rampverligting verwys is | Nie verifieerbaar nie | 8 782 | 1 300 | -7 482 | Gedurende die oorsigjaar het die Wes-Kaap minder rampe as gevolg van brande ervaar |

Programprestasies

- Die verhouding tussen die Departement, SASSA en die Wes-Kaapse rampbestuursentrum het daartoe bygedra dat die WKR doeltreffender op rampe kon reageer.

Strategie om areas van onderprestasie die hoof te bied

- Die strategie om rampe te hanteer, is in plek.

Veranderings aan beplande teikens

Geen

Prestasie gekoppel aan begrotings

- Die program het 99.2% van sy begroting van R725,708 miljoen vir die 2015/16-boekjaar bestee. Die onderbestede fondse van R5,831 miljoen hou verband met onderbesteding aan VvW omdat gesikte kandidate nie via die werwingsproses gevind kon word nie sowel as interne bevorderings en personeel wat die Departement se diens verlaat het. In die 2014/15-boekjaar het die program daarin geslaag om 99.2% van sy begroting van R640,190 miljoen te bestee en die minimale onbestede fondse van R5,326 miljoen hou verband met die opskorting van fondse vir nienakomende organisasies.

Tabel E: Subprogrambesteding

| Subprogram se naam | 2015/16 | | | 2014/15 | | |
|--------------------------------------|------------------|-------------------|-------------------------|------------------|-------------------|-------------------------|
| | Finale Begroting | Werklike Uitgawes | (Oor-) / Onderbesteding | Finale Begroting | Werklike Uitgawes | (Oor-) / Onderbesteding |
| Maatskaplike welsynsdienste | R'000 | R'000 | R'000 | R'000 | R'000 | R'000 |
| Bestuur en ondersteuning | 394 245 | 388 516 | 5 729 | 374 846 | 370 425 | 4 421 |
| Dienste vir ouer persone | 195 523 | 195 523 | - | 175 195 | 174 720 | 475 |
| Dienste aan persone met gestremdhede | 134 232 | 134 130 | 102 | 90 149 | 89 719 | 430 |
| Maatskaplike noodleniging | 1 708 | 1 708 | - | - | - | - |
| Totaal | 725 708 | 719 877 | 5 831 | 640 190 | 634 864 | 5 326 |

4.3 PROGRAM 3: KINDERS EN GESINNE

Doe|

Om in vennootskap met belanghebbers en organisasies vanuit die burgerlike samelewing omvattende kinder- en gesinsorg- en -ondersteuningsdienste aan gemeenskappe te lewer.

Subprogramme

| | |
|-----------------|--|
| Subprogram 3.1: | Bestuur en ondersteuning |
| Subprogram 3.2: | Sorg en dienste vir gesinne |
| Subprogram 3.3: | Kindersorg-en-beskerming |
| Subprogram 3.4: | VKO en gedeeltelike sorg |
| Subprogram 3.5: | Kinder-en-jeugsorgsentrums |
| Subprogram 3.6: | Gemeenskapsgebaseerde versorgingsdienste aan kinders |

Strategiese doelwitte

- 3.2 Geïntegreerde en geteikende intervensies wat op die bou van veerkragtige gesinne fokus.
- 3.3 Fasiliteer die voorsiening van 'n kontinuum van dienste wat die welstand van kinders bevorder en die veerkragtigheid van gesinne en gemeenskappe opbou om vir hulle kinders te sorg en hulle te beskerm.
- 3.4 Fasiliteer 'n koesterende, sorgsame en veilige omgewing waarin kinders kan oorleef sowel as fisies gesond, verstandelik helder, emocioneel beveilig, en sosiaal bedrewen kan wees en in staat kan wees om te leer.
- 3.5 Fasiliteer die voorsiening van programme vir alternatiewe sorg en ondersteuning vir kinders wat 'n behoefte aan sorg en beskerming het.
- 3.6 Fasiliteer die voorsiening van gemeenskapsgebaseerde kinder- en jeugsorgdienste om toegang vir meer kwesbare kinders te verbeter.

AANWYSERS VIR STRATEGIESE DOELWITTE

| SUBPROGRAM 3.2: VERSORGING VAN EN ONDERSTEUNINGSDIENSTE AAN GESINNE Geïntegreerde en geteknde intervensies wat op die bou van veerkratige gesinne fokus | | | | | |
|--|----------------------------|-------------------------|----------------------------|---|-------------------------------|
| Prestasie-aanwyser vir strategiese doelwit | Werklike prestasie 2014/15 | Beplande teiken 2015/16 | Werklike prestasie 2015/16 | Afwyking van beplande teiken teenoor werklike prestasie vir 2015/16 | Opmerking oor afwykings |
| Die getal gesinne wat toegang verky tot ontwikkelingsgerigte maatskaplike welsynsdienste wat gesinne en gemeenskappe versterk | 23 490 | 20 539 | 24 143 | +3 604 | h Hoë vraag na gesinsdienste. |

PRESTASIE-AANWYSERS

| SUBPROGRAM 3.2: VERSORGING VAN EN ONDERSTEUNINGSDIENSTE AAN GESINNE | | | | | |
|--|----------------------------|-------------------------|----------------------------|---|---|
| Prestasie-aanwyser | Werklike prestasie 2014/15 | Beplande teiken 2015/16 | Werklike prestasie 2015/16 | Afwyking van beplande teiken teenoor werklike prestasie vir 2015/16 | Opmerking oor afwykings |
| SEKTOPRESTASIE-AANWYSER | | | | | |
| Getal gesinne wat aan programme vir die behoud van gesinne deelneem ⁸ | 14 160 | 11 753 | 14 931 | +3 178 | Vraag na hierdie diens en verbetering in die verifiëring van prestasie-inligting |
| Getal gesinslede wat met hul gesinne herenig is | 422 | 345 | 412 | +67 | Implementering van die riglyne oor herenigingsdienste by skuilings vir haweloze volwassenes het tot 'n verbetering in die proses van hereniging aanleiding gegee. |
- Lugversorgers, diewering en sekuriteitshekke is by Kannaland se DLA geïnstalleer.

- Ontwikkelings verwant aan die bogenoemde wat na verwagting 'n impak op die departement se lopende uitgawes sal hê**

Geen.

- Veranderings ten opsigte van batebesit**

- Die totale kapitale bates in die Departement se besit het (bereken teen kosprys) op 31 Maart 2016 R101,057 miljoen beloop. Die jaarlikse voorraadopname-oefening is op 16 Maart 2016 afgehandel. Alle batebesonderhede is op die bateregister vasgelê en is akkuraat, betroubaar en korrek geklassifiseer en van rekenskap gegee. Daar word gereeld op 'n deursigtige wyse weggedoen met alle verouderde, onbruikbare en beschadigde bates;
- In totaal is daar in die loop van die 2015/16-boekjaar met 156 bates weggedoen;
- In totaal is 137 bates in die loop van die 2015/16-boekjaar afgeskryf.

Tabel G: 'n Uiteensetting van die vernaamste (kapitale) batebesit is as volg:

| Magasyn | Kosprys |
|-------------------------|------------------------|
| Hoofkantoor | R12 664 360.82 |
| Metro-Suidstreek | R4 949 467.84 |
| Metro-Oosstreek | R3 941 965.56 |
| Metro-Noordstreek | R3 802 800.30 |
| Eden-Karoostreek | R3 132 607.77 |
| Kaapse Wynlandestreek | R3 933 180.86 |
| Weskusstreek | R2 591 823.67 |
| Fasiliteite | R10 403 985.29 |
| Departementele voertuie | R55 636 951.32 |
| TOTAAL | R101 057 143.40 |

Bates gedurende die 2015/16-boekjaar vervreem

Die totale waarde van bates wat in die 2015/2016-boekjaar vervreem is, beloop R11 001 323.89. Batevervreemding hou verband met 60 staatsvoertuie, wat deur SMV vervang is; 137 stukke IKT-toerusting, wat as onverhaalbaar afgeskryf is; en 156 kapitale bates waarmee in die normale verloop van sake weggedoen is.

- Maatreëls wat getref is om te verseker dat die departement se bateregister bygehou word:**

Bates word op die datum van ontvangs aangeteken, en hierbenewens word maandelikse rekonsiliasies tussen batebesteding en die bateregister uitgevoer. Daar word ook van kostesentrums verwag om maandelikse steekproewe op die bates onder hulle beheer uit te voer en om enige veranderings te rapporteer wat in die proses geïdentifiseer word. Sodoende word oombliklike opdatering van die bateregister in die hand gewerk. Die jaarlikse bateverifiëring word voorts onderneem om te verseker dat die bateregister volledig en akkuraat is.

- Die huidige stand van die departement se kapitaalbates**

Die huidige stand van die Departement se kapitaalvoorraad:

20% van bates is in 'n goeie (bruikbare) toestand en 75% van bates is in 'n billike (bruikbare) toestand; die oorblywende 5% van bates is in 'n swak toestand en behoort vervreem te word.

- Vername instandhoudingsprojekte wat onderneem is**

Instandhoudingswerk is in die loop van die oorsigjaar by Vredelus se KJSS onderneem. Alle koste is deur DVOW gedek.

- Vordering wat gemaak is om werk te maak van die instandhoudingsagterstand**

Verskeie instandhoudingsprojekte is, soos hierbo uiteengesit, onderneem. Daar kon egter nie in totaliteit van die instandhoudingsagterstand werk gemaak word nie hoofsaaklik weens die gebrek aan fondse wat deur die DVOW ervaar word.

Tabel I: Infrastruktuurprojekte

| Infrastruktuurprojekte | 2015/16 | | | 2014/15 | | |
|--|---------------------------|-------------------------------|---|------------------------------|-------------------------------|---|
| | Finale Begroting R'000 | Werklike Uitgawes R'000 | (Oor-)/ Onder- besteding R'000 | Finale Begroting R'000 | Werklike Uitgawes R'000 | (Oor-)/ Onder- besteding R'000 |
| Nuwe en vervangende bates | 149 541 848 | 126 177 720 | | | | |
| Bestaande infrastruktuur-bates | | | | | | |
| - Opgraderings en toevoegings | | | | | | |
| - Rehabilitasie, reparasie en opknapping | 40 699 000 | 12 376 455 | | | | |
| - Instandhouding en herstelwerk | 1 168 662 | 1 048 772 | | | 1 342 686 | |
| Infrastruktuur-oordrag | | | | | | |
| - Lopend | | | | | | |
| - Kapitaal | | | | | | |
| Totaal | 191 409 510 | 139 602 947 | | | 1 342 686 | |

DEEL C: BESTUURSTOESIG

DEEL C: BESTUURSTOESIG

1. INLEIDING

Die Departement se verbintenis daartoe om die hoogste standaarde van bestuurstoesig te handhaaf, lê die grondslag vir die bestuur van openbare fondse en hulpbronne. Gebruikers wil die verskering hê dat die Departement goeie bestuurstoesigstrukture in plek het vir die doeltreffende, doelmatige en ekonomiese benutting van staatshulpbronne wat deur die belastingbetalers befonds word.

2. RISIKOBESTUUR

Die DMO se Rekenpligtige Beamppte (RB) neem verantwoordelikheid vir die implementering van Ondernemingsrisikobestuur (ORB) ooreenkomsdig die NT se risikobestuursraamwerk vir die openbare sektor en die Direktoraat: Ondernemingsrisikobestuur (D:ORB) in die DvdP lewer 'n gesentraliseerde strategiese ondersteuningsdiens aan die Departement.

Ter nakoming van die NT se risikobestuursraamwerk vir die openbare sektor en om risikobestuur verder binne die Departement vas te lê, het die WKR die ORB-beleidsverklaring aanvaar waarin die WKR se algehele voorneme ten opsigte van ORB uiteengesit word. Die Departement het die ORB-beleid vir 2015/16 – 2019/20, soos op 28 April 2015 deur die rekenpligtige beamppte goedgekeur, aanvaar sowel as die ORB-strategie en -implementeringsplan vir 2015/16 wat op 28 April 2015 deur die Rekenpligtige Beamppte goedgekeur is. Die ORB-implementeringsplan het die departementele ORB-beleid en -strategie tot uitvoer gebring en sit die rolle en verantwoordelikhede van bestuur en personeel uiteen in soverre risikobestuur in die Departement aanbetrif.

Die Departement het beide beduidende strategiese en programrisiko's wat 'n impak op die bereiking van sy doelwitte kan hê op 'n kwartaallikse basis geëvalueer. Risiko's is geprioritiseer gegrond op die waarskynlikheid en impak (inherent en residueel) daarvan en daar is op addisionele mitigasie ooreengekom ten einde risiko's tot aanvaarbare vlakke te verlaag. Nuwe/opkomende risiko's is tydens die kwartaallikse oorsigproses geïdentifiseer.

Die Departement het 'n komitee vir ondernemingsrisikobestuur (ERMCO) daargestel om die RB van hulp te wees met die uitvoering van sy pligte wat met risikobestuur verband hou. Dié komitee het ooreenkomsdig die opdrag wat op 30 April 2015 deur die RB goedgekeur is, opgetree. ERMCO het in hoofsaak die doeltreffendheid geëvalueer van daardie strategieë wat geïmplementeer is om die departement se risiko's te versag en, waar tersaaklik, verdere optrede aanbeveel.

Die Auditkomitee het die onafhanklike oorsig van die departement se stelsel van risikobestuur voorsien. Die Auditkomitee is van kwartaallikse ORB-vorderingsverslae sowel as departementele risikoprofiele en -registers voorsien sodat dié komitee sy onafhanklike oorsigrol kan vervul. Die Auditkomitee se evaluering van die risikobestuursproses hou verband met vordering ten opsigte van die implementering van die ORB-implementeringsplan en risiko's waarvoor die departement te staan kom sowel as ooreenstemmende risiko-respons/behandelingstrategieë.

3. BEDROG EN KORRUPSIE

Die WKR het 'n teenkorruksiestrategie aanvaar wat die Provinse se houding van zeroverdraagsaamheid teenoor bedrog en korruksie bekratig. Die Departement het 'n bedrogvoorkomingsplan sowel as 'n bedrogvoorkoming-implementeringsplan goedgekeur. Laasgenoemde bekratig die Bedrogvoorkomingsplan.

Verskeie kanale vir die rapportering van beweerde bedrog en korruksie bestaan en hierdie word in detail in die Provinciale Teenkorruksiestrategie en die Departementele Bedrogvoorkomingsplan beskryf. Elke bewering wat deur die eenheid vir Provinciale Forensiese Dienste (PFD) ontvang word, word in 'n sakebestuurstelsel aangeteken wat as 'n bestuurswerktuig gebruik word om verslag te doen oor vordering met sake wat met die Departement verband hou en om statistiek vir die Provinse en die Departement voort te bring.

Werknemers wat die fluitjie blaas rakende vermoede bedrog, korruksie en diefstal word beskerm mits die openbaarmaking 'n beskermde openbaarmaking is (d.w.s. aan statutêre vereistes voldoen, bv. in goedertrouw). In hierdie verband is 'n dwarsliggende Beleid oor Bedagmakers op 24 Februarie 2016 aanvaar ten einde riglyne neer te lê vir daardie werknemers wat oor redelike gronde beskik dat 'n oortreding begaan is of dat daar onwelvoeglik opgetree is sodat hulle hul klagtes onder die aandag van die tersaaklike lynbestuurders, personeel wat spesifiek vir hierdie doel in die WKR aangewys is of eksterne instansies kan bring. Die geleentheid om anoniem te bly, word aan elke persoon gegun wat dade van bedrog, diefstal en korruksie wil rapporteer en indien hulle dit persoonlik sou doen, word hulle identiteit vertroulik gehou deur die persoon aan wie hulle rapporteer.

Ses bewusmakingsessies oor bedrog is in die loop van hierdie boekjaar met 179 personeellede gehou.

Wanneer bedrog of korruksie bevestig is nadat 'n ondersoek afgehandel is, word die werknemer wat aan sulke dade deelgeneem het aan 'n dissiplinêre verhoor onderwerp. In alle sodanige gevalle word daar van die WKR-verteenwoordiger wat die dissiplinêre procedures geïnisieer het, verwag om ontslag van die betrokke werknemer aan te beveel. Waar prima facie bewyse van kriminele gedrag bespeur word, word 'n kriminele saak by die SAPD aangemeld.

PFD het die volgende ten opsigte van vordering met gevalle in die loop van hierdie boekjaar gesertifiseer:

| | |
|--|----------|
| Onafgehandelde sake soos op 1 April 2015 | 4 |
| Nuwe sake gerapporteer in die loop van 2015/16 | 6 |
| Afgehandelde sake (2015/16) | (8) |
| Sake verwys (2015/16) | (2) |
| Sake geïnkorporeer (2015/16) | 0 |
| Sake geherklassifieer (2015/16) ¹² | 1 |
| Hertoegewese sake (2015/16) | 0 |
| Onafgehandelde sake soos op 31 Maart 2016 | 1 |

Die tabel hieronder verskaf meer besonderhede oor die afgehandelde sake waarna hierbo verwys word:

| Resultaat van afgehandelde sake | |
|--|--------------|
| Resultaat | Getal |
| Bewerings gesubstansieer | 2 |
| Een voorlopige ondersoek sonder bevindinge | 3 |
| Een voorlopige ondersoek sonder bevindinge maar met aanbevelings | 3 |

¹² Dié saak is vir uitklaring na die departement terugverwys; gevvolglik is die stand van die saak na "moet nog begin" verander.

4. MINIMALISERING VAN BOTsing VAN BELANGE

'n Hoë standaard van professionele etiek moet in die staatsdiens bevorder en gehandhaaf word. Met hierdie doel voor oë word daar van alle lede van die senior bestuursdiens (SBD) verwag om ingevolge hoofstuk 3 van die Staatsdiensregulasies die besonderhede van al hul regstreerbare belang aan die uitvoerende gesag te openbaar. Hoofstuk 3 het ten doel om enige botsing van belang te identifiseer ten einde te verseker dat amptenare in senior poste billik en regverdig optree en sodoende die staatsdiens teen optrede te beskerm wat nadeling vir sy funksionering kan wees. Sulke openbaarmakings vind jaarliks plaas. Indien enige botsing van belang sou opduik, sal daarmee gehandel word ooreenkomsdig die Staatsdiensregulasies en verwante voorskrifte.

Werknemers wat werk buite die staatsdiens teen vergoeding wil verrig (RWOPS), moet ooreenkomsdig goedgekeurde provinsiale beleid wat RWOPS reguleer hiervoor aansoek doen. Alle aansoeke moet skriftelik geskied en moet, onder andere, die aard en omvang aandui van die besoldigde werk wat verrig gaan word, met inbegrip van die werkstyle/ure en hoe dit met die normale pligte wat deur die werknemer in die staatsdiens verrig word, verband hou (moontlike botsing van belang of redes tot kommer). Sulke aansoeke is dan onderhewig aan hersiening. Werknemers moet ooreenkomsdig die provinsiale beleid jaarliks aansoek doen. Waar nienakoming bespeur word, sal daar met sulke gevalle ooreenkomsdig die beleid gehandel word en, waar gepas, ooreenkomsdig die staatsdiens se dissiplinêre kode en procedures. Die Departement het 'n dokument ontwikkel waarin riglyne vervat is ten einde nakoming van die Staatsdienswet, staatsdiensregulasies en provinsiale beleid te verseker en het in hierdie verband vier kapasiteitsbousessies vir die Direktoraat Fasiliteitsbestuur en Gehalteemontering aangebied met die oog daarop om begrip rondom hierdie beleidsraamwerk te bevorder. Voorts is kwartaallikse nuusflitse aan interne personeel versprei om hulle begrip en nakoming van hierdie regulatoriese raamwerk te verbeter.

Beampies wat 'n ogie oor etiek hou, is deur die uitvoerende gesag aangestel met die doel om nakoming ten opsigte van openbaarmakings te moniteer. Met die oog daarop om botsende belang in VKB-prosesse uit te skakel, is VKB-praktisyens en lede van tenderkomitees attent gemaak op hul etiese verpligtinge. Voorts is gedragskodes deur lede van tenderkomitees sowel as VKB-praktisyens onderteken. Wanneer enige tender of aanbod oorweeg, aanvaar of toegegewys word, moet alle lede hulle belang verklaar deur 'n vorm te voltooi en te onderteken. Voorts moet hulle verklaar dat hulle nie doelbewus enigeen in die besluitnemingsproses sal bevoordeel nie.

Ter nakoming van die Staatsdienswet en die Staatsdiensregulasies is 'n dwarsliggende beleid rakende geskenke aanvaar. Dienooreenkomsdig het die Departement sy register van geskenke en donasies toegepas, met skriftelike verklarings wat in alle gevalle vereis word.

'n Etiekkomitee vir navorsing is in 2009 op die been gebring met die oog daarop om departementele navorsing te bevorder wat eties gegrond is. Hierdie komitee is ook gemandateer om 'n beleid rakende navorsingsetiek te ontwikkel, en hierdie beleid word as riglyn gebruik wanneer navorsing ook al onderneem word.

5. GEDRAGSKODE

Die gedragskode vir die staatsdiens, soos ingesluit by hoofstuk 2 van die Staatsdiensregulasies is die "aanvaarde" kode. Die gedragskode –

- Lé norme en standaarde neer ter bevordering van integriteit, doeltreffende en doelmatige dienslewering aan die publiek;
- Is 'n stel standaarde wat die gedrag beskryf wat ons van ons werknemers verwag;

- Begelei werknemers in wat eties van hulle verwag word, beide in hul individuele optrede en hul verhouding met ander; en
- Daar word van alle werknemers verwag om die gedragskode na te kom.

Bewusmaking rondom die Gedragskode is bevorder via die induksie-opleiding wat vir nuwe werknemers, interns en 218 personeellede aangebied is sowel as by wyse van nuusflitse wat aan alle personeellede oorgedra is. Die Dissiplinäre Kode en Prosedures vir die Staatsdiens word gebruik om aanvaarbare gedrag te bevorder en om onaanvaarbare gedrag af te weer en te korrigier.

6. GESONDHEID, VEILIGHEID EN OMGEWINGSKWESSIES

Beroepsgesondheid en -veiligheid (BGV)

In die loop van die 2015/16-boekjaar het die departementele beroepsgesondheid- en -veiligheidskomitee, wat uit lede van die departement se hoofkantoor, streke, plaaslike kantore en fasiliteite saamgestel is, alle beplande kwartaallikse vergaderings gehou. Met die oog daarop om kommunikasie te vergemaklik en 'n interne protokol vir die rapportering van insidente te ontwikkel, het die departement 'n omsendskrywe uitgereik waarin voorgeskrewe verslagdoeningsprosedures vir die voorkoms van veiligheid- en sekuriteitsverwante insidente vervat is.

Ten einde die kapasiteit van aangewese amptenare deurlopend te ontwikkel en op te bou, is opleiding vir noodhulp-, vloer- en brandbeampies aangebied. Sestig (60) beampies het by hierdie intervensies gebaat.

Drie (3) van die Departement se plaaslike kantore is deur die Departement van Arbeid (DvA) vir nakoming ten opsigte van beroepsgesondheid- en veiligheid geïnspekteer. Die foute wat geïdentifiseer is, is weens die powere instandhoudingsdiens wat van die DVOW ontvang is en hierdie kantore is met sluiting gedreig. Onderhandelings met die DvA het tot en met jaareinde geduur. Ondanks hierdie probleme dien dit vermeld te word dat die departement baie goed gevaaer het tydens die BGV-audit wat deur die Departement van Gemeenskapsveiligheid (DvGV) gedurende hierdie tydperk uitgevoer is.

Sekuriteit:

Aangeleenthede verwant aan inligting- en fisiese sekuriteit is steeds bo-aan die Departement se prioriteitslys. Sy ten volle funksionele sekuriteitskomitee het op die uitslae gereageer van die inligtingsekuriteitbeoordeling wat deur die staat se sekuriteitsagentskap uitgevoer is. Met die hulp van die agentskap het die sekuriteitskomitee 'n sekuriteitsplan vir die departement ontwikkel en hierdie plan is in die loop van die oorsigtijdperk goedgekeur. Om die Departement te help om redelike sekerheid te bied rakende sy gereedheid om op enige onvoorsiene groot onderbreking van sy funksionering te reageer, is 'n sakekontinuïteitsplan gefinaliseer en goedgekeur. Hierdie plan help die departement om te verstaan tot watter mate hy daartoe in staat is om kritieke sakeprosesse en dienste voort te sit na afloop van ontwrigtende gebeure.

Na aanleiding van die sekuriteit- en veiligheidsevaluering/audit wat deur die tersaaklike nasionale owerhede uitgevoer is, neem die Departement nou ook aan die jaarlike remediërende interne sekuriteit/veiligheidsevaluering deel wat deur die DvGV uitgevoer word. Die Departement verbeter steeds sy punte in alle areas wat vir remediërende optrede in hierdie regstellende evalueringe uitgewys is.

Alhoewel die Departementele Sekuriteitskomitee die veiligheidskeuring van aangewese personeelkategorieë prioritiseer, belemmer probleme wat deur die Staatsekuriteitsagentskap

ten opsigte van die bespoediging van veiligheidskeuring ervaar word die Departement se vermoë om ten volle hieraan te voldoen. Gedurende die oorsigtydperk het die DvGV sekuriteitsevaluering by 19 van die DMO se kantore/fasilitete uitgevoer. Hulle aanbevelings word tans by die tersaaklike kantore geïmplementeer. Alle departementele sekuriteit-, gesondheid- en veiligheidsbeleide is hersien en goedgekeur.

7. PORTEFEULJEKOMITEES

| Datum | Kwessie | Departementele respons | Staande komitee |
|------------------|---|--|------------------------|
| 29 Mei 2015 | Die departement lig die staande komitee in oor: a) Programme vir middelmisbruik, voorkoming en rehabilitering; en b) programme vir armoedeeverligting en volhoubare lewensmiddelle. | Die departement het op 29 Mei 2015 'n inligtingsessie met die staande komitee gehou. | Gemeenskapontwikkeling |
| 29 Junie 2015 | Kennisgewing van 'n oorsigbesoek aan Khayelitsha op 21 Julie 2015. | Die komitee het die kantoor op 21 Julie 2015 besoek. | Gemeenskapontwikkeling |
| 30 Junie 2015 | Tydens die inligtingsessie wat op 25 Junie gehou is om die staande komitee oor gemeenskapontwikkeling in te lig, het die komitee besluit dat die departement die volgende dokumente moet verskaf: c) Lys van programme vir volhoubare lewensmiddelle per munisipale geografiese gebied, waar hierdie programme gesetel is en die begroting per projek; d) Details van die proses waarvolgens mense vir die program vir volhoubare lewensmiddelle, UOWP-program en die SASSA-noodlenigingsfonds aansoek doen; e) 'n Omvattende verslag oor hoe die departement beplan om die gapings uit te wis wat in die middelmisbruikprogram uitgewys is; f) Monitering van en verslagdoening oor programme – hoe die departement die verslag hanteer en wat gebeur nadat die departement die verslag ontvang het; en g) Name van OSW's wat behandelingsprogramme vir middelmisbruik in Elsiesrivier aanbied na die sluiting van die Tehillah-behandelingsentrum. Waar gemeenskapslede in die omstreke van Elsiesrivier hulp kan kry of waarheen hulle verwys kan word. | Die inligting en dokument wat versoek is, is op 14 Julie 2015 aan die komitee se koördineerder voorgelê. | Gemeenskapontwikkeling |
| 7 Augustus 2015 | Die departement het die staande komitee oor die departement se kwartaallikse prestasieverslae vir die tydperk Januarie – Junie 2015 ingelig. | Die Departement het op 25 Augustus 2015 'n inligtingsessie met die komitee gehou. | Gemeenskapontwikkeling |
| 25 Augustus 2015 | Kennisgewing van 'n oorsigbesoek aan Nuwe Hoop-sentrum in Worcester op 1 September 2015. | Die Komitee het die sentrum op 1 September 2015 besoek. | Gemeenskapontwikkeling |
| 1 September 2015 | Kennisgewing van 'n oorsigbesoek aan Saartjie Baartman-sentrum vir mishandelde vroue en kinders op 8 September 2015. | Die komitee het die Saartjie Baartman-sentrum vir mishandelde vroue en kinders | Gemeenskapontwikkeling |

| Datum | Kwessie | Departementele respons | Staande komitee |
|-----------------|---|---|------------------------|
| | | op 8 September 2015 besoek. | |
| 12 Oktober 2015 | Tydens die inligtingsessie wat op 25 Augustus 2015 met die staande komitee oor gemeenskapontwikkeling gehou is, het die komitee aanbeveel dat: <ul style="list-style-type: none"> a) Die DMO dit moet oorweeg om 'n nuwe Jeugkafee in die omstreke van Westridge in Mitchells Plain te open. Lede was van mening dat die beplande Nyanga Junction-jeugkafee nie te ver van die Vanguard-jeugkafee is nie. | Die Departement neem kennis van die aanbeveling wat deur die komitee gemaak is. | Gemeenskapontwikkeling |
| | Tydens die inligtingsessie wat op 25 Augustus 2015 gehou is om die staande komitee oor gemeenskapontwikkeling in te lig, het die komitee besluit dat die departement die volgende dokumente moet verskaf: <ul style="list-style-type: none"> a) 'n Afskrif van die maatskaplike mobiliseringsprogram met datums van komende geleenhede; en b) 'n Memorandum van verstandhouding (MvV) tussen die Stad Kaapstad en DMO rakende die oprigting van Jeugkafees in die provinsie. | Die inligting en dokument wat versoek is, is op 16 Oktober 2015 aan die komitee se koördineerder voorgelê. | Gemeenskapontwikkeling |
| 3 November 2015 | Tydens die inligtingsessie wat op 13 Oktober 2015 met die staande komitee oor gemeenskapontwikkeling gehou is, het die komitee aanbeveel dat: <ul style="list-style-type: none"> a) Om navorsing te doen oor hoe die regering se befondsing vir middelmisbruikprogramme na behore aangewend kan word en 'n beduidende impak op die lewens van mense in die provinsie kan hê; b) dat klem in die komende boekjaar op programme vir VKO geplaas moet word; en c) om met die DvdP te skakel oor die aanstelling van die kommissaris vir kinders. | Die Departement neem kennis van die aanbeveling wat deur die komitee gemaak is. | Gemeenskapontwikkeling |
| | Tydens die inligtingsessie wat op 13 Oktober 2015 gehou is om die staande komitee oor gemeenskapontwikkeling in te lig, het die komitee besluit dat die departement die volgende dokumente moet verskaf: <ul style="list-style-type: none"> a) Die getal personeellede wat belas is met versekering en die aftrekking van loonbeslagbevele soos op bladsy 11 van die jaarverslag uitgewys; b) 'n Verslag oor die proses en vordering met die modernisering van distrikskantore wat deur streekskantore vervang gaan word; c) 'n Uiteensetting van die getal kinders wat met hul gesinne of met alternatiewe versorgers herenig is soos per bladsy 68 van die jaarverslag; en | Die inligting en dokument wat versoek is, is op 30 November 2015 aan die komitee se koördineerder voorgelê. | Gemeenskapontwikkeling |

| Datum | Kwessie | Departementele respons | Staande komitee |
|-------------------|--|--|-------------------------|
| | d) 'n Uiteensetting per streek van die agterstand wat met pleegsorg in die provinsie ervaar word. | | |
| 3 November 2015 | Uitnodiging aan die Departement om die komitee op 23 November 2015 oor die Wes-Kaapse Aangesuiwerde Begrotingswet (Pos 7) in te lig. | Die Departement het 'n inligtingsessie met die komitee gehou. | Gemeenskap-ontwikkeling |
| 18 Februarie 2016 | Tydens die inligtingsessie wat op 2 Februarie 2016 met die staande komitee oor gemeenskapontwikkeling gehou is, het die komitee aanbeveel dat: <ul style="list-style-type: none"> a) Die Departement met die Departement van Plaaslike Regering moet saamwerk om te verseker dat takke van die hulpkantoor vir mense met gestremdhede by alle munisipaliteite in die provinsie gevestig word ten einde te verseker dat hierdie kantoor se dienste binne bereik van mense is. | Die Departement neem kennis van die aanbeveling wat deur die komitee gemaak is. | Gemeenskap-ontwikkeling |
| | Tydens die inligtingsessie wat op 2 Februarie 2016 gehou is om die staande komitee oor gemeenskapontwikkeling in te lig, het die komitee besluit dat die Departement die volgende dokumente moet verskaf: <ul style="list-style-type: none"> a) 'n Uiteensetting van alle befondsde maatskaplike diensorganisasies/omvanging van dienste en waar hulle ten opsigte van dorpe geleë is; b) 'n Verslag oor die bevindinge van die interregeringsforum oor gestremdheid; en c) 'n Omvattende voorlegging oor die memorandums van verstandhouding tussen die DMO en ander vennote in die Wes-Kaap. Tydens die vergadering op 2 Februarie 2016, het die komitee versoek dat die Departement die aanbieding hersien. Lede was van mening dat die aanbieding nie omvattend genoeg is nie, dat die inhoud vaag is en dat lede dit nie kon gebruik om die aangeleentheid na behore te oorweeg nie. | Die inligting en dokument wat versoek is, is op 07 Maart 2016 aan die komitee se koördineerder voorgelê. | Gemeenskap-ontwikkeling |
| 3 Februarie 2016 | Kennisgewing van 'n oorsigbesoek aan Open Circle in Maitland op 9 Februarie 2016. | Die komitee het Open Circle in Maitland op 9 Februarie 2016 besoek. | Gemeenskap-ontwikkeling |
| 15 Maart 2016 | Tydens die inligtingsessie wat op 15 Maart 2016 met die staande komitee oor gemeenskapontwikkeling gehou is, het die komitee aanbeveel dat: <ul style="list-style-type: none"> a) Die departement die komitee ingelig hou oor hoe hy die regstreekse UOWP-toekenning van R9.916 miljoen gaan bestee. | Die departement neem kennis van die aanbeveling wat deur die komitee gemaak is. | Gemeenskap-ontwikkeling |

| Datum | Kwessie | Departementele respons | Staande komitee |
|-------|--|--|------------------------|
| | <p>Tydens die inligtingsessie wat op 15 Maart 2016 gehou is om die staande komitee oor gemeenskapontwikkeling in te lig, het die komitee besluit dat die departement die volgende dokumente moet verskaf:</p> <ul style="list-style-type: none"> a) 'n Lys van die 10 proefpersele waar VKO-programme gevestig word. Dit hou verband met bladsy 298 van 2016 se begrotingsramings ten opsigte van provinsiale inkomste en uitgawes; b) 'n Lys van die 10 geïdentifiseerde hoërisikoskole wat by die skoolgebaseerde dwelmbehandelingsprogram baat; c) 'n Volledige verslag oor/uiteensetting van die bedryfsbegroting van elk van die Jeugkafees, en in die besonder hoeveel dit kos om 'n Jeugkafee te bedryf; d) 'n Lys van 25 befondsde OSW's wat dienste aan die jeug verskaf. Hierdie lys moet duidelik meld watter programme deur elk van die OSW's verskaf word; e) 'n Verslag oor die ekstra 10 befondsde fasiliteite van die Open Circle by die Alexandra-hospitaal in Maitland; en f) 'n Volledige verslag oor die programme wat help om vroue te bemagtig, insluitend hoeveel vroue in die 2014/15-boekjaar aan die programme deelgeneem het. | Die inligting wat versoek is, is op 31 Maart 2016 aan die komitee se koördineerder voorgelê. | Gemeenskapontwikkeling |

8. Staande Komitee oor Openbare Rekeninge (SKOOR)-RESOLUSIES

Die komitee het kennis geneem van die Ouditeur-generaal se mening rakende die Departement se finansiële jaarstate vir die 2014/15-boekjaar, naamlik dat 'n "skoon audit" verklaar is. Hierdie auditmening is positief gehandhaaf sedert die 2013/14-boekjaar toe die Departement ook 'n "skoon audit"-mening ontvang het.

Die het R1,734 miljard van 'n begroting van R1,758 miljard bestee, wat neerkom op 'n onderbesteding van R23,826 miljoen soos op bladsy 147 van die jaarverslag weerspieël. Die onderbesteding hou verband met Program Een: Administrasie ten bedrae van R17, 925 miljoen, waarvan R15, 870 miljoen uit kapitaalonderbesteding voortgespruit het.

Alhoewel die Departement sy wesentlike wanvoorstellings in die jaarlikse prestasieverslag reggestel het wat vir die ouditering van die gerapporteerde prestasie-inligting van Program Drie: Kinders en Gesinne ingedien is, raai die komitee die Departement aan om te verseker dat hy sy inligting verifieer wanneer sy verslag aan die Ouditeur-generaal van Suid-Afrika vir ouditeringsdoeleindes voorgelê word.

Daar word kennis geneem dat die Departement, soos deur die komitee in sy evaluering van 2013/14 se jaarverslag uitgewys is, sy aandrywers vir interne beheer verbeter het, wat verband hou met die oorsigverantwoordelikheid, en beleide en procedures, wat 'n leierskapfunksie is, sowel as sy rekordhouding-, prosessering- en rekonsiliasiemaatreëls.

| Resolusie-nommer | Onderwerp | Besonderhede | Departement se respons | Datum vir inwerkingstelling | Opgelos Ja/Nee |
|------------------|--|--|---|--|----------------|
| 1. | Bladsy: 99 van die jaarverslag Opskrif: Interne Audit Beskrywing: Die komitee merk dat die Ouditkomitee besorg is oor die toereikendheid van interne-oudithulpbronne wat aan die DMO toegewys is. | Die komitee het daartoe ingestem dat: Interne Audit die Komitee inlig oor die ouditdekking binne die DMO. | Inligtingsessie moet deur SKOOR geskeduleer word. | Geen datum is tot op hede van SKOOR ontvang nie. | Nee |
| 2. | Bladsye: 83 en 146 van die jaarverslag Opskrifte: Bedrog en Korrupsie en Ondersoeke Beskrywing: Die Komitee merk dat nege ondersoeke in die loop van die boekjaar deur die provinsiale forensiese dienste afgehandel is. Daar word gerapporteer dat daar aan die einde van die boekjaar steeds vier sake op die Departement se sakelys was. Voorts word daar | Dat die Provinciale Forensiese Dienste die Komitee inlig oor die nege ondersoeke wat in die loop van die 2013/14-boekjaar uitgevoer is, met inbegrip van die tydlyn en riglyne van wanneer 'n klage ontvang is totdat 'n saak afgehandel is. | Inligtingsessie moet deur SKOOR geskeduleer word. | Geen datum is tot op hede van SKOOR ontvang nie. | Nee |

| Resolusie-nommer | Onderwerp | Besonderhede | Departement se respons | Datum vir inwerkingstelling | Opgelos Ja/Nee |
|------------------|--|--|--|--|----------------|
| | kennis geneem dat, soos op 31 Maart 2015, die Provinciale Forensiese Dienste besig was om een saak te ondersoek wat met beweerde ongerymdhede ten opsigte van verkryging verband hou. | | | | |
| 3. | <p>Bladsy: 147 tot 160 van die jaarverslag</p> <p>Opskrif: Begrotingstaat</p> <p>Beskrywing: Die komitee merk ook dat die departement fondse weerhou het van organisasies sonder winsbejag wat nie die ooreengekome vereistes nagekom het nie, welke vereistes weerspieël word in die DVO wat tussen die organisasies sonder winsbejag en die departement aangegaan is. Die komitee is bekommerd dat sulke praktyke dienslewering aan gemeenskappe van die Wes-Kaap negatief sal beïnvloed.</p> | Dat die Departement 'n meganisme implementeer waarvolgens hulle organisasies sonder winsbejag wat nie aan die ooreengekome vereistes voldoen nie, van hulp kan wees om hierdie vereistes na te kom en dat die Departement die komitee inlig oor welke organisasies hulle op hierdie wyse van hulp was en watter proses in die verband gevolg is. | Datum waarteen hierdie meganisme geïmplementeer moet wees, moet bepaal word. | Geen datum is tot op hede van SKOOR ontvang nie. | Nee |
| 4. | <p>Bladsy: 179 van die jaarverslag</p> <p>Opskrif: 5.2 Skuld afgeskryf</p> <p>Beskrywing: Die komitee merk dat die Departement skuld ten bedrae van R1,071 miljoen afgeskryf het. Dit was weens skuld wat deur voormalige werknemers aangegaan is sowel as vrugtelose en verkwistende uitgawes.</p> | Dat die departement die komitee inlig oor die skuld wat gedurende die 2014/15-boekjaar afgeskryf is en al die weë wat gevolg is om die skuld te verhaal. | Inligtingsessie moet deur SKOOR geskедuleer word. | Geen datum is tot op hede van SKOOR ontvang nie. | Nee |

9. VORIGE WYSIGINGS AAN OUDITVERSLAE

| Aard van kwalifisering, vrywaring, ongunstige mening en aangeleenthede wat met nienakoming verband hou | Boekjaar waarin dit die eerste keer opduik | Vordering gemaak met die uitwissing/oplossing van die aangeleenthed |
|--|--|--|
| <p>Ouditmening: Ongekwalifieerde gevolgtrekking oor die bruikbaarheid en betrouwbaarheid van gerapporteerde prestasie-inligting – Program 2: Maatskaplike welsynsdienste</p> <p>Aard van beklemtoning: Voorafbepaalde doelwitte</p> <ul style="list-style-type: none"> Ongekwalifieerde gevolgtrekking oor bruikbaarheid en betrouwbaarheid Maatskaplike welsynsdienste se gerapporteerde prestasie-inligting is, ooreenkomsdig die geïdentificeerde raamwerk vir die bestuur van en verslagdoening oor prestasie, in alle wesenlike aspekte bruikbaar en betrouwbaar. <p>Ouditmening: Ongekwalifieerde gevolgtrekking oor die bruikbaarheid en betrouwbaarheid van gerapporteerde prestasie-inligting – Program 3: Kinders en Gesinne</p> <p>Aard van beklemtoning: Voorafbepaalde doelwitte</p> <ul style="list-style-type: none"> Ongekwalifieerde gevolgtrekking oor bruikbaarheid en betrouwbaarheid Program 3: Kinders en Gesinne se gerapporteerde prestasie-inligting is, ooreenkomsdig die geïdentificeerde raamwerk vir die bestuur van en verslagdoening oor prestasie, in alle wesenlike aspekte bruikbaar en betrouwbaar. <p>Ouditmening: Ongekwalifieerde gevolgtrekking oor die bruikbaarheid en betrouwbaarheid van gerapporteerde prestasie-inligting – Program 5: Ontwikkeling en Navorsing</p> <p>Aard van beklemtoning: Voorafbepaalde doelwitte</p> <ul style="list-style-type: none"> Ongekwalifieerde gevolgtrekking oor bruikbaarheid en betrouwbaarheid Program 5: Ontwikkeling en Navorsing se gerapporteerde prestasie-inligting, is ooreenkomsdig die geïdentificeerde raamwerk vir die bestuur van en verslagdoening oor prestasie, in alle wesenlike aspekte bruikbaar en betrouwbaar. Bereiking van beplande teikens Die OG het wesentlike wanvoorstellings bespeur in die jaarlikse prestasieverslag wat vir ouditering voorgelê is ten opsigte van die gerapporteerde inligting wat met program 2: Maatskaplike welsynsdienste verband hou. | 2014/15 | - |
| | | Aangesien bestuur sedertdien die wanvoorstellings reggestel het, het die OG geen wesentlike bevindinge oor die betrouwbaarheid van gerapporteerde prestasie-inligting geopper nie. |

10. INTERNEBEHEEREENHEID

Tydens die oorsigjaar het hierdie eenheid in hoofsaak daarop gefokus om goeie bestuursbeheer en gewaarborgde dienste te verseker sowel as om verliese te beperk.

Goeie Staatsbestuur

Die Departement het die volgende funksies ten opsigte van interne beheer verrig:

- Die implementering van 'n ten volle webgebaseerde stelsel of E-GAP-toepassing ("Electronic Governance Action Plan") wat verslae oor historiese data en tendense moontlik maak sowel as 'n sentrale inligtingsbiblioteek wat omkeertye bespoedig en dit moontlik maak om kennis te deel en prosesse te verbeter.
- Monitering van die implementering van interne en eksterne ouditaanbevelings sowel as daardie van die MPAT.
- Koördinering van die Komitee vir Ondernemingrisikobestuur se vergaderings.

Waarborgdienste

In die loop van die oorsigjaar is die volgende deur die Departement verrig:

- Twee (2) inspeksies by streekskantore: een (1) in die Eden-Karoo-streek en een (1) in die Weskusstreek;
- Verifiëring van betalings ná prosessering ten einde geldigheid en akkuraatheid te bepaal;
- Die Departement maak gebruik van die CIPRO-stelsel (Companies and Intellectual Properties Commission) om DMO-personeel te identifiseer wat bande het met verskaffers wat binne streke en fasiliteite sake met die Departement doen;
- Alle dokumente is ter wille van veilige bewaring geskandeer en as 'n maatreël om misplasing en dubbele betalings te voorkom.

Verliesbeheer en Bedrog

- Die Departement maak gebruik van die ORACLE-verliesbeheerstelsel om verliese weens diefstal, skade, ens. te beheer;
- Die departement herken die volgende belanghebbers, naamlik die SAPD, SKD-regsdienste, SMV en PT in die finalisering van aangeleenthede;
- Gedurende die oorsigtydperk is 703 sake gefinaliseer.

11. INTERNE OUDIT- EN OUDITKOMITEES

Interne audit voorsien bestuur van onafhanklike, objektiewe versekering en raadplegende dienste wat ontwerp is om waarde tot die deurlopende verbetering van die departement se bedrywigheide te voeg. Dit help die departement om sy doelwitte te behaal deur 'n sistematiese, gedissiplineerde benadering tot die evaluering en verbetering van die doeltreffendheid van bestuurtoesig, risikobestuur en beheerprosesse daar te stel. Die volgende vername aktiwiteit is in hierdie verband verrig:

- Evaluering en maak van gepaste aanbevelings vir verbetering van die bestuurtoesigprosesse ten einde die departement se doelwitte te behaal;
- Evaluateer die toereikendheid en doeltreffendheid van en lewer 'n bydrae tot die verbetering van die risikobestuursproses;
- Hulpverlening aan die rekenpligtige beampete om die doeltreffendheid en doelmatigheid van beheermaatreëls te handhaaf deur daardie beheermaatreëls te evaluateer ten einde hulle doeltreffendheid en doelmatigheid te bepaal en aanbevelings ter versterking en verbetering te ontwikkel.

Die volgende betrokkenheid ten opsigte van waarborgs is in 2015/16 se interne-ouditplan goedgekeur:

- Kinder-en-jeugsorgsentrums;
- Bestuur van streek- en plaaslike kantore;

- Oordragbetalings;
- Prestasie-inligting.

Die volgende raadplegende betrokkenheid is in 2015/16 se interne-ouditplan goedgekeur:

- Fasilitetsbestuursraad.

Die Ouditkomitee is as 'n oorsigliggaam daargestel en verskaf onafhanklike oorsig oor bestuursbeheer, risikobestuur en beheerprosesse in die departement waarby oorsig en verantwoordelikhede verwant aan die volgende ingesluit is:

- Interne-ouditfunksie;
- Eksterne-ouditfunksie (Ouditeur-generaal van Suid-Afrika – OGSA);
- Departementele boekhouding en rapportering;
- Departementele rekeningkundige beleid;
- Hersiening van OGSA se bestuur- en ouditverslag;
- Hersiening van departementele in-jaar-monitering;
- Departementele risikobestuur;
- Interne beheer;
- Voorafbepaalde doelwitte;
- Etiek en forensiese ondersoeke.

Tersaaklike inligting oor die auditkomiteelede word in die tabel hieronder openbaargemaak:

| Naam | Kwalifikasies | Intern of ekstern | Indien intern, pos in die departement | Datum aangestel | Datum bedank | Getal vergaderings bygewoon |
|-------------------------|--|-------------------|---------------------------------------|---|---|-----------------------------|
| Mnr. Ronnie Kingwill | GR(SA); CTA; BCom | Ekstern | n.v.t. | 01 Januarie 2013 (2 ^{de} termyn) | 2 ^{de} termyn het op 31 Desember 2015 verstryk | 7 |
| Mnr. Mervyn Burton | GR(SA); CFP; B Compt (Hons); B Compt; | Ekstern | n.v.t. | 01 Januarie 2015 (2 ^{de} termyn) | n.v.t. | 8 |
| Me. Judy Gunther | CIA; AGA; CRMA, Meesters in Kosteberekening; BCompt | Ekstern | n.v.t. | 01 Januarie 2016 (2 ^{de} termyn) | n.v.t. | 8 |
| Mnr. Louw van der Merwe | GR(SA); ACMA; CIA; CISA; CRMA | Ekstern | n.v.t. | 01 Januarie 2013 (2 ^{de} termyn) | 2 ^{de} termyn het op 31 Desember 2015 verstryk | 7 |
| Mnr. Francois Barnard | MComm (Belasting); GR(SA); Nagraadse Diploma in Ouditkunde; CTA BCompt (Honneurs); BProc | Ekstern | n.v.t. | 01 Januarie 2016 (2 ^{de} termyn) | n.v.t. | 8 |
| Mnr. Ameen Amod | MBA, CIA, CGAP, CRMA; BCom (Hons) | Ekstern | n.v.t. | 01 Januarie 2016 | n.v.t. | 1 |

12. VERSLAG VAN DIE OUDITKOMITEE

Ons lê met genoeë ons verslag vir die boekjaar geëindig 31 Maart 2016 voor.

Ouditkomitee se verantwoordelikhede

Die Ouditkomitee rapporteer dat dit sy verantwoordelikhede voortspruitend uit artikel 38(1)(a)(ii) van die Wet op Openbare Finansiële Bestuur en Tesourieregulasie 3.1.13 nagekom het. Die Ouditkomitee rapporteer voorts dat dit gepaste formele opdragte as sy ouditkomiteehandves aanvaar het, sy sake in nakoming van hierdie handves gereguleer het en al sy verantwoordelikhede uitgevoer het soos daarin vervat, behalwe dat ons nie veranderings aan rekeningkundige beleide en praktyke hersien het nie.

Die doeltreffendheid van interne beheer

Ons hersiening van die bevindinge van die interne-ouditwerk, wat gegronde was op die risiko-evaluering wat in die departement uitgevoer is, het sekere tekortkominge onthul, wat daarna met die departement opgeneem is.

Die volgende interne-ouditwerk is in die loop van die oorsigaar afgehandel:

- Kinder-en-jeugsorgsentrums;
- Bestuur van streek- en plaaslike kantore;
- Oordragbetalings;
- Prestasie-inligting.

Konsultasie Sessie:

- Fasiliteitsbestuursraad

Die areas vir verbetering, soos aangedui deur interne audit gedurende uitvoering van hul werk, is ooreengekom om deur die bestuur. Die Ouditkomitee moniteer die implementering van die ooreengekome optrede op 'n kwartaallikse basis.

In-jaar-bestuur en maandelikse/kwartaallikse verslag

Die Ouditkomitee is tevreden met die inhoud en gehalte van die kwartaallikse in jaar bestuur en prestasie verslae uitgereik gedurende die jaar onder oorsig deur die Rekenpligtige Beampete van die Departement in terme van die Nasionale Tesourieregulasies en die Verdeling van Inkomste.

Evaluering van finansiële state

Die Ouditkomitee het:

- hersien en bespreek die geauditeerde finansiële jaarstate wat ingesluit moet word in die jaarverslag, met die Ouditeur-Generaal Suid-Afrika (OGSA) en die Rekenpligtige Beampete;
- hersien OGSA se Bestuursverslag en Bestuur se antwoorde daarop;
- veranderinge aan rekeningkundige beleid en praktyke soos gerapporteer in die Finansiële Jaarstate;
- hersien materiaal aanpassings as gevolg van die Departement se audit.

Nakoming

Die Ouditkomitee het prosesse van die Departement hersien vir die nakoming van wetlike en regulerende bepalings. (Upbove paragraph was not previously included.)

Prestasie-Inligting

Die Ouditkomitee het die inligting oor voorafbepaalde doelwitte hersien soos gerapporteer in die jaarverslag.


Ouditeur-generaal se Verslag

Ons het op 'n kwartaallikse grondslag hersien van die Departement se implementeringsplan vir oudit kwessies, wat in die vorige jaar plaas gevind het. Die Auditkomitee het met die OGSA vergaders om te verseker dat daar geen onopgeloste aangeleenthede is, wat uit die regulerende audit. Regstellende optrede oor die gedetailleerde bevindinge wat deur OGSA geïdentifiseer het, is gemonitor deur die Auditkomitee op 'n kwartaallikse basis.

Die Auditkomitee stem saam met en aanvaar die OGSA se mening oor die Finansiële Jaarstate en stel voor dat hierdie geouditeerde finansiële jaarstate aanvaar en is saamgelees met hulle verslag. Die Auditkomitee prys die Departement vir die handhawing van 'n ongekwalifiseerde ouditmening met geen wesentlike bevindings.

Waardering

Die Auditkomitee wil graag sy waardering uitspreek teenoor die bestuur van die Departement, die OGSA en die WCG Korporatiewe Versekerings Takkie vir die samewerking en inligting wat hulle verskaf het om ons in staat stel om hierdie verslag op te stel.



Ameen Amod

Voorsitter van die Maatskaplike Kluster se Auditkomitee

Departement van Maatskaplike Ontwikkeling van Kultuursake en Sport

Datum: 05 Augustus 2016

DEEL D: MENSEHULPBRONBESTUUR

DEEL D: MENSEHULPBRONBESTUUR

1. WETGEWING WAT MENSEBESTUUR REGULEER

Die inligting wat in hierdie deel verskaf word, beskryf die Staatsdiensregulasies (hoofstuk 1, deel III J.3 en J.4).

Benewens die Staatsdiensregulasies, 2001 (soos gewysig op 01 Maart 2013), begelei die volgende voorskrifte die bestuur van mensehulpbronne (MH) binne die staatsdiens:

- **Wet op Beroepsgesondheid en Veiligheid, 1993 (Wet 85 van 1993) (soos gewysig deur Wet 181 van 1993)**

Om bepalings neer te lê vir die gesondheid en veiligheid van persone by die werk en vir die gesondheid en veiligheid van persone namate dit verband hou met die gebruik van toerusting en masjinerie; die beskerming van persone anders as persone by die werk teen gevare vir gesondheid en veiligheid wat uit die aktiwiteite van persone by die werk voortspruit of daarmee verband hou; om 'n adviesraad vir BGV te stel; en om bepalings neer te lê vir aangeleenthede wat daarmee verband hou.

- **Staatsdienswet, 1994 (Wet 103 van 1994)(soos gewysig deur Wet 30 van 2007)**

Om bepalings neer te lê vir die organisasie en administrasie van die staatsdiens, die regulering van diensvoorraarde, ampstermyne, discipline, aftrede en ontslag van lede van die staatsdiens, en aangeleenthede wat daarmee verband hou.

- **Wet op Arbeidsverhoudinge, 1995 (Wet 66 van 1995) (soos gewysig deur Wet 6 van 2014)**

Om die werkgewer in die erkenning en vervulling van sy rol in die bewerkstelliging van arbeidsvrede en die demokratisering van die werkplek te reguleer en te begelei; sowel as om bepalings neer te lê vir 'n raamwerk waarin werknemers en hul vakunies, werkgewers en werkgewerorganisasies kollektief kan beding en 'n bedryfsbeleid kan formuleer; en om ordelike kollektiewe bedinging (ook op sektorale vlak), werknemers se deelname aan besluitneming in die werkplek (d.w.s. die daarstelling van werkplekforums) en die doeltreffende beslegting van arbeidsgeskille te bevorder.

- **Wet op Basiese Diensvoorraarde, 1997 (Wet 75 van 1997) (soos gewysig deur Wet 20 van 2013)**

Om die reg tot billike arbeidspraktyke, soos na verwys in artikel 23(1) van die Grondwet, tot uitvoer te bring deur basiese diensvoorraarde daar te stel en bepalings daarvoor neer te lê en om sodoende aan die Republiek se verpligtinge as 'n lid van die Internasionale Arbeidsorganisasie te voldoen; en om bepalings neer te lê vir aangeleenthede wat daarmee verband hou.

- **Wet op Vaardigheidsontwikkeling, 1998 (Wet 97 van 1998) (soos gewysig deur Wet 26 van 2011)**

